DIE LAERSKOOLKIND SE VERWERKING VAN EGSKEIDING DEUR 'N SPELTERAPEUTIESE TEGNIEK

deur

LOUISE JANKOWITZ

voorgelê ter vervulling van 'n deel
van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM
in
MAATSKAPLIKE WERK
(SPELTERAPIE)

in die
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria

STUDIELEIER: DR. J.M.C. JOUBERT

PRETORIA **OKTOBER 2005**

© University of Pretoria

OPGEDRA AAN ALLE LAERSKOOLKINDERS IN EGSKEIDINGSITUASIES

DANKBETUIGINGS

By voltooiing van hierdie skripsie gaan alle eer aan my Hemelse Vader. Ek wil graag my dank aan die volgende persone betuig.

- My studieleier, Dr Joubert vir haar bekwame leiding.
- Vir Dr Schoeman wat die wêreld van die kind vir my oopgemaak het.
- Die vyf laerskoolkinders wat bereid was om deel te neem aan die navorsingstudie.
- Mevrou Meeser vir haar noukeurige taalversorging.
- My eggenoot, Karel vir al sy liefde, ondersteuning en geduld met die studies.
- My kind, Danie vir al die ure wat hy moes opoffer as gevolg van die studies.
- Al my kollegas en vriende wat soveel omgee.

© University of Pretoria

OPSOMMING

DIE LAERSKOOLKIND SE VERWERKING VAN EGSKEIDING DEUR 'N SPELTERAPEUTIESE TEGNIEK

deur
LOUISE JANKOWITZ

STUDIELEIER
DR. J.M.C. JOUBERT

DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK
M.A. (MW) Spelterapie

Die navorsing het gehandel oor die verwerking van egskeiding deur die laerskoolkind. Die behoefte om navorsing oor die onderwerp te doen, het sy ontstaan in die navorser se privaat praktyk gehad. Die doel van die studie was om die laerskoolkind met behulp van spelterapie te help om die egskeiding te verwerk.

Vyf laerskoolkinders betrokke by egskeiding is deur middel van 'n nie-ewekansige doelgerigte steekproefneming verkry. Die vyf laerskoolkinders is betrek by agt, met die uitsondering van een met nege gestaltspelterapiesessies, waartydens waarneming onder gekontroleerde toestande gedoen is. Tydens elke sessie is spesifieke gestaltspelterapeutiese tegnieke benut, ten einde die effek wat egskeiding op die laerskoolkind het te bepaal. Daar is van die roosboomtegniek gebruik gemaak as 'n voor- en natoets, om so die effek wat egskeiding op die laerskoolkind het te bepaal. Ontspanningspel is gebruik om elke sessie mee te begin, waarna daar van skeppende spel gebruik gemaak is, onder andere die sandbak, om by elke kind se voorgrond uit te kom. Daar is aan die hand van die ses take soos uiteengesit deur Van der Merwe

© University of Pretoria

(1996:184) gevind dat die laerskoolkind wel met behulp van gestaltspelterapeutiese tegnieke die egskeiding suksesvol binne sy ontwikkelingsfase kan verwerk. Gevolgtrekkings en aanbevelings, asook hipoteses vir toekomstige navorsing is na aanleiding van die navorsingstudie geformuleer.

Daar sal vervolgens slegs hy of hom as voornaamwoord gebruik word, om na beide manlike en vroulike persone te verwys.

© University of Pretoria

SUMMARY

HOW THE PRIMARY SCHOOL CHILD DEALS WITH DIVORCE BY MEANS OF A PLAY THERAPY TECHNIQUE

by

LOUISE JANKOWITZ

STUDY LEADER

DR J.M.C. JOUBERT

DEPARTMENT SOCIAL WORK

M.A.(SW) Play Therapy

The research investigated the way in which the primary school child deals with divorce. The interest to investigate this subject started in the research's private practice. The aim of the study was to help the primary school child to deal with the divorce by using play therapy.

Five primary school children involved in divorce were acquired by means of a non-random purposeful sampling. The five primary school children were involved in eight, with the exception of one who attended nine, gestalt therapy sessions during which observations were made under controlled circumstances. During each session gestalt play therapy techniques were made use of in order to determine the effect of divorce on the primary school child. The rose tree technique was used as a pre- and after-test in order to determine the effect of divorce on the primary school child. Relaxation play started each session and was followed by creative play, amongst others the sandbox, to reach each child's foreground. On the basis of the six tasks as set out by Van der Merwe (1996:184) it was determined that the primary school child can indeed, with the help of gestalt play therapy techniques, adapt to divorce successfully in his development phase. Conclusions and recommendations, as well as hypotheses for future research were formulated with reference to the research study.

© University of Pretoria

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE 1

1.1 INLEIDING 1
1.2 PROBLEEMFORMULERING 4
1.3 DIE DOEL, DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE 6
1.3.1 DOEL VAN DIE STUDIE 6
1.3.2 DOELSTELLING VAN DIE STUDIE 6
1.3.3 DOELWITTE VAN DIE STUDIE 7
1.4 NAVORSINGSVRAAG 7
1.5 NAVORSINGSBENADERING 8
1.6 SOORT NAVORSING 8
1.7 NAVORSINGSONTWERP EN PROSEDURE 9
1.7.1 NAVORSINGSONTWERP 9
1.7.2 NAVORSINGSPROSEDURES 10
1.7.2.1 DATA-INSAMELING 10
1.7.2.2 HOOFONDERSOEK 11
1.7.2.3 DATA-ANALISERING 11
1.8 VOORONDERSOEK 11
1.8.1 UITVOERBAARHEID VAN DIE ONDERSOEK 12
1.9 UNIVERSUM, AFBAKENING VAN DIE STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING 12
1.9.1 UNIVERSUM 12
1.9.2 POPULASIE 12
1.9.3 STEEKPROEF 13
1.10 ETIESE ASPEKTE 13
1.11 DEFINIËRING VAN HOOFKONSEPTE 16
1.11.1 EGSKEIDING 16
1.11.2 SPELTERAPIE 17

© University of Pretoria

1.11.3 LAERSKOOLKIND 17
1.12 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG 18

HOOFSTUK 2: EGSKEIDING EN DIE INVLOED OP DIE LAERSKOOLKIND 19

2.1 INLEIDING 19
2.2 EGSKEIDING 20
2.3 INVLOED VAN EGSKEIDING OP DIE LAERSKOOLKIND 22
2.3.1 KOGNITIEWE ONTWIKKELING 23
2.3.1.1 VERMOë OM GOED TE VOEL 24
2.3.1.2 VERMOë OM AANVAARBAAR TE VOEL 25
2.3.1.3 VERMOë OM BEKWAAM TE VOEL 25
2.3.2 EMOSIONELE ONTWIKKELING 26
2.3.2.1 WOEDE EN AGGRESSIE 28
2.3.2.2 VREES 29
2.3.2.3 DEPRESSIE 30
2.3.2.4 SKULDGEVOELENS 31
2.3.2.5 PSIGOSOMATIESE TOESTANDE 32
2.3.3 SOSIALE ONTWIKKELING 32
2.3.3.1 OUER-KIND VERHOUDING 32
2.4 HANTERINGSVAARDIGHEDE VAN DIE KIND 35
2.4.1 DIE GELUKKIGE MASKER 36
2.4.2 DIE AFGESONDERDE SELF 36
2.4.3 DIE PLOFBARE SELF 36
2.4.4 GEREGTIGHEID TEENOOR VERVREEMDING 37
2.5 SAMEVATTING 37

HOOFSTUK 3: GESTALTSPELTERAPIE 39

3.1 INLEIDING 39
3.2 DOELSTELLINGS VAN GESTALTTERAPIE 39
3.2.1 SELFONDERSTEUNING 40
3.2.2 BEWUSTHEID 41

© University of Pretoria

3.2.3 INTEGRASIE **42**
3.3 BEGINSELS IN GESTALTTERAPIE 43
3.3.1 HOLISME **43**
3.3.2 HOMEOSTASE **43**
3.3.3 FIGUURVOORGROND **44**
3.3.4 KONTAK EN KONTAKGRENSVERSTEURINGS **45**
3.3.4.1 INTROJEKSIE **45**
3.3.4.2 PROJEKSIE **46**
3.3.4.3 SAMEVLOEIING **47**
3.3.4.4 RETROFLEKSIE **47**
3.3.4.5 DEFLEKSIE **48**
3.3.4.6 POLARITEITE **48**
3.4 TERAPEUTIESE PROSES VAN GESTALTSPELTERAPIE 49
3.4.1 TERAPEUTIESE VERHOUDING **49**
3.4.2 SENSORIESE EN LIGGAAMLIKE KONTAKMAKING **51**
3.4.3 PROSES-BEPALING VAN DIE KIND **53**
3.4.4 PROJEKSIE **53**
3.4.5 EMOSIONELE BEWUSTHEID EN BESIT VAN PROJEKSIE **54**
3.4.6 ALTERNATIEWE **55**
3.4.7 KEUSES **55**
3.4.8 VERANTWOORDELIKHEID **56**
3.4.9 BESIT VAN GEVOELENS **57**
3.4.10 POLARITEITE **58**
3.4.11 SELFVERTROETELING **59**
3.4.12 VEILIGE PLEK **59**
3.4.13 TERMINERING **59**
3.5 TERAPEUTIESE TEGNIEKE IN GESTALTSPELTERAPIE 60
3.5.1 VORME VAN SPEL **61**
3.5.1.1 ONTSPANNINGSPEL **61**
3.5.1.2 SKEPPENDE SPEL **62**
3.5.1.3 BIBLIOSPEL **62**
3.5.1.3.1 KINDERVERHAAL **63**
3.5.1.3.2 PADKAART **64**
3.5.2 TEGNIEKE 65
3.5.2.1 PROJEKSIETEGNIEKE

© University of Pretoria

65

3.5.2.1.1 MONSTERTEGNIEK **65**

3.5.2.1.2 ROOSBOOMTEGNIEK **67**

3.5.3 MEDIUMS 69

3.5.3.1 TEKEN **69**

3.5.3.2 SAND **70**

3.5.3.3 KLEI **71**

3.6 SAMEVATTING 71

HOOFSTUK 4: NAVORSINGSBEVINDINGS **73**

- **INLEIDING** **73**
- **DOELSTELLING VAN DIE STUDIE** **73**
- **DOELWITTE VAN DIE STUDIE** **73**
- **NAVORSINGSVRAAG** **74**
- **NAVORSINGSMETODOLOGIE** **74**
- **SELEKTERING VAN RESPONDENTE** **74**
- **WERKSWYSE WAT GEVOLG IS** **75**
- DATA INSAMELING 75
- INTERVENSIE 76
- GEVALLESTUDIES 77
- GEVALLESTUDIE 1: Matthew 77
- GEVALLESTUDIE 2: Eric 87
- GEVALLESTUDIE 3: Andre 94
- GEVALLESTUDIE 4: Chris 101
- GEVALLESTUDIE 5: Nicole 108
- **SAMEVATTING**

HOOFSTUK 5: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

- **INLEIDING** **115**
- **EVALUERING VAN DIE DOELSTELLING EN DOELWITTE** **115**

© University of Pretoria

- DOELSTELLING 115
- DOELWITTE 115
- **SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS 117**
- PERLS SE LAE VAN NEUROSE 117
- ROOSBOOMTEGNIEK EN SPELTERAPEUTIESE TEGNIEK 118
- DIE SES TAKE SOOS UITEENGESIT DEUR VAN DER MERWE 119
- **AANBEVELINGS 121**
- BEWUSTHEID VAN OUERS 121
- OPLEIDING VAN SPELTERAPEUTE 122
- BENUTTING VAN SPELTERAPIETEGNIEKE 122
- NAVORSING 122
- **EVALUERING VAN DIE NAVORSINGSVRAAG 123**
- **SLOTOPMERKING 123**

BIBLIOGRAFIE 124

HOOFSTUK 1

1. ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

Egskeiding is op sigself 'n traumatiese ervaring, soveel te meer vir kinders wat daarby betrokke is. “A divorce is a traumatic event in the life of a child, often with negative results that may be carried into adulthood” (Van der Merwe, 1996: 184). Daar is reeds heelwat navorsing gedoen rondom die effek wat egskeiding op die kind het. Sommige outeurs meen dat seuns, veral in die middelkinderjare, meer as dogters deur ‘n egskeiding geraak word, waar ander die teenoorgestelde bevind het. Waaroor outeurs saamstem, is dat egskeiding wel die kind negatief beïnvloed. (Vergelyk Berg-Cross, 2000:44; Singer, 1993:160; Connell, 1988:222-227 en Brown, 1994: 149-167).

Volgens Lubowski (1995:1) is die kinders gewoonlik die hulpelose slagoffers van hulle ouers se egskeiding. Die kinders se veilige bestaan word bedreig en vir hulle voel dit asof niemand hulle meer liefhet nie. Die kind kan moontlik met baie vrae in sy gemoed loop en kan ook voel dat hy die oorsaak van die egskeiding is. Die mate waarin 'n kind die egskeiding verwerk het, kan die hantering van die ontwikkelingstake van die bepaalde ontwikkelingstadium waarin hy is en verdere ontwikkeling beïnvloed.

Volgens Wentzel & Du Toit (1995: i) toon navorsing dat die eerste twee tot drie jaar na 'n egskeiding vir die kind traumaties is. Kelly (2000:964) sê: “Marital conflict is a more important predictor of child adjustment than is divorce itself or postdivorce conflict.” Tydens en kort na 'n egskeiding besoek lede van die gesin die huisarts meer dikwels met verkoues, griep en ander minder ernstige siektetoestande as

© University of Pretoria

normaalweg. Delport (2001:72) som die volgende simptome van spanning in kinders wat deur egskeiding geraak word, soos volg op: algemene geïrriteerdheid, hartkloppings, spanning, bewerasie, aanwendsels, skrik maklik, begin stotter en hakkel, kners tande, slaaploosheid, enurese, swak spysvertering en nagmerries. Vorme van anti-sosiale gedrag kan ook voorkom. Tog gebeur dit selde dat kinders die wens sal uitspreek dat hulle ouers moet skei. Vir die meeste kinders is dit verkieslik om, ten spyte van die hewige konflik, by albei ouers te bly (Schoeman, 2003 en Van der Merwe, 2003). Volgens Butler, Scanlan, Robinson, Douglas & Murch (2003:33) beleef kinders die verbrokkeling van die gesin, asook die eerste ruk na die egskeiding, as 'n konstante ontwrigting en krisis waarby hulle daagliks moet aanpas.

Bogolub (1995:14-15) meen dat egskeiding wel 'n negatiewe effek op kinders het, maar dat dit tydelik van aard kan wees, in baie gevalle tot tussen 2 – 5 jaar na die egskeiding. Kinders word blootgestel aan 'n oorgangsperiode met intense omverwerping, fisiese verlies, verlies aan die nie-toesighoudende ouer op daaglikse en finansiële basis, moontlike verhuising, verlies aan vriende, 'n nuwe skool en 'n nuwe woongebied.

Volgens Van der Merwe (2003), Blom (2003) en Schoeman (2003) is dit belangrik dat kinders tydens en na 'n egskeiding wel terapie moet ontvang om dit te verwerk. Gesien in die lig van die groot getal kinders wat by egskeidingsituasies betrokke is, meen hierdie kundiges dat spelterapeutiese assessering, terapeutiese tegnieke en veral navorsing om die kind te ondersteun in die verwerking van 'n egskeiding, meer aandag behoort te geniet. Navorsing deur die Nasionale Instituut vir Geestesgesondheid in die VSA het bevind dat kinders wat jonger as 7 jaar was tydens die egskeiding, as adolessente drie keer meer geneig was tot terapeutiese intervensie en vyf keer meer geneig was om geskors te word uit hul skool as adolessente wat uit stabiele ouerhuise kom (Benokraitis, 2002:417).

Die navorser ervaar in haar privaat praktyk dat al meer kinders deur kleuterskole, skole en ouers verwys word vir gedragsprobleme soos woede-uitbarstings, leuens, afknou van ander kinders, enurese en ongemotiveerde skoolprestasie. Tydens intervensie met die kind blyk dit dikwels dat hierdie simptome deel uitmaak van baie onverwerkte emosies wat met 'n egskeidingstrauma gepaard gaan. Indien hierdie kinders nie gehelp word om hul emosionele pyn so gou moontlik op 'n sinvolle wyse te verwerk nie, kan dit aanleiding gee tot probleme in latere ontwikkelingsfases. Waaroor 'n terapeut nie altyd duidelikheid ervaar nie, is in watter mate die kind wel die trauma verwerk het.

Van der Merwe (1996:184) meen: “Children in a divorce situation should be involved in timely and effective therapy. When such children are left to their own devices, valuable energy that should have been used for the handling of normal growth-related tasks may be used instead for adapting to the divorce.” Van der Merwe (1996:184) sluit by Wallerstein (1983:230-243) aan wat meen dat daar van kinders na 'n egskeidingsituasie verwag word om, behalwe die normale ontwikkelingstake, ook die volgende take te bemeester:

Task 1: Accept the reality of the marital disintegration.
Task 2: Learn to be objective regarding parental conflict and to resume own concerns.
Task 3: Handle the losses that divorce brings about.

© University of Pretoria

Task 4: Handle anger and feelings of guilt and self-reproach.
Task 5: Accept the permanence of the divorce.
Task 6: Develop realistic hope regarding future relationships.

Volgens Matin (1998:1) het meer as 40% van alle kinders na 'n egskeidingsituasie emosionele versteurings. Hierdie stelling kan deur die navorser bevestig word vanuit haar privaat praktyk. Geen kind met wie die navorser in haar privaat praktyk in aanraking gekom het as gevolg van 'n egskeidingsituasie, het nie tekens van trauma getoon nie. Gevolglik word al meer kinders ook deur skole verwys vir gedragsprobleme wat die gevolge van die egskeidingsproses is. Van Staden (1991:161-170) meen die kind van geskeide ouers moet verlies wat in 'n verskeidenheid vorme voorkom, hanteer en verwerk. Bogulub (1995:21) meen dat egskeiding vir die persone wat daarby betrokke is, 'n sielkundige, komplekse proses is met soortgelyke fases as dié van die rouproses wanneer 'n gesinslid sterf.

Die navorser het gepoog om spelterapeutiese tegnieke te gebruik om die laerskoolkind se verwerking na egskeiding te assesseer. Daar is van die roosboom-projeksie as 'n voor- en na-assesseringsinstrument gebruik gemaak. Die roosboom-projeksietegniek word veral deur Oaklander (1988:32-33) gebruik om die kind meer bewus te maak van homself. Die kind word gevra om hom te verbeel dat hy 'n roosboom is wat iewers geplant staan. 'n Paar vrae of voorstellings, soos: “Het die boom dorings?” word gevra. Die hele boom word so geëksploreer deur die fantasievlug, waarna die kind gevra word om sy oë oop te maak en die roosboom te teken. Die kind beskryf die boom in die teenwoordige tyd, aantekeninge van wat die kind noem word gemaak. Wanneer die beskrywing klaar is, word dit vir die kind terug voorgelees om hom die geleentheid te bied om die ooreenkomste van die roosboom met sy werklike lewe raak te sien.

1.2 PROBLEEMFORMULERING

Probleemformulering word deur Fouché (in De Vos, 2002:106) gesien as die eindproduk wat geskied deur middel van ‘n proses. Die belangrikheid van probleemformulering word verder beklemtoon as “… a problem well stated is a problem half solved. A research problem is the issue that exists in the literature, in theory, or in practice that leads to a need for the study.”

Volgens Butler et al. (2003:58) is die kind reeds emosioneel betrokke by die egskeiding, vanaf die oomblik wanneer hy bewus begin word het van die verbrokkeling van die gesin. Dit is verder die mening van die navorser dat die samelewing, en veral met verwysing na ouers, onbewus is van die langtermyneffek wat 'n egskeiding op die laerskoolkind in die besonder het. Ouers is so betrokke by hul eie verwerking van die egskeiding dat hulle nie altyd werklik besef wat die effek op hul kind is nie (Bogolub, 1995:22 en Benokraitis, 2002:419).

Volgens Neuman (1998:125) vorm die laerskoolkind sy selfbeeld na gelang van sy ouers se optrede tydens die egskeiding. Die laerskoolkind sien die egskeiding as 'n situasie wat veroorsaak dat hy van sy maats verskil. Dit op sigself veroorsaak onsekerheid, angs en emosionele pyn, wat weer sosiale groei beperk.
Die navorser aanvaar dus dat daar reeds deur navorsing bewys is dat die kind nadelig deur egskeiding beïnvloed word. Die navorser het bewys dat met behulp van spelterapeutiese assesseringstegnieke die laerskoolkind die egskeidingsituasie in 'n

© University of Pretoria

sekere mate kan verwerk. Die roosboom-projeksietegniek is benut om te assesseer in watter mate die kind, met behulp van spelterapie, daartoe in staat was om die egskeiding te verwerk. Die ses take wat 'n kind moet bemeester na 'n egskeiding soos deur Wallerstein (1983:230-243) gestel, is dus benut vir die assessering. Die navorser het hierdie spelterapeutiese tegnieke as assesseringsinstrument voor die aanvang van die intervensie, asook weer met die afhandeling van die intervensie benut. Spelterapie voorsien die kind van 'n natuurlike, gemaklike en nie-bedreigende geleentheid om emosies, hoop en fantasie te ontbloot (Geldard & Geldard, 2002:45 en West, 1996:30).

Volgens Cantell (1986:163) speel die kind se ontwikkelingstadium die deurslaggewende rol by die verwerking van die egskeiding. Johnston & Roseby (1997:196) bevestig dat erge emosionele en gedragsprobleme ontstaan wanneer emosionele spanning by die laerskoolkind as gevolg van 'n egskeiding teenwoordig is. Die kind in sy middelkinderjare of die laerskoolkind is die kind vanaf 6 – 12 jaar, maar vir hierdie navorsing is slegs kinders tussen die ouderdom 6 – 9 jaar gebruik.

Die navorsingsprobleem kan dus gesien word as 'n gebrek aan navorsing oor die kind se verwerking van die egskeiding met behulp van spelterapeutiese tegnieke.

Volgens Mc Ghee (2001-2004) ervaar die kind van geskeide ouers probleme soos lojaliteit, konflik en gevoelens van onsekerheid. Die uitwerking van die egskeiding op die kind is traumaties en kan die normale ontwikkeling van die kind versteur. Dit laat littekens en bring onsekerheid ten opsigte van hulself, hul toekoms en lewensrigting. Kinders wie se ouers geskei is, ervaar 'n groot mate van spanning en stoornisse wat die kind nadelig kan beïnvloed. Spelterapeutiese intervensie kan 'n bydrae lewer om hierdie spanning en stoornisse te verlig. Wat vir die spelterapeut belangrik is, is om te kan bepaal wat die invloed van spelterapeutiese intervensie op die kind se verwerking van die egskeiding is. Dit sou dus belangrik wees om 'n assessering te doen ten einde die resultaat van die intervensie te bepaal.

1.3 DIE DOEL, DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Volgens Fouché (2002:107) kan die doel van die navorsing gedefinieer word as "… the end towards which effort or ambition is directed". Hy beskryf dit as die "droom" met die doelwitte as die stappe wat gedoen moet word om hierdie "droom" te verwesenlik. Die doel staan dus in verband met dit wat as einddoel vir die studie gevisualiseer word.

1.3.1 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die studie was beskrywend van aard, aangesien die navorser in die gevallestudies beskryf het hoe die laerskoolkind met behulp van spelterapeutiese tegnieke die egskeiding kon verwerk. Neumann (2000:22) meen: "Descriptive research presents a picture of the specific details of a situation, social setting or relationship, and focuses on the 'how' and 'why' questions."

1.3.2 DOELSTELLING VAN DIE STUDIE

© University of Pretoria

Die doelstelling van hierdie studie was om die laerskoolkind met behulp van spelterapie te help om die egskeiding te verwerk.

1.3.3 DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Volgens Fouché (2002:107) kan die doelwitte van die navorsing soos volg gedefinieer word: "… more concretely measurable and more speedily attainable conception of the aim of the study".
Die doelwitte vir hierdie studie was dus as volg:
Om 'n kennisbasis op te bou oor:

- die invloed van egskeiding op die laerskoolkind.
- die laerskoolkind se verwerking van egskeiding.
- spelterapeutiese tegnieke en mediums om met laerskoolkinders in 'n egskeidingsproses te benut.

Om 'n empiriese studie te doen om die laerskoolkind te help om die egskeiding met behulp van agt spelterapeutiese tegnieke te verwerk.
Om aanbevelings te maak ten opsigte van die laerskoolkind se verwerking van egskeiding met behulp van spelterapeutiese tegnieke.

1.4 NAVORSINGSVRAAG

Blaikie (2000:60) beklemtoon die nodigheid van 'n navorsingsvraag, wanneer hy dit soos volg stel "... a research project is built on the foundation of its research questions".

In hierdie navorsing is 'n navorsingsvraag en nie 'n hipotese nie geformuleer. Volgens De Vos (2002:356) word 'n navorsingsvraag geformuleer wanneer kwalitatiewe navorsing gedoen word. Die navorsingsvraag poog om die vrae "wat", "watter", "hoekom" en "hoe" te beantwoord. Volgens Creswell (2002:116) gee dit aan die navorser die geleentheid om op een sentrale fenomeen te konsentreer en dit te ondersoek. Vir die doeleindes van hierdie navorsing is daar gefokus op die assessering van die kind se verwerking na die egskeiding. Die navorsingsvraag is dus: Kan 'n laerskoolkind die egskeiding verwerk deur middel van spelterapeutiese tegnieke?

1.5 NAVORSINGSBENADERING

'n Kwalitatiewe benadering is vir hierdie studie gevolg. Fouché en Delport (2002:79) sien kwalitatiewe benadering as subjektief van aard en poog om die mens binne sy sosiale konteks te verstaan. Daar word van interpretasie gebruik gemaak en dit is holisties van aard.

Fouché in De Vos (2002:106) verwys na Creswell wat die volgende redes verskaf as motivering vir 'n kwantitatiewe navorsingbenadering:

Die aard van die navorsingsvraag is gebaseer op die "hoe" en "wat" vraag.

© University of Pretoria

Die onderwerp moet geëksploreer word.
Die behoefte bestaan om 'n gedetailleerde siening van die onderwerp te gee.
Die navorser kan die inligting in die vorm van die deelnemers se sienings deurgee, eerder as om 'n kundige te wees wat oordeel.

In hierdie navorsingsondersoek is hoofsaaklik van die kwalitatiewe benadering gebruik gemaak. Die kind se verwerking van die egskeiding is geassesseer met 'n spelterapeutiese tegniek, intervensie is gedoen en assessering met dieselfde tegniek is herhaal. Die data wat ingesamel is, is in gevallestudies beskryf. Neuman (1997:335) verduidelik die interpretasie van inligting as die betekenisgewing, die vertolk en verstaan van data.

1.6 SOORT NAVORSING

Volgens Blaikie (2000:49) word toegepaste navorsing gebruik om 'n spesifieke aangeleentheid aan te spreek, terwyl basiese navorsing ‘n soektog na antwoorde op vrae is om die fundamentele waarheid van die sosiale realiteit te verstaan (Neuman, 1997:21).

Tydens hierdie ondersoek is van toegepaste navorsing gebruik gemaak, aangesien 'n spesifieke probleem, naamlik die assessering van die laerskoolkind se verwerking van egskeiding aangespreek is met moontlike oplossings vir die praktyk. Bestaande tegnologie en kennis is benut.

1.7 NAVORSINGSONTWERP EN PROSEDURE

1.7.1 NAVORSINGSONTWERP

Volgens Fouché (2002:271) gee die navorsingsontwerp die navorser die geleentheid om sekere verskynsels te bestudeer deur van sekere formules gebruik te maak om die spesifieke doel van die navorsing te bereik. Volgens Fouché in De Vos (2002:271) word 'n navorsingstrategie gebruik wanneer kwalitatiewe navorsing gedoen word. Die navorsingstrategie verwys na die benadering wat die navorser gebruik om 'n bepaalde ondersoek te doen.

Ten einde kwalitatiewe data in te samel, het die navorser beoog om van 'n kwalitatiewe navorsingstrategie, naamlik gevallestudies, gebruik te maak. 'n Gevallestudie kan gesien word as die ondersoek of diepte-analise van 'n “gebonde sisteem”, óf 'n enkele óf verskeie gevalle, oor 'n periode (Fouché, 2002:275). Volgens Babbie (2001:285) is 'n gevallestudie 'n proses, aktiwiteit of program wat met 'n individu of groep individue gevolg word. Volgens Dake in De Vos (2002:275) is 'n gevallestudie die geleentheid om te leer. Die verkenning en beskrywing van die geval word deur gedetailleerde dataversameling ingewin. Daarom is die toestemming sowel as die bereidwilligheid van die deelnemers so belangrik.

Tydens die navorsing het die navorser ook van deelnemende waarneming gebruik gemaak. Volgens Strydom in De Vos (2002:278) is deelnemende waarneming kenmerkend van kwalitatiewe navorsing. Strydom is verder van mening dat “...it is generally assumed that the real world of the participants can only be understood if the words and expressions they use in specific situations are revealed”. Om hierdie rede

© University of Pretoria

het die navorser gepoog om so duidelik moontlik die belewenis van die laerskoolkind na die egskeiding in die gevallestudies waar te neem en weer te gee.
Die respondente wat die navorser bestudeer het verwys in hierdie studie na die laerskoolkinders na 'n egskeidingsituasie. Die ondersoek en beskrywing van elke respondent is deur 'n beskrywing van die eerste assessering, die spelterapiesessie en weer 'n assessering met dieselfde spelterapeutiese tegniek deurgegee.

1.7.2 NAVORSINGSPROSEDURES

1.7.2.1 DATA-INSAMELING

Volgens Grinnell (1997:459) is: "Data collection a critical step in the research process because it is the link between theory and practice."

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is daar van vyf gevallestudies uit die navorser se privaat praktyk gebruik gemaak. Die data is ingesamel deur gebruik te maak van die roosboom-projeksietegniek. Hierdie spelterapeutiese tegniek behels dat die kind na aanleiding van sy tekening wat met behulp van vrae en antwoorde bespreek is, oor onder andere die volgende 6 take wat voltooi moes word ten opsigte van die verwerking na egskeiding begelei is:

Taak 1: Aanvaar die realiteit van die huweliksdisintegrasie.
Taak 2: Leer om objektief te staan teenoor konflik tussen ouers en hervat eie belange.
Taak 3: Hanteer die verliese wat deur egskeiding veroorsaak is.
Taak 4: Hanteer gevoelens van woede, skuldgevoelens en selfverwyt.
Taak 5: Aanvaar die permanensie van egskeiding.
Taak 6: Ontwikkel realistiese hoop oor toekomstige verhoudings.

Geen interpretasie is deur die navorser gemaak nie. Die projeksie is aan die realiteit van die kind se omstandighede verbind en die kind se eie interpretasie is dus verkry. Hierdie tegniek is voor die aanvang van die intervensie gedoen en weer tydens die afsluitingsessie. Die data wat deur die tegniek verkry is en die data soos met deelnemende waarneming tydens die spelterapiesessies is ten opsigte van die ses take in gevallestudies beskryf.

1.7.2.2 HOOFONDERSOEK

Die hoofondersoek is by die navorser se privaat praktyk onderneem met vyf laerskoolkinders na 'n egskeidingsituasie. Agt spelterapiesessies met die uitsondering van een geval, waar nege individuele sessies nodig was, is met elke kind gedoen.

1.7.2.3 DATA-ANALISERING

Die data is kwalitatief geanaliseer in temas en subtemas. Die vrae wat tydens die projeksietegniek gebruik is, is nie gekwantifiseer nie. Die data is volgens die ses temas (take) weergegee en subtemas is uit die data verkry en bespreek. Die data soos tydens die eerste en tweede benutting van die roosboomtegniek verkry, is vergelyk en, met inagneming van data soos ook tydens intervensie verkry, in gevallestudies

© University of Pretoria

beskryf om sodoende die navoringsvraag te beantwoord.

1.8 VOORONDERSOEK

'n Voorondersoek bepaal of die navorsing uitvoerbaar is al dan nie. Die navorser verkry die geleentheid om genoeg agtergrondkennis van die probleem te bekom. Die voorondersoek is 'n integrale deel van die navorsing en het ten doel om die navorsingsprobleem presies te formuleer en die navorsingsproses tentatief te beplan (Strydom, 2002:210).

1.8.1 UITVOERBAARHEID VAN DIE ONDERSOEK

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is waarneming sowel as ervaring vanuit die navorser se privaat praktyk met respondente gebruik. Die studie is dus binne die navorser se werkstruktuur gedoen en respondente was beskikbaar. Koste, tyd, beskikbare lokale en spelterapiefasiliteite was dus nie 'n probleem nie. Die navorser het kinderkliënte in die praktyk benut vir die doeleindes van die studie. In hierdie studie het die navorser die ingeligte skriftelike toestemming, van die ouer en die kind verkry vir deelname aan die navorsing.

1.9 UNIVERSUM, AFBAKENING VAN DIE STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING

Volgens Strydom & Venter (2002:198) word universum en populasie soos volg verduidelik: “Universe refers to all potential subjects who possess the attributes in which the researcher is interested. Population on the other hand, is a term that sets boundaries on the study units. It refers to individuals in the universe who possess specific characteristics.”

1.9.1 UNIVERSUM

Universum verwys na alle potensiële objekte wat die eienskappe besit waarin die navorser belangstel. Die universum vir hierdie studie is dus alle laerskoolkinders na 'n egskeidingsituasie in Windhoek.

1.9.2 POPULASIE

Die populasie beskik oor spesifieke eienskappe en daar word ook grense gestel. Die populasie van hierdie navorsing is dus alle laerskoolkinders in Windhoek wat aangemeld het na 'n egskeidingsituasie, en wat aan die selekteringskriteria voldoen het.

1.9.3 STEEKPROEF

Die navorser het van nie-ewekansige doelgerigte steekproefneming gebruik gemaak. Volgens Williams, Tutty & Grinell (1995:228) het al die mense in die populasie in die

© University of Pretoria

nie-waarskynlikheidseleksie nie dieselfde waarskynlikheid om ingesluit te word om geselekteer te word nie, en vir elkeen van hulle is die waarskynlikheid van insluiting onbekend.

Die doelgerigte steekproefneming verwys na 'n spesifieke kriterium wat die navorser daarstel om 'n spesifieke probleem uit te wys. Volgens Strydom & Delport in De Vos (2002:334) is doelgerigte steekproefneming wanneer "...a particular case is chosen because it illustrates some process that is of interest for a particular study". Die kriteria waaraan die respondente moes voldoen was dus:

Laerskoolkinders,
tussen 6 – 9 jaar
wat blootgestel is aan 'n egskeidingsituasie.
Kliënte van die navorser se privaat praktyk
woonagtig in Windhoek.

Die navorser het die eerste vyf kliënte wat aangemeld het nadat die literatuurstudie voltooi is en wat aan die kriteria voldoen het, as respondente geselekteer.

1.10 ETIESE ASPEKTE

Etiese aspekte is veral van belang as daar suksesvol gepraktiseer wil word of navorsing gedoen moet word. Enige persoon betrokke by navorsing moet bewus wees van geskikte en ongewenste wetenskaplike navorsing (Strydom, 2002:62).

Etiese riglyne moet dien as die wyse waarop die navorser sy optrede beoordeel. Strydom (2002:64-75) en Babbie (2001:340-341) beklemtoon die volgende aspekte:

Skending van privaatheid, vertroulikheid en anonimiteit

Cohen (2001:62) meen: "boundaries surrounding the shared secret must be protected". Deelnemers mag nie te na gekom word nie. Strydom (2002:67) meen: "Dit is elke individu se reg om te besluit wanneer, waar en tot watter mate hy sy houding, denkwyse, gevoelens en gedrag wil openbaar." Daar is seker gemaak dat die kinderkliënt se inligting vertroulik bly, ook teenoor die ouers. Privaatheid, vertroulikheid en anonimiteit moet gerespekteer word. Alle kinderkliënte is sonder die ouer se teenwoordigheid in terapie gesien.

Ingeligte toestemming

"All adequate information on the goal of the investigation, the research procedure which would be followed during the investigation and the credentials of the researcher will be rendered to the subjects so that the subjects will wilfully participate in the investigation and make a reasoned decision about their participation" (Bailey, 1987:409).

Toestemming is nodig om inligting te verkry. Skriftelike toestemming is van die toesighoudende ouer en die kind verkry vir deelname aan die navorsingsprojek. Die navorser het al die respondente en hul ouers voor die tyd ingelig oor die onderwerp, die prosedures wat gevolg sou word, asook die moontlike impak van die studie. Ouers en respondente is ingelig dat respondente enige tyd van die studie mag onttrek.

© University of Pretoria

Misleiding van die onderwerp en of respondent
Neuman (2000:229) meen misleiding: "...occurs when the researcher intentionally misleads subjects by the way of written of verbal instructions, the actions of other people, of certain aspects of the settings". Cohen (2001:63) meen misleiding: "...lies in not telling the whole truth".
Misleiding van deelnemers is onaanvaarbaar. Die kinderkliënt was ten alle tye bewus van die doel van die sessie en dat die projeksies deel was van die navorsing. Elke respondent is met respek hanteer. Geleentheid is aan die ouers en respondente gebied om vrae te vra oor die onderwerp van die studie.

Optrede en bevoegdheid van navorser

Strydom (2002:69) meen: "...well-intended and well-planned research can fail or can produce invalid results if the researcher and/or fieldworkers are not adequately qualified and equipped".

Die navorser is 'n geregistreerde maatskaplike werker met 13 jaar ondervinding en beskik ook al 7 jaar oor 'n privaat praktyk. Die navorser is eties verplig om seker te maak dat hy wel bekwaam en vaardig is om die nodige navorsing te onderneem. Die navorser het die teorie en prakties van die M.A. (M.W.) Spelterapiekursus voltooi. Die navorser se objektiewe benadering ten opsigte van die onderwerp is veral belangrik.

Vrystelling van bevindings

Strydom (2002:72) meen: "... report writing includes doing all you can to make sure your report is as clear as possible and contains all the information necessary for the readers to understand what you have written". Aan die kinderkliënt is verduidelik dat alle prentjies (inligting) deur die navorser vir navorsingsdoeleindes gebruik gaan word. Alle erkenning is aan geraadpleegde bronne verskaf. 'n Finale verslag oor die onderwerp is akkuraat, duidelik en volledig weergegee. Die verslag is aan die ouers beskikbaar gestel op aanvraag.
Ontlading van respondente

Babbie (2001:475) se mening is dat probleme wat deur ondervraging na vore gekom het, reggestel behoort te word. Vordering is met elke kinderkliënt bespreek en deurgewerk, en toestemming is van die kind verkry voordat enige inligting aan die ouer(s) deurgegee is.
Die intervensie het gehandel oor die kind se verwerking van die egskeiding en was dus klinies van aard. Die navorsing was dus deel van 'n terapeutiese intervensie. Indien enige skadelike tendense tydens die navorsing van vore gekom het, sou die respondent van die navorsing onttrek gewees het en die navorser sou gratis voortgegaan het met terapeutiese dienste.
Die navorser is van mening dat hierdie studie aan bogenoemde etiese vereistes voldoen.

1.11 DEFINIËRING VAN HOOFKONSEPTE

Vir die doeleindes van hierdie studie is die volgende terme en sleutelkonsepte as volg gedefinieer:

© University of Pretoria

1.11.1 EGSKEIDING

'n Egskeiding is die punt in tyd waartydens die huwelik wettig getermineer word en waarna die huwelikmaats vry is om weer te trou (Butler et al., 2003:9).

Volgens Brown & Brown (1986:3) is 'n egskeiding 'n wetlike beëindiging van 'n huwelik, waarna beide persone weer mag trou.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing word 'n egskeiding beskou as die fisiese opbreek en uitmekaar gaan tussen 'n vader en moeder en die kind wat by die toesighoudende ouer woon en op gereelde tye by die ander party gaan kuier.

1.11.2 SPELTERAPIE

Volgens Axline (1993:9) is spelterapie gebaseer op die feit dat spel die kind se natuurlike medium is om die self weer te gee. Dit bied aan die kind ‘n geleentheid om sy gevoelens en probleme op sy manier uit te speel. Volgens Oaklander (1988:160) is spel die manier waarop 'n kind ervaring opbou.

Spelterapie word deur West (1996:15) beskryf as: “...a holistic approach, using play as a means of 'helping' in a non-invasive way, the physical, spiritual, emotional and cognitive aspects, both conscious and unconscious, taking account of the past, present and future of the 'whole-child'.”

Die navorser is van mening dat die laerskoolkind deur middel van speltrapie 'n nie-bedreigende manier vind om in kontak met sy eie gevoelens te kom, maar ook 'n manier vind om “woorde” daaraan te kan gee.

1.11.3 LAERSKOOLKIND

Volgens Sadock & Sadock (2003:32) word die laerskoolkind gesien as die kind wat met formele akademiese onderrig begin, gewoonlik van die ouderdom van ses jaar af aan. Laerskooljare word ook genoem die middelkinderjare. Dit is die tydperk tussen ongeveer die sesde en twaalfde lewensjare. Dit is die tyd van relatiewe rustigheid en kalmte tussen vinnige ontwikkeling van sowel voorafgaande kinderjare as die daaropvolgende adolessente jare (Louw & Edwards, 1993:549). Vir die doeleindes van hierdie navorsing word daar na kinders tussen die ouderdomme ses en nege jaar verwys as die laerskoolkind. Hierdie fase is baie belangrik vir ontwikkeling op kognitiewe, sosiale, emosionele en normatiewe vlak.

1.12 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

In Hoofstuk 2 is aandag gegee aan die egskeiding en die invloed op die laerskoolkind. Hier is veral gefokus op die kognitiewe, emosionele en sosiale ontwikkeling van die laerskoolkind wat deur die egskeiding beïnvloed word.

In Hoofstuk 3 is aandag gegee aan die teoretiese fundering van die gestaltbenadering

© University of Pretoria

sowel as die gestaltspelterapietegnieke wat benut is met die laerskoolkind.

In Hoofstuk 4 is die gevallestudies van die laerskoolkind bespreek.

In Hoofstuk 5 is die gevolgtrekkings en aanbevelings vanuit die studie gemaak.

'n Bibliografie volg ter afsluiting van die skripsie.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 2

2. EGSKEIDING EN DIE INVLOED OP DIE LAERSKOOLKIND

2.1 INLEIDING

Dit is 'n realiteit dat die egskeidingsyfer jaarliks styg. Volgens Statistiek Suid-Afrika (1990: 9-10) het die egskeidingsyfer vanaf 1986 tot 1998 met 21.48% gestyg en 33% meer kinders is deur hulle ouers se egskeiding geraak. Net in 1998 was 45123 kinders by egskeiding betrokke.

Taylor (2001) konstateer dat egskeiding wel 'n impak het, hetsy 'n matige of 'n ekstreme impak. Hierdie stelling bevestig die feit dat egskeiding nie noodwendig 'n negatiewe, traumatiserende effek hoef te hê nie en dus ook as 'n positiewe aanpassingsproses beskou sou kon word. Laasgenoemde outeur noem dat hierdie aanpassing van vier faktore afhang, naamlik die omstandighede voor die egskeiding, die disfunksionaliteit van die egskeidingsproses, ontoereikende ouerskap voor, tydens en na afloop van die egskeiding en die aard van die beskikbare ondersteuningsnetwerk.

Die laerskoolkind se probleme ontstaan reeds kort na die verbrokkeling van die gesin, in teenstelling met die adolessent wat soms 'n geruime tyd na die egskeiding eers probleme begin ondervind (Jean, 2001:2 en Clark, 1999:1).

Volgens Felner, Faber & Primavera (1980:91) speel die kind se ontwikkelingstadium die deurslaggewende rol by die verwerking van die egskeiding. Dit is gedurende die laerskooljare wat die kind die vermoë ontwikkel om tussen sy ouers se verskillende konsepte van egskeiding te kan begin onderskei, maar ook die vermoë besit om die sienings van beide ouers te verwerk (Berk, 1997:288).

Volgens Zill in Connell (1988:223) ervaar die kind wie se ouers voortgaan met die egskeiding, meer emosionele steurnisse as die kind wie se ouers nie tot by 'n egskeiding vorder nie. Martin (1998:1) bevestig dat tussen 30 en 40% van die kinders wat blootgestel word aan egskeiding psigologiese probleme ontwikkel, selfs al weet die kind dat hy nie verantwoordelik was vir die verbrokkeling van sy ouers se huwelik nie. So ‘n kind sal altyd wonder wat hy kon gedoen het om sy ouers bymekaar te hou. Gevolglik verhoog die impak wat egskeiding op die kind se selfbeeld en algemene funksionering het, veral as dit nie aangespreek word nie. Die kind is meer bewus van sy verwarde gevoelens en besef terselfdertyd dat die negatiewe emosies tussen die twee ouers nog lank kan voortduur, al probeer beide ouers om dit nie te laat blyk nie.

Volgens Johnston & Roseby (1997:196) veroorsaak die lojaliteitsprong wat die kind tussen die ouers moet maak, erge emosionele pyn. Die kind kan gevolglik nie lank hiermee volhou nie, hoewel Berk (1997:287) te kenne gee dat selfregulerende gedrag al meer binne hierdie ontwikkelingstadium ontwikkel. Dit bevestig dus dat terapie noodsaaklik is, maar nie noodwendig 'n lang en uitgerekte proses hoef te wees nie. Cantell (1986:163) ondersteun die stelling, maar is van mening dat die fokus van die terapie die ontwikkelingstadium van die kind in ag moet neem.

Die laerskoolkind betree 'n fase waar die gesin nog steeds verskeie take ten opsigte van die kind se ontwikkeling het naamlik emosioneel, intellektueel, sosiaal en normatief. Verhoudings met maats en ander volwassenes speel 'n kernrol in die kind

© University of Pretoria

se ontwikkeling in hierdie fase en hy benodig nog die gesin se hulp daarmee. Du Toit & Kruger (1991:125) meen dat ouers die kinders se primêre steungewers is en die aanmoediging, steun, liefde en begeleiding van ouers is daarom vir die kinders van die allergrootste belang.

Volgens Johnston & Roseby (1997:140) speel die gesin die deurslaggewende rol in hierdie ontwikkelingstadium. Hulle beweer verder dat 'n goed ontwikkelde kind 'n stabiele sin vir selfwaarde sowel as selfvertroue ontwikkel, wat 'n goeie selfbeeld tot gevolg het. Dit verskaf die fondasie wanneer die toleransie teen mislukkings en sukses getoets word.

2.2 EGSKEIDING

Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:12) definieer egskeiding as die "ontbinding van die huwelik deur 'n geregtelike bevel". Volgens Van Staden (1987:5) kan egskeiding omskryf word as 'n traumatiese, kritieke, spanningsvolle proses wat die wetlike beëindiging van 'n huwelik deur 'n hofbesluit en die vernietiging van die huweliksverhouding impliseer en 'n verandering van die gesinstruktuur en -funksionering, die kommunikasie en ondersteunende netwerk, asook 'n verandering van die aanpassing, funksionering en interaksie van die gesinslede meebring.

Volgens Clapp (1992:32) word egskeiding sinoniem met ontwrigting, verandering, heraanpassing, herorganisering en stres beskou – ook vir die kinders. Viljoen (2001:54) meen dat egskeiding vir kinders 'n traumatiese krisis meebring waartydens hulle aan talle verliese, veranderinge en bykomende aanpassings in hulle lewens blootgestel word.

Navorsing deur Steward et al. (1997:242) het bevind dat ouers en kinders emosioneel nie in voeling met mekaar is tydens die egskeiding nie. Waar ouers 'n meer proaktiewe benadering tot die lewe volg, is kinders meer geneig om 'n reaktiewe benadering te volg. Die ouers se preokkupasie met hul eie behoeftes en vrese bring mee dat die kinders se aanpassing onder druk geplaas word en met angstigheid gepaard gaan. "Mothers are likely to react to daily stressors as well as on toward major events, to consume more alcohol, to use more mental health services for depression, anxiety of feelings of humiliation, and to feel overwhelmed and less capable as parents. Fathers often feel pushed away, are likely to seem less accepting of their children, and also may develop depression, anxiety and substance abuse" (Cohen, 2002:1020). Die totale gesinsekwilibrium word dus versteur.

Dit hang verder van die kind se kognitiewe vermoë in hierdie ontwikkelingstadium af of hy tussen sy ouers se struwelinge sal kan onderskei, asook wat die impak daarvan op hom sal wees. Kinders het binne hierdie spesifieke ontwikkelingstadium die vermoë om gebeurtenisse, soos deur ander beleef, te verstaan en tot toevoeging van hulself te maak (Johnston & Roseby, 1997:196).

Verdere navorsing wat reeds in Amerika en in die Verenigde Koningkryk gedoen is, bevestig dat kinders wat aan 'n egskeiding blootgestel word, algemene aanpassings- en gedragsprobleme openbaar (Brown, Portes & Christensen, 1989:315-323).

Daar word vervolgens spesifiek stilgestaan by die kognitiewe, emosionele en sosiale ontwikkeling van die laerskoolkind.

© University of Pretoria

2.3 INVLOED VAN EGSKEIDING OP DIE LAERSKOOLKIND

Daar word aanvaar dat elke kind die egskeidingsituasie anders ervaar, veral in ag genome die ontwikkelingstadium waarin die kind tydens die egskeiding funksioneer (Johnston & Roseby, 1997:195). Die kind se hantering en verwerking van egskeiding sluit die kognitiewe, emosionele en sosiale volwassenheid van die kind in sy ontwikkelingsfase in (Casey, 1991:223; Robert et al.,1980:91).

Die laerskoolkind is ongeveer ses tot twaalf jaar oud. Hierdie stadium word ook verdeel in 'n junior (ses tot agt jaar) en senior (nege tot twaalf jaar) fase. Dit is die tydperk van relatiewe kalmte en rustigheid tussen die snelle ontwikkeling van die vroeëre kinderjare en adolessente jare (Louw, 2002:114). Erikson (in Louw, 2002:117) beklemtoon die verweefdheid van die kind se affektiewe en sosiale ontwikkeling in hierdie stadium. Hy meen die kind moet hom in hierdie fase ten opsigte van twee pole oriënteer, naamlik arbeidsaamheid en minderwaardigheid en die sintese tussen die pole gee aanleiding tot positiewe gevoelens van bekwaamheid.

2.3.1 KOGNITIEWE ONTWIKKELING

Volgens Hess & Camara (1979:82) is egskeiding 'n kognitiewe legkaart vir die kind waarbinne dissonansie en inkonsekwentheid van sy sosiale en affektiewe wêrelde plaasvind.

Vanaf die ouderdom vier tot agt jaar, het die kind reeds die vermoë om 'n ander persoon se siening te verstaan. Op hierdie ouderdom kan een ouer se perspektief dus begryp word, maar nog nie terselfdertyd albei ouers s'n nie (Johnston & Roseby, 1997:196). By ma se huis hoor en glo hulle die storie dat pa nie vir ma geld gee nie. By pa se huis word hulle weer beïnvloed dat ma die geld mors. Kinders word verwar deur die verskillende perspektiewe van beide ouers.

Johnston & Roseby (1997:196) meen dat die kind al tussen die ouderdom van sewe en nege jaar self-refleksiewe denke kan begin toepas. Gedurende hierdie stadium is die kind in staat om meer as een siening van 'n probleem te begryp. Die kind begin agterkom elke ouer voel en dink anders oor die situasie. Hierdie nuwe kognitiewe vermoëns beteken dat die kind van hierdie ouderdom kognitiewe dissonansie en lojaliteitsverdeling kan beleef, deurdat hulle die ouers se onversoenbaarheid begin verstaan. Volgens Felner et al. (1980:91) word die reaksie wat die egskeiding op die kind het gedurende die spesifieke ontwikkelingstadium vasgelê. Dit word volgens Berk (1997:289) bevestig dat die kind se aandag meer gerig en die geheue meer georden word soos die kind deur die laerskool beweeg. Daar tree 'n groter objektiwiteit in. Die kind soek na die oorsaak van verskynsels en gebeure en wil realistiese verklarings van feitelike gegewens verkry. Hoewel die kind reeds oor die vermoë beskik om 'n situasie in 'n mate te kan begryp, kan hy nog nie abstrak dink nie en beskik hy nog nie oor die vermoë om die situasie ten volle te kan verstaan en verwerk nie. Gevolglik kan 'n gebeurtenis soos 'n egskeiding vir die kind binne hierdie ontwikkelingstadium baie traumaties wees.

© University of Pretoria

Daar word vervolgens gekyk na sekere kognitiewe vermoëns waaroor die laerskoolkind reeds binne hierdie ontwikkelingstadium beskik, naamlik die vermoë om goed te voel, die vermoë om aanvaarbaar te voel en die vermoë om bekwaam te voel.

2.3.1.1 VERMOë OM GOED TE VOEL

Volgens Johnston & Roseby (1997:146) verg die vermoë om goed te voel die nakom van sekere reëls soos deur die ouers voorgehou. Kinders geniet hulle ouers se aanvaarding asook hulle eie gevoel van bemeestering. Sodoende leer hulle die reëls van selfbeheer.

Die laerskooljare is die periode waarbinne die kind se morele fases gevorm word. Gedurende hierdie ontwikkelingstadium probeer die kind nie net om alles reg te doen nie, maar ook om straf vry te spring en verhoudings te versterk. Met ander woorde, om goed te wees in die oë van ander maar ook in sy eie oë. As 'n resultaat hiervan word die begrippe vir reg en verkeerd, asook komplekse en realistiese begrippe gevorm (Johnston & Roseby, 1997:147).

Sou die kind daagliks aan erge ouerlike konflik blootgestel word, bedreig dit sy vermoë om te kan onderskei tussen reg en verkeerd, selfs as ontwikkeling normaal voortgaan (Johnston & Roseby, 1997:148). Soms gebruik die ouers die kind as boodskapper tussen die volwassenes, omdat dit lyk asof die kind die vermoë het om te kan onderskei. Die kind se morele verwardheid word vererger deur die ouers se druk om kant te kies. Dit word 'n uitnodiging vir die kind om te jok en leuens te vertel. Johnston in Johnston & Roseby (1997:149) meen dat as daar gedurende hierdie ontwikkelingstadium 'n leemte in die kind se morele waardes plaasvind, dit tot erge persoonlike en interpersoonlike probleme kan lei.

2.3.1.2 VERMOë OM AANVAARBAAR TE VOEL

As die kind reeds vroeg in sy lewe genoeg liefde en aandag ervaar, is dit makliker om ander te vertrou en so aanvaarbaar te voel. 'n Basiese behoefte aan vertroue gee die kind genoeg selfvertroue om ander mense te vertrou wanneer die eise van die lewe sy gevoel van selfwaarde bedreig. Om hierdie rede is vriendskap soos enige sport wat oefening sowel as tegniek verg. So leer die kind die vermoë aan om te onderskei tussen sy eie siening en dié van ander (Johnston & Roseby, 1997:142). Dit stel die kind in staat om homself meer objektief en realisties te bekyk en help hom om beheer oor sy eie emosies en gedrag te verkry. Gevolglik is die kind tydens hierdie ontwikkelingstadium baie meer bewus van homself as vroeër.

Wanneer die behoefte aan liefde en aanvaarding nie vervul word nie, probeer die kind voortdurend om die ouer se responsiewe gedrag te beheer, om sodoende die sin vir die self te balanseer (Johnston & Roseby, 1997:143). Elke interpersoonlike mislukking word ervaar as 'n erge vernedering. Hierdie gebroke begrip van die self en ander, wat die onderbewuste domineer, maak dit onmoontlik vir die kind om mislukkings te aanvaar. Johnston in Johnston & Roseby (1997:144) maak van projeksie in spel

© University of Pretoria

gebruik om vas te stel hoe die kind voel en dink sowel as om sy gedrag waar te neem.

2.3.1.3 VERMOë OM BEKWAAM TE VOEL

Volgens Johnston & Roseby (1997:149) kan die kind slegs 'n uitdaging suksesvol tegemoetgaan wanneer hy ‘n goeie innerlike self ervaar, met ander woorde, 'n goeie selfbeeld het. Sodoende voel die kind sy gesin ondersteun hom en is lief vir hom. Die sukses en mislukkings mag ongemak en selfs tydelike terugslae beteken, maar teen die einde bring dit wel groei teweeg. Hierdie nuwe vaardigheid vorm die basis om sukses in die toekoms te hanteer.

Hoewel hierdie nuwe vaardigheid die kind in beheer laat voel, kan dit ook angs veroorsaak wanneer daar verlies in sy lewe is. Voortdurende ouerlike konflik beroof die kind van interne ondersteuning. Volgens Johnston & Roseby (1997:150) kom die volgende woorde algemeen voor: “Ek voel vreemd oor my gesin”, “Ek is skaam oor wat gebeur het”, “Ek is bang om my vriende te vertel wat aangaan”.

Uit Pruett (1999:1) se navorsing met sesjarige kinders het die volgende na vore gekom: “Egskeiding is wanneer jou ma en pa mekaar bly rondstamp en jou gesin doodmaak.” ‘n Ander sesjarige het die volgende te sê gehad: “Dit is wanneer jy ‘n prokureur 'n klomp geld betaal om jou gesin op te breek.”

2.3.2 EMOSIONELE ONTWIKKELING

Die laerskoolkind ontwikkel 'n wyer veld van emosionele belewenisse. Hierdie groter emosionele differensiasie laat die kind toe om aan verskeie emosies uiting te gee. Die klem val veral op die gepaste en onvanpaste wyses van emosionele ontlading. Eloff (2003:4) meen dat die egskeiding langdurige gevolge op die psigologiese funksionering en ontwikkeling van die kind het. Dit raak alle aspekte van die kind se ontwikkeling, en veral die ouer-kind verhouding, die emosionele en gevolglik die gedrag en die hanteringsvaardighede. Die wyse waarop die kind uiting gee aan sy emosies reflekteer die ontwikkelingstadium waarbinne die kind verkeer, en geslagsrolidentifikasie speel 'n groot rol (Helms & Turner, 1987:252).

Volgens Sammons (2001:4) verskil die kind se emosies van dag tot dag, omdat die kind gedurende hierdie ontwikkelingstadium nog nie emosioneel volwasse is nie, en nog met baie onbekende vrese sukkel. Die egskeiding laat hom net verder bedreig en onseker voel in sy verhoudings en rolle. 'n Kind in die laerskooljare is uiters sensitief vir ander se sienings en houdings teenoor hom. Hulle glo maklik wat ander van hulle sê en neem net so maklik die skuld vir dinge wat verkeerd loop op hulleself (Du Toit & Kruger, 1991:108).

Die laerskoolkind word gekenmerk deur 'n groot surplus energie. Wood (1981:224) meen dit is juis hierdie energieke kind wat sy gevoelens van ongelukkigheid, angstigheid en verwerping uitdruk in aggressiewe gedrag. Stewart (1991:176) meen: “Poor interpersonal relations correlate with anti-social behavior. Children high in aggressiveness or other anti-social behaviors are rejected by their peers and show poor social skills.”

Volgens Sammons (2001:5) het die kind reeds lank voor die verbrokkeling van sy

© University of Pretoria

gesin of die bekendmaking daarvan, die koue atmosfeer aangevoel en reeds begin aanpas by die realiteit. Hierdie aanpassing is ongelukkig nooit finaal nie. Sodra die kind deur die volgende ontwikkelingstadium beweeg, doen nuwe situasies hulleself voor waarby aangepas moet word (Cummings, Davies & Campbell, 2001:2 en Martin, 1998:1).

Johnston & Rosby (1997:152) het die effek wat egskeiding op die laerskoolkind het, nagevors en die volgende bevind:

'n Swak en gebroke beeld van die self.
'n Onbewustelike rou oor die ware en geïntegreerde self wat verloor is deur die eise van ouerlike rusies.
Vermyding van enige interne of komplekse gevoelens, dié van die self sowel as dié van ander, deur dit óf te verdraai óf te oorvereenvoudig.
Hoë vlakke van aggressie en woede kom voor.
In die proses word die kind afgesny van sy interpersoonlike waarneming, wat deel vorm van die groeiproses in die laerskoolkind.
Ander tekens is 'n algehele gebrek aan vertroue, met die self sowel as met ander persone.
Onttrekking van interpersoonlike verhoudings.
Onuitgesproke woede wat opbou tot ‘n plofbare situasie.

Al bogenoemde redes dra daartoe by dat die laerskoolkind soms sukkel met sosiale aanpassingsprobleme. Daarom bevestig Johnston & Roseby (1997:279) dat die gesin en die verhoudings binne die gesin die deurslaggewende rol speel in die kind se sosiale ontwikkeling.

Daar word vervolgens na verskillende tipes emosies gekyk, asook hulle bydrae tot die egskeidingsproses.

2.3.2.1 WOEDE EN AGGRESSIE

Volgens Berk (1997:386) word woede en aggressie nog op 'n fisiese manier binne die laerskoolkind se ontwikkelingstadium gewys. Uitbarsting in die vorm van skoppe en klappe kom algemeen voor. Die kind leer dat woede op ander maniere ook gekanaliseer kan word, soos om verbaal daaraan uiting te gee. Hierdie woede kan ook onderdruk word as hy nie toegelaat word om vrylik uiting daaraan te gee nie. Onderdrukte woede kom gewoonlik in ‘n meer passiewe vorm na vore, deurdat ander se besittings gevat of beskadig word.

Die rede waarom die kind sy woede of aggressie op hierdie manier wys, is dat hy te na gekom of bedreig voel. Daar is gevind dat veral seuns baie aggressie teenoor die toesighoudende moeder-figuur openbaar. Die rede kan wees dat hulle voel dat die moeder verantwoordelik is vir die egskeiding omdat dit sy is wat hulle vader uit die huis gedryf het (Cummings et al., 2001:2 en Tralle, 1995:1).

Volgens Connell (1988:225) en Brown et al. (1989:316) kan dit ook toegeskryf word aan die afwesige vaderfiguur. Daarom toon dogters minder aggressie as seuns, omdat hulle by die rolmodel van dieselfde geslag teenwoordig is. Seuns soek dus na hulle identifikasiefiguur.

© University of Pretoria

Gepaardgaande met hierdie aggressie ontstaan verdeelde lojaliteit binne die kind, omdat hy geen verstaanbare oplossing vir die pyn kan vind nie (Kelly & Wallerstein, 1976:87). Spigelman & Spigelman (1991:439) bevestig bogenoemde deurdat hulle verder vind dat aggressiewe gedrag die meeste van alle emosies by die laerskoolkind tydens die egskeidingsproses voorkom.

2.3.2.2 VREES

Volgens Berk (1997:388) toon die kind gedurende die laerskoolstadium 'n afname in algemene vrese soos vir honde, geraas of donker. Nuwe vrese wat aanverwant is aan die verbreding van sosiale grense, soos skoolaangeleenthede of gesinsaspekte, kom algemeen voor. Voorbeelde van sulke vrese sal wees, 'n vrees om deur maats gespot te word, of ouerlike verwerping, of die vrees dat die ouers sal skei of dat 'n ouer te sterwe mag kom. Clark (1999:2) en Cyr (1998:2) bevestig dat egskeiding 'n verdere vrees wakker maak, naamlik om die tweede ouer ook te verloor.

Singer (1993:164) en Tralle (1995:1) het gevind dat die kind vrees dat die ouers sal ophou om vir hom lief te wees, aangesien die ouers beweer dat hulle nie meer vir mekaar lief is nie. 'n Verdere vrees is dat die ouer die kind by die skool gaan vergeet. Volgens Connell (1988:224) ervaar die kind gedurende die laerskooljare 'n algehele vrees vir verwerping, sowel as ‘n vrees dat die toesighoudende ouer ook sal weggaan, of dat iemand anders die ander ouer se plek gaan inneem, soos in die geval van ‘n hersaamgestelde gesin.

Volgens Spigelman & Spigelman (1991:440) word angs as 'n gebrek aan sekuriteit gesien wat 'n tekort aan selfvertroue tot gevolg het. As die ouer dus nie konsekwent teenoor die kind optree nie, beïnvloed dit die kind se selfbeeld, as gevolg van 'n gevoel van verwerping. In so 'n geval probeer die kind die ouer se gedrag verstaan en op homself van toepassing maak. So ‘n kind word erg verwar deur die ouer se optrede en voel later onaanvaarbaar. Ook waar die ouer betrokke raak in 'n nuwe verhouding, kan die kind antagonistiese gedrag teenoor die nuwe persoon openbaar, omdat hy onseker en bedreig voel (Johnston & Roseby, 1997:143).

Volgens Kelly & Wallerstein (1976:25) is die meeste kinders binne hierdie ontwikkelingstadium bang as gevolg van hul onstabiele gesinsomstandighede, asook die onsekerheid wat die toekoms inhou. Volgens McGhee (2001 –2004) kom 'n algemene hartseer by die kind voor, omdat hy voel dat almal wat vir hom van waarde is, weggaan. Die kind ervaar 'n groot verlies wat onrealistiese vrese tot gevolg het.

Volgens Allers (1981:20) is die kind binne die laerskool-ontwikkelingstadium baie senuweeagtig, en kom naelbytery of duimsuig algemeen voor. Volgens Kelly & Wallerstein (1976:24) onttrek sommige kinders hulle emosioneel om die vrese weg te steek. Brown et al. (1989:315) stem saam dat die verlies en spanning wat egskeiding teweegbring, op verskillende maniere deur kinders ervaar en hanteer word.

2.3.2.3 DEPRESSIE

Clark (1999:4) en Sammons (2001:4) vind dat die laerskoolkind wat deur ‘n egskeiding beweeg, belangstelling verloor in algemene aktiwiteite, soos sport en om tyd saam met maats te spandeer. Gewoonlik is dit 'n saamloop van omstandighede,

© University of Pretoria

baie keer lank voor die finaliteit van die egskeiding, wat die kind neerslagtig laat voel.

Volgens Kelly & Wallerstein (1976:24) onttrek die kind en praat met niemand oor sy gevoelens nie. Dit lyk ook of seuns makliker depressief raak as dogters. Volgens Brown et al. (1989:316) pas dogters oor die algemeen makliker aan by die nuwe situasie na die egskeiding as seuns. Die emosionele toestand waarbinne die seuns hoofsaaklik vasgevang is, word bespeur in hulle sosiale gedrag, maar veral ook by akademiese vordering.

Hughes (1996:1) en Sammons (2001:4) bespeur 'n algehele gebrek aan konsentrasie by die kind wie se ouers besig is om te skei. Swak akademiese prestasie het weer 'n direkte effek op die selfbeeld van die kind, en verhoog die gevoel van depressie en aggressie. Oppawsky (1991:296) het gevind dat tot 86% van skoolgaande kinders wat geraak word deur 'n egskeiding 'n afname in akademiese prestasies toon. Hargreaver in Pleasant-Metcalf & Rosal (1997:23) het gevind dat 'n afname in akademiese vordering saam met swak konsentrasie en 'n gebrek aan deursettingsvermoë tot 'n jaar na die egskeiding algemeen voorkom.

'n Algehele hartseer word by die kind wie se ouers besig is om te skei, gevind. Die kind is ten volle bewus van sy emosionele pyn en verlies, maar besit nog nie die vermoë om dit self te hanteer nie (Tralle, 1995:1). Daar kan dus afgelei word dat gestaltspelterapie die kind kan help om sy situasie emosioneel beter te verstaan en te hanteer, omdat die kind daarmee in beheer in van sy eie emosies kom.

2.3.2.4 SKULDGEVOELENS

Volgens Sammons (2001:5) het die kind wat binne hierdie ontwikkelingstadium deur 'n egskeidingsproses beweeg, baie skuldgevoelens rakende sy situasie. Die algehele gevoel wat hy beleef is 'n gevoel van, “Ek is nie goed genoeg nie.” Volgens Martin (1998:1) en Tralle (1995:1) verkies die kind om eerder in 'n fantasiewêreld wat hy vir homself skep, te leef. Hierdeur hou hy sy wense in stand en werk planne uit om sy ouers weer bymekaar te kry. Die kind mag ook voel dat dit sy skuld is dat sy ouers geskei is.

Clark (1999:3) bevestig dat al die kinders in sy ondersoek dieselfde wens gehad het, naamlik om hul ouers weer te herenig. Dieselfde word ook binne die navorser se privaat praktyk ervaar, sonder 'n enkele uitsondering.

Brown et al. (1989:318) en Tralle (1995:1) het gevind dat die kind maklik by ouerlike konflik betrokke raak, wat meer skuldgevoelens by die kind teweegbring. Cummings et al. (2001:2) vind dat die toesighoudende ouer se emosionele toestand 'n belangrike rol in die kind se algehele funksionering speel. Sou dié ouer emosioneel stabiel wees, is angs, depressie asook verdere gedragsprobleme in 'n mindere mate by die kind teenwoordig.

2.3.2.5 PSIGOSOMATIESE TOESTANDE

Angstigheid en spanning is algemene simptome, veral as die kind blootgestel word aan ouerlike konflik (Cummings et al., 2001:3). Dit veroorsaak veral hoofpyn, slaapprobleme, eetprobleme en maagpyn by die kind wat nie verbaal aan sy angstigheid en spanning uiting kan gee nie. Op sodanige manier raak hy ontslae van

© University of Pretoria

sy emosionele las en kry ook terselfdertyd aandag (Clark, 1999:2 en Sammons, 2001:5).

2.3.3 SOSIALE ONTWIKKELING

Vervolgens word die sosiale ontwikkeling van die laerskoolkind bespreek. Verhoudings met maats en ander volwassenes speel 'n kernrol in die kind se sosiale ontwikkeling. Volgens Johnston & Roseby (1997:195) speel die gesin die deurslaggewende rol in hierdie ontwikkelingstadium.

Kinders word soms vasgevang binne 'n lojaliteitstryd tussen die twee ouers. Dit is veral nadelig vir die kind as daar van hom verwag word om kant te kies. Dit is belangrik vir die ouers om te verstaan dat hul hantering van die egskeiding 'n deurslaggewende rol in die kind se sosiale aanpassing speel (Brown et al. 1989:319).

Daar word vervolgens slegs gekyk na die ouer-kind verhouding in die sosiale ontwikkeling van die laerskoolkind.

2.3.3.1 OUER-KIND VERHOUDING

Volgens Cyr (1998:3) ervaar die laerskoolkind 'n egskeidingsituasie baie emosioneel, met spesifieke verwysing na seuns, moontlik omdat die rolmodel, die vaderfiguur, wat hier 'n kardinale rol in die kind se lewe speel, nie altyd so betrokke is nie. 'n Algehele gevoel van hartseer en verwerping word deur die kind ervaar nadat die ouer die huis verlaat het. Gevolglik ontstaan 'n gevoel van verwerping wat weer die selfbeeld van die kind direk beïnvloed.
Die teenoorgestelde word deur Singer (1993:160) bevind, naamlik dat laerskooldogters meer as seuns met 'n negatiewe selfbeeld sukkel na die egskeiding. Die rede hiervoor kan toegeskryf word aan die verhouding wat die dogter met die vader probeer behou, maar wat nie werk nie. Gevolglik voel sy vinniger depressief en nie belangrik genoeg nie (Brown et al., 1989:316 en Huss & O'Conner, 1995:213).

Dit is belangrik dat die kind 'n goeie verhouding met beide ouers moet handhaaf, reeds voor die verbrokkeling van die gesin, om die aanpassingsproses te vergemaklik. As die geslag van die toesighoudende ouer van dié van die kind verskil, is die kanse goed dat die kind meer aanpassingsprobleme sal ondervind as wanneer die geslag van die ouer en die kind ooreenstem (Black & Pedro-Carroll, 1993:1020 en Lee, 1997:63).

Cantell (1986:146) vind dat daar altyd 'n verlange na die afwesige ouer by die kind teenwoordig is. Die gevolg is 'n langdurige verlange en treur, wat veral by seuns voorkom. Dit is dan ook die wens van die meeste kinders om meer kontak met die afwesige ouer te hê.

Johnston & Roseby (1997:147) bevestig dat die kind 'n gevoel van verwerping beleef teenoor die nie-toesighoudende ouer, en dat aggressiewe gedrag wat geopenbaar word, 'n direkte simptoom van die verlies is. Gevolglik word hierdie verlies op die toesighoudende ouer, broers en susters, asook soms die maats en die onderwysers geprojekteer.

Hetherington, Cox & Cox in Lee (1997:63) vind dat meer gereelde besoeke met die

© University of Pretoria

nie-toesighoudende ouer 'n meer positiewe effek op die kind se aanpassing het, maar slegs as daar nie konflik tussen die twee ouers is nie.

Volgens Sammons (2001:9) speel die volgende aspekte 'n belangrike rol by die ouer-kind verhouding en die gevoel van verwerping wat die kind gedurende egskeiding ervaar:

Aggressiewe houdings tussen die twee ouers voor die kind. Dit is baie traumaties vir die kind om sy ouers te sien of hoor baklei, selfs agter ‘n toe deur.
As die een ouer die ander ouer voor die kind kritiseer of slegsê, raak dit die kind emosioneel omdat hy vir beide ouers lief is, en dit so wil hou. Dit beïnvloed op so 'n manier die kind se selfwaarde.
As die kind sonder 'n verstaanbare rede van die ander ouer weerhou word.
Beperkte telefoniese gesprekke of selfs e-posboodskappe maak dit moeilik vir die kind om aan die langtermynverhouding met die afwesige ouer te werk.
Leuens of vals inligting aan die kind as rede vir die verbrokkeling van die gesin, benadeel die vertrouensverhouding tussen ouer en kind.
Wanneer die kind as boodskapper gebruik word om reëlings aangaande finansies of besoeke te tref, plaas dit die kind in die middel van die geveg tussen sy twee ouers, iets wat die emosionele pyn van die kind verder vererger.
As daar van die kind verwag word om geheime te bewaar aangaande wie die huis besoek en wat in die huis aangaan, plaas dit 'n stremming op die spontane kommunikasie tussen die kind en die ouer.
As die kind as speurder tussen die ouers gebruik word, plaas dit spanning op hom en bring dit soms konflik teweeg.
As die ouer die kind vir sy emosionele steunpilaar gebruik.
As daar te veel volwasse verantwoordelikheid op die kind geplaas word.
Wanneer die behoeftes van die kind geïgnoreer word, veral rakende besoektye met die nie-toesighoudende ouer.
Die onvermoë van die ouers om die kind se kritiek en aggressiewe gedrag te hanteer, veral as die kind nie toegelaat word om uiting te gee aan sy woede rondom sy situasie nie.
Ouers wat nie bereid is om te aanvaar dat die kind se behoeftes en belange kan verskil van sy eie nie.
Brown et al. (1989:319) bevestig dat die kind meer waarde daaraan heg dat die ouer sy beloftes rondom besoektye moet hou, as wat daar vaste besoektye moet wees. Die navorser het dieselfde in die privaat praktyk ervaar wanneer dit by besoeke kom.

Johnston & Roseby (1997:153) vind dat die kind oorbetrokke is by sy eie gedagtegang, gevolglik beroof dit hom van spontane innerlike ervarings en interpersoonlike verhoudings wat veral moet kan plaasvind gedurende hierdie ontwikkelingstadium. By sommige kinders ontstaan daar 'n verwronge denkpatroon oor hulleself en oor ander. Van die kinders fokus hierdie patrone rondom spesifieke situasies, soos die geweld wat binne die gesin plaasvind. Vir ander voorsien dit hanteerbare maniere om die spanning binne die verhouding in die gesin te hanteer. Hierdie patrone dien dus as 'n algehele basis om alles as normaal af te maak, waar denke, emosies en reaksie onveilig voel. Hierdie manier van fragmentariese verdediging gee vir die kind 'n gevoel van veiligheid en beheer, maar ten koste van die spontane, buigbare en ware self (Johnston & Roseby, 1997:153).

2.4 HANTERINGSVAARDIGHEDE VAN DIE KIND

© University of Pretoria

Volgens Johnston & Roseby (1997:155) is daar verskeie wyses waarop die kind homself probeer verdedig om hom te beskerm teen die seer en sake wat hy nie kan hanteer nie. Vir hierdie navorsingsdoeleindes word slegs die volgende vier wyses bespreek: die gelukkige masker, die afgesonderde self, die plofbare self en die begrip geregtigheid teenoor vervreemding.

2.4.1 DIE GELUKKIGE MASKER

Sommige kinders voel veilig in patrone waarbinne hulle beperk is om die eie self en sy belewenisse weg te steek. Daar kan dus gesê word dat hierdie kinders nie ten volle teenwoordig is wanneer daar met hulle gekommunikeer word nie. Hulle maak gebruik van maskers om nie die ware self te ontbloot nie. Sommige kinders gebruik 'n glimlag om mense van hulle af weg te hou en ander skep 'n beeld waarbinne geen seer of woede bespeur word nie. Die idee word geskep dat alle negatiewe emosies uitgevee is. Dit is dus vir hulle nodig om in beheer van hulle emosies te voel (Johnston & Roseby, 1997:157).

2.4.2 DIE AFGESONDERDE SELF

Sommige kinders skep vir hulle veiligheid deur enige vorm van interaksie met ander te weier en sodoende hulle selfbeheer te verloor. Enige vorm van spontane interaksie word hier deur die kind weerhou en vervang met 'n ondeurdringbare afgesonderdheid. Hierdie front kan vir maande voortduur en kom veral by dogters voor (Johnston & Roseby, 1997:157).

2.4.3 DIE PLOFBARE SELF

Hierdie verskynsel kom meer by seuns as by dogters voor, moontlik omdat dit 'n gevoel van veiligheid gee en gevaar meer vormloos en moeilik peilbaar maak. Die kind sukkel gewoonlik om sy woede teenoor die aggressor te wys, maar weet ook nie hoe om daarvan ontslae te raak nie. Woede is slegs 'n versteekte vorm van die emosionele pyn wat die kind ervaar. Indien daar nie van hierdie woede ontslae geraak word nie, kan dit omsit in woede vir die self (Johnston & Roseby, 1997:1580).

2.4.4 GEREGTIGHEID TEENOOR VERVREEMDING

In hierdie situasie identifiseer die kind met die een ouer as die “goeie ouer”, en tree daarvolgens op. Die ander ouer word gesien as die “slegte ouer” wat onsimpatieke en onaanvaarbare gedrag teenoor die kind openbaar. Die kind voel veilig en in beheer deur hom byvoorbeeld aan die toesighoudende ouer se kant te skaar. Die kind laat die afwesige ouer dus skuldig voel omdat hy die “slegte ouer” is. Sodoende kry die kind die emosionele ondersteuning wat hy benodig. Vir die laerskoolkind is hierdie verdraaide konsep van die self en sy verhoudings uiters noodsaaklik, omdat dit hom in staat stel om nie verder betrokke te raak by lojaliteitsverdelings nie (Johnston & Roseby, 1997:159).

© University of Pretoria

2.5 SAMEVATTING

Vir meer as twintig jaar al word daar besef dat egskeiding op sigself baie nadelige effekte op kinders se lewens het, met spesifieke verwysing na die laerskoolkind.

Egskeiding word gesien as 'n punt waar die huwelik wettiglik getermineer word en die eenheid van die gesin nie meer bestaan nie, wat 'n finale breuk in die kind se sekuriteit veroorsaak (Butler et al., 2003:9). Volgens Clapp (1992:32) word egskeiding sinoniem met ontwrigting, verandering, heraanpassing, herorganisasie en stres beskou. Die kind word gedwing om nuwe hanteringstrategieë te ontwikkel om sodoende sy stabiliteit te herwin.

Die laerskoolkind is die kind wat reeds met formele akademiese onderrig begin het. In hierdie navorsing word daar met die kind vanaf die ouderdom ses tot nege jaar gewerk. Volgens Louw & Edwards (1993:549) is dit 'n tydperk in die kind se lewe wat veronderstel is om gekenmerk te word deur relatiewe rustigheid en kalmte.

Egskeiding het 'n invloed op die laerskoolkind se kognitiewe, emosionele en sosiale ontwikkeling. As invloed op die kognitiewe is die volgende bespreek: die vermoë om goed te voel, die vermoë om aanvaarbaar te voel en die vermoë om bekwaam te voel.

Onder die emosionele aspek is die invloed van egskeiding op die volgende gevoelens in ag geneem: woede en aggressie, vrese, soos dat my ouers nie meer vir my lief is nie, asook depressie en skuldgevoelens en verskillende psigosomatiese toestande.

Die oomblik wanneer die kind nie meer oor homself kan goed voel nie, of nie meer aanvaarbaar voel nie, voel hy ook nie meer bekwaam nie en ontstaan daar dikwels vrese of depressie. Die kind wat wel kies om sy ongemak te wys, wys dit dikwels deur woede of aggressie, en ander kere deur psigosomatiese toestande soos maagpyn of slaapprobleme.

Ten opsigte van die sosiale ontwikkeling van die laerskoolkind, is die invloed van egskeiding op die ouer-kind verhouding bespreek. In hierdie verband kan met reg gesê word dat die laerskoolkind se algemene funksionering en menswees deur die egskeidingsproses benadeel word. Byna al hierdie kinders sukkel met verhoudingsprobleme, hetsy met sy ouers of met die portuurgroep.

Baie van hierdie kinders leer om hulle seer weg te steek deur óf maskers te dra óf die een ouer uit te sonder vir sy lojaliteit en aandag. Die feit is, egskeiding het 'n nadelige uitwerking op die laerskoolkind se funksionering.

Vervolgens gaan daar gekyk word hoe die kind met behulp van gestaltspelterapie-tegnieke gehelp kan word om die effek wat egskeiding op hulle het, aan te spreek.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 3

3. GESTALTSPELTERAPIE

3.1 INLEIDING

Daar is verskeie benaderings waarvolgens spelterapie gedoen kan word. Die navorser het op gestaltbenadering besluit omdat dit 'n holistiese benadering is wat met gemak met jong kinders benut kan word. Met gestaltterapie word gefokus op dit wat in die hier-en-nou gebeur. Daar hoef dus nie op die onderbewuste gefokus te word nie (Groenewald, 1997:10). Dit is die mening van die navorser dat alle gebeure wat die kind binne die verwysingsraamwerk tussen die ouderdom van ses tot nege jaar beleef, as 'n hier-en-nou gebeurtenis ervaar word.

Volgens Perls, Hefferline & Goodman (2003:viii) is gestaltterapie 'n humanistiese, prosesgeoriënteerde vorm van terapie. Dit omsluit die kognitiewe en emosionele totaliteit van elke persoon, elke oomblik en tydens elke gebeurtenis. Die woord “gestalt” verwys dus na 'n geheel van die kind deurdat hy dit na sy huidige ervaringswêreld bring.

3.2 DOELSTELLINGS VAN GESTALTTERAPIE

Volgens Perls in Thompson & Rudolph (1996:141) is die doel van gestaltterapie die verdieping van die kind se sin van bewustheid, sodat die kind hierdeur begelei kan word om sy lewe ten volle in die hier-en-nou te ervaar. Die maatstaf vir sukses tydens gestaltterapie is dus om waar te neem in watter mate die kind gegroei het in sy bewustheid, die neem van verantwoordelikheid ten opsigte van sy dade en die skuif van omgewingsteun na selfsteun. 'n Gestalt word sodoende gevorm as gevolg van 'n nuwe behoefte wat ontstaan het en bevredig is – homeostase is dus bereik.

Volgens Corey (1990:319-320) kan die terapeutiese doelstellings van gestaltterapie soos volg weergegee word:

Om polariteite in die self te integreer.
Om kontak met die self en ander te bewerkstellig.
Om selfstandig in plaas van afhanklik te wees.
Om die kliënt bewus te maak van wat hy in die hier-en-nou ervaar, beleef, fantaseer en voel.
Om die kind te help om sy eie grense met helderheid te definieer.
Om insig in aksie te omskep.
Om die selfinsig op te volg met kreatiewe eksperimentering.

Die navorser vanuit die maatskaplike werk verwysingsraamwerk, sal poog om die kind te help om homself in kontak met sy emosies en denke te bring. Drie doelstellings van gestaltspelterapie word vervolgens bespreek: selfondersteuning, bewustheid en integrasie.

© University of Pretoria

3.2.1 SELFONDERSTEUNING

Selfondersteuning is 'n proses om die kind te leer om meer verantwoordelikheid vir homself te aanvaar en minder van omgewingsteun afhanklik te wees ten einde in 'n verantwoordelike volwasse persoon te ontwikkel(Perls et al., 2003:215-220). Die gestaltterapeut poog om vas te stel hoe die kind homself ondersteun in die oplossing van probleme en wil probleemoplossings fasiliteer deur middel van selfregulering, besluitneming en selfondersteuning (Yontef & Simkin, 1989:337-338). Hierdie is van kardinale belang,veral as in ag geneem word dat die laerskoolkind nog sukkel om 'n lojaliteitsprong tussen sy ouers te maak (Johnston & Roseby, 1997:196).

Volgens Matsemela en Van der Merwe (1996:167) kan selfondersteuning eers gebeur wanneer insig en vordering plaasvind. Sodoende leer die kind om in homself te glo en begin hy verantwoordelikheid vir sy dade neem. Hierdie proses kan bevorder word deur van semantiese opklarings, soos “Ek-boodskappe” gebruik te maak.

Selfondersteuning sluit beide selfkennis en selfaanvaarding in. Die kind moet dus deur middel van hulpverlening daartoe gelei word om homself te ken en te aanvaar. So leer hy om meer verantwoordelikheid vir sy eie bestaan te aanvaar en is hy in staat tot meer realistiese keuses vir gedrag (Perls et al., 2003:215-220). Daar kan dus gesê word die spelterapeut leer die kind om vir homself keuses te maak en verantwoordelikheid te neem.

3.2.2 BEWUSTHEID

Volgens Oaklander (1994:146) is ervarings die sleutel tot bewustheid en bewustheid is die sentrale doelstelling van gestaltterapie. Soos die kind meer bewus raak van sy prosesse, besef hy dat hy keuses kan uitoefen. Hier speel die gesin 'n deurslaggewende rol, veral as dit by die kind se sin vir selfwaarde asook selfvertroue kom, want hier leer die kind die vermoë om goed, aanvaarbaar en bekwaam te kan voel (Johnston & Roseby, 1997:140).

Aronstam (1989:635) meen dat 'n organisme deur volle bewustheid in staat gestel word om sy mees dominante behoefte te identifiseer en toepaslik kontak met sy omgewing te maak. Perls (2003:82-84) beskryf bewustheid as 'n vorm van ervaring. Bewustheid sluit die volgende in: verantwoordelikheid om keuses uit te oefen, selfkennis, selfaanvaarding en die vermoë om kontak te kan maak (Yontef & Simkin, 1989:337). Dit is deel van 'n proses waartydens 'n mens sensories, emosioneel en kognitief in kontak is met die meeste gebeurtenisse.

Volgens Schoeman (1996:53) is dit belangrik dat die kind sensories in kontak met homself moet wees om 'n vlak van bewustheid rondom eie emosies te kan besit. Verskeie speletjies kan met die kind gespeel word om sy bewustheid te verskerp, soos byvoorbeeld die “What's in the bag” speletjie. Hierdeur word nie net die fisiese bewustheid van die kind verhoog nie, maar ook sy sosiale, emosionele en kognitiewe bewustheid. Volgens Perls et al. (2003:82) kan dit saamgevat word in ‘n “Now I am aware that…”

Daar kan dus met reg gesê word dat bewustheid in die hede plaasvind deurdat die kind insig in sy emosionele, kognitiewe en sosiale toestande verkry. Hierdie insig stel die kind in staat om keuses uit te oefen, en te besef hoe sy keuses homself en ander

© University of Pretoria

beïnvloed. Deur bewustheid te verhoog kom die kind meer in kontak met homself en ander in sy omgewing.

3.2.3 INTEGRASIE

Volgens Oaklander (1994:109) is integrasie die voltooiing van 'n onvoltooidheid. Dit is deur modaliteite dat 'n organisme in kontak met homself en die omgewing kom. Volgens Brown, Portes & Christensen (1998:315-323) sukkel kinders wat aan 'n egskeiding blootgestel word, met algemene aanpassings en gedragsprobleme.

Volgens Perls et al. (2003:234) is integrasie die volgende: "The assimilating of novelty occurs in the present moment as it passes into the future. Its result is never merely a rearrangement of the unfinished situations of the organism… but we look for the urgency of unfinished situations in the present situation, and by present experimentation with new attitudes and new materials from the experience of the actual day to day, we aim at a better intergration." Hess & Camara (1979:88) meen dat 'n egskeiding vir die laerskoolkind 'n kognitiewe legkaart is en dit is juis daarom dat hy met sosiale en affektiewe dissonansie en inkonsekwentheid sukkel.

Integrasie is dus 'n samevoeging van liggaamfunksies, sintuiglike waarneming, gevoelens, gedagtes en fantasieë.

3.3 BEGINSELS IN GESTALTTERAPIE

3.3.1 HOLISME

Perls et al. (2003:234) beskou die mens as 'n geïntegreerde organisme wat altyd as 'n eenheid funksioneer, en nie sonder sy omgewing kan bestaan nie. Daar word van die standpunt uitgegaan dat 'n lewende wese 'n geheel is en as geheel bestudeer moet word. Die geheel beskik dus oor eienskappe wat nie ontdek kan word as die samestellende elemente afsonderlik bestudeer word nie.

Die navorser is van mening dat daar met die kind se emosies (sy balans van die situasie) en denke (redenasievermoë) gewerk moet word om 'n sinvolle eindproduk te bewerkstellig en sodoende die kind in staat te stel om verantwoordelikheid te neem. Die navorser het juis om hierdie rede tydens die empiriese studie baie aandag bestee aan die kognitiewe, emosionele en sosiale ontwikkeling van die laerskoolkind.

3.3.2 HOMEOSTASE

Behoeftes word sowel binne die individu as vanuit die omgewing bevredig. Die omgewing bring ook voortdurend nuwe behoeftes tot stand. Nuwe behoeftes gee aanleiding tot ongemak, totdat 'n manier gevind kan word waardeur dit bevredig kan word en sodoende groei veroorsaak (vergelyk Perls, 2003:420 en Oaklander, 1994:143).

Daar kan dus met reg gesê word dat die kind in sy strewe om homeostase

© University of Pretoria

(ekwilibrium) te bereik, poog om deur die proses van selfregulering sy behoeftes te bevredig. Sodra die behoeftes bevredig is, word balans verkry. Die kind raak ook bewus van hulpbronne uit sy omgewing en maniere om hierdie hulpbronne suksesvol aan te wend ten einde sy behoeftes te bevredig. Daarom is goeie steunstelsels vir die kind van kardinale belang.
Deel van die navorsing is om die kind bewus te maak van sy veilige plekkie, asook die selfvertroetelende aksies wat hy kan gebruik om sy emosionele balans te herstel. Volgens Johnston & Roseby (1997:140) speel verhoudings, hetsy met die gesin of die portuurgroep, 'n belangrike rol.

3.3.3 FIGUURVOORGROND

Verskeie skrywers (vergelyk Perls et al., 2003: 378, Thompson & Rudolph, 1996:139 enYontef & Simkin, 1989:337) maak melding van die mens se figuurvoorgrond.

Die “figuur” word gesien as die belangrikste of dominante behoefte van die mens. Die “grond” verwys na die agtergrond van die mens se ervaring op die spesifieke oomblik. Die “figuur” verdwyn sodra die behoefte bevredig is en die gestalt voltooi is. Dit word dan deel van die agtergrond en 'n nuwe behoefte kom na die voorgrond. Dus is die proses van figuurgrond-interaksie voortdurend aan die gang.

Volgens die navorser kan daar gedurende gestaltspelterapie met die kind van verskeie spelterapietegnieke soos byvoorbeeld die monstertegniek, gebruik gemaak word om onvoltooidhede te voltooi en sodoende beheer oor sy probleem te verkry. Probleme wat veral by kinders voorkom, soos vanuit die literatuur bespreek (Johnston & Roseby, 1997:152; Sammon, 2001:5; Clark, 1999:4 en Berk, 1997:385), maar soos die navorser ook in haar privaat praktyk ervaar, is 'n swak en gebroke selfbeeld, hoë vlakke van aggressie en woede, vrese, depressie, skuldgevoelens asook onttrekking van interpersoonlike verhoudings.

3.3.4 KONTAK EN KONTAKGRENSVERSTEURINGS

Die organisme poog altyd om kontak met sy omgewing te maak om sy behoeftes te bevredig, daarom het hy ook grense nodig om hom van sy omgewing te onderskei. Hierdie grense is nodig om te verhoed dat die organisme sy identiteit verloor. Die kontakgrense moet egter deurdringbaar wees ten einde uitruiling tussen die organisme en die omgewing moontlik te maak en groei teweeg te bring. Wanneer die mens se grense te rigied en onbuigbaar is, strem dit verandering (Perls et al., 2003:227-229).

Volgens Oaklander (1994:144) blokkeer, onderdruk en beperk die kind sy sintuie, liggaam, emosies en intellek om te kan oorleef. Hierdie beperkinge word kontakgrensversteurings genoem. Elke keer wanneer 'n nuwe voorgrond gëidentifiseer is, moet die kind 'n goeie balans tussen homself en die wêreld daarbuite kan vorm. So 'n kind kan óf afhanklik óf onbereikbaar vir kontak raak. Dit is belangrik om voortdurend die sensoriese bewustheidsvlak te stimuleer en hom sodoende in kontak met sy sensoriese waarneming te bring. Daar kan van gehoor-, sig-, smaak-, gevoel- of selfs reukwaarnemings-oefeninge gebruik gemaak word.

Die volgende skrywers (vergelyk Perls et al., 2003:451-455; Oaklander, 1994:283; Yontef & Simkin, 1989:332-333) onderskei tussen die volgende vorme van

© University of Pretoria

kontakgrensversteurings: introjeksie, projeksie, samevloeiing, retrofleksie, defleksie en polariteite.

INTROJEKSIE

Introjeksie is die proses waardeur die individu inhoude soos waardes, gedrag, houdings en gevoelens kritiekloos vanuit sy omgewing oorneem, maar wat nie geassimileer en deel van die individu gemaak word nie. Dit word dus in 'n afdwingbare vorm opgeneem. Die organisme kan egter slegs groei deur die assimilasie van nuwe materiaal (Perls et al., 2003:189-199). So 'n voorbeeld wat algemeen by die laerskoolkind voorkom is dat hy glo hy nie vir sy ouers mag kwaad wees as hy nog vir hulle lief is nie.

Dit beteken dat 'n individu afhanklik raak van sy omgewing om dieselfde te bly, anders veroorsaak dit spanning sodra sy geïntrojekteerde waardes nie meer in pas is met sy omgewing nie.
Die kind het nie die vermoë om te diskrimineer met betrekking tot boodskappe wat hy oor homself hoor nie. Hierdie introjeksie vernietig sy gevoel van die self, selfbeeld en selfagting (Oaklander, 1994:145).

Volgens Schoeman (1996:37) kan introjekte ook tydens spelterapie vir die kind van waarde wees. Verbeeldingspel, nabootsing en rolspel is gesonde vorme van introjekte. Die kind kry die geleentheid om nuwe introjekte uit te speel en sodoende te assimileer en deel van hom te maak. So leer hy goeie gewoontes aan.

3.3.4.2 PROJEKSIE

Projeksie is ‘n houding, gevoel of gedrag wat eie aan die persoonlikheid is, maar toegeskryf word aan 'n objek of persoon in die omgewing en wat ervaar word direk tot die self. Projeksie is dus die neiging om die omgewing verantwoordelik te hou vir wat in die self ontstaan (Perls et al., 2003:211-224). Deur projeksie poog die individu om homself te reinig van sy gefantaseerde introjekte wat in der waarheid nie introjekte is nie, maar aspekte van homself. Die teenpool van projeksie is toe-eiening. Projekteerders blameer gewoonlik ander individue vir gevoelens en denke wat in hulleself ontstaan.

Dit is die mening van die navorser dat die kind tydens terapie van projeksie gebruik maak om homself beter te begryp, asook om bepaalde boodskappe wat hy oor homself gehoor het en waarvan hy nie hou nie, na ander oor te dra. Die kind is ook geneig om sy emosionele seer in die vorm van woede teeroor iemand anders uit te woed. Hier is die toesighoudende ouer soms die slaansak vir die nie-teenwoordige ouer, wat die kind verlaat en verstoot laat voel (Johnston & Roseby, 1997:147).

3.3.4.3 SAMEVLOEIING

Samevloeiing beteken dat die individu geen grense tussen hom en sy omgewing

© University of Pretoria

ervaar nie. Hierdie gebrek aan grense weerhou die individu van positiewe kontak met ander. So 'n persoon stel ander tevrede ten koste van homself. Volgens Johnston & Roseby (1997:153) word die kind van sy spontane innerlike ervarings en interpersoonlike verhoudings beroof, gevolglik ontstaan daar 'n verwronge patroon om homself en ander te verstaan. Die laerskoolkind sukkel dan om nie betrokke te raak by die ouerkonflik nie. Samevloeiing kan egter ook soms positief benut word. Wanneer daar ware en gesonde kontak plaasvind tussen mense, vind natuurlike en gesonde samevloeiing van energie plaas. Hierdie vorm van samevloeiing kan positief tydens terapie tussen kind en terapeut gebruik word om die terapeutiese doelstellings te bereik (Perls et al., 2003:118 en Yontef & Simkin, 1989:332).

3.3.4.4 RETROFLEKSIE

Retrofleksie volgens Perls et al. (2003:146) beteken letterlik “to turn sharply back against” en “… redirects activity inward…” Dit is kritiek teen die self. Isolasie of onttrekking vind plaas en die gevolg is vrees om emosies na buite te rig. Die individu met retrofleksiewe gedrag behandel homself soos hy ander oorspronklik wou behandel of soos wat hy wil hê ander hom moet behandel. Die individu word letterlik sy eie vyand en word gevolglik geïsoleer (Perls et al., 2003:146-188). Volgens Cyr (1998:2) is dit die rede waarom die laerskoolkind vrese soos byvoorbeeld dat sy ouers nie meer vir hom gaan lief wees nie, ervaar.

Die navorser is van mening dat retrofleksiewe gedrag veral voorkom by kinders in krisis-situasies soos egskeiding. Die kind voel bang en onseker om sy gevoelens aan die ouer oor te dra en hou dit vir homself. Die kind mag dus ongelukkige gevoelens na binne rig en homself beseer, emosioneel of fisies deur selfdestruktiewe gedrag.

3.3.4.5 DEFLEKSIE

Defleksie is om direkte kontak met ander mense te vermy, deur bewustheid van kontak met die omgewing te verminder. Die individu poog dus om homself teen emosionele pyn te beskerm deur van oordrewe humor, abstrakte veralgemenings en vrae in plaas van stellings of selfs skop en slaan gebruik te maak (vergelyk Yontef en Simkins, 1989:332; Oaklander, 1994:284 en Thompson & Rudolph, 1996:145).

Johnston & Roseby (1997:155) onderskei vier verskillende hanteringsvaardighede wat die kind gebruik om homself teen emosionele seer te beskerm.

Die navorser is dus van mening dat defleksie is wanneer die kind in ontkenning is en weerstand toon. Defleksiewe gedrag vind dus plaas wanneer die kind die uitdrukking van sy gevoelens vermy. Volgens Sammons (2001:4) is dit 'n teken van depressie wat soms by die kind kan voorkom.

3.3.4.6 POLARITEITE

Volgens die gestaltteorie bestaan die persoonlikheid uit polariteite. 'n Groot deel van die mens se alledaagse lewe bestaan daaruit om konflik wat voortgebring word deur kompeterende polariteite, op te los (Thompson & Rudolph, 1996: 142).

© University of Pretoria

Die navorser is van mening dat die kind binne 'n trauma soos egskeiding veral worstel met polariteite rakende die lojaliteit betrokke by sy ouers, en gevolglik die hele tyd op soek is na emosionele balans.

3.4 TERAPEUTIESE PROSES VAN GESTALTSPELTERAPIE

Volgens Oaklander (1994:289-297) en Oaklander (1988:193) bestaan die proses van gestaltspelterapie uit verskillende fases. Schoeman (2000:13) verdeel die terapeutiese proses in 13 stappe, naamlik: bou van die terapeutiese verhouding, sensoriese waarneming, die proses van die kind, projeksies, besit van projeksie, alternatiewe, keuses, verantwoordelikheid van keuses, besit van gevoelens, polariteite, selfvertroeteling, veilige plek en terminering.

3.4.1 TERAPEUTIESE VERHOUDING

Gedurende die eerste paar sessies word aandag gegee aan die daarstel van 'n terapeutiese vertrouensverhouding. Hier leer die kind om in kontak met sy eie gevoelens en gedagtes te kom, deurdat daar duidelike grense aan hom verskaf word (Oaklander, 1988:193). Die navorser het ook sewe reëls wat in die speelkamer geld, naamlik:
Die kinderkliënt hoef nie weer te kom as dit nie vir hom lekker is en hy nie weer wil kom nie.
Niks wat hy vir die navorser vertel, mag sy sonder sy toestemming aan enige iemand vertel nie.
Niks van die speelgoed mag uit die speelkamer verwyder word nie.
Niemand mag iemand seermaak nie.
Daar word slegs een speletjie per sessie gespeel, waarna daar gewerk word.
Die werk bestaan uit die skep van 'n prentjie, deur te teken of in die sandbak te bou.
Die kind kan kies met watter speletjie die sessie begin word.

Waardevolle inligting kan reeds gedurende hierdie eerste paar sessies verkry word (Van der Merwe, 1996:189).

Volgens Schoeman (1996: 22) hou 'n goeie verhouding die volgende voordele vir die kind in:
Die kind kan op 'n dieper terapeutiese vlak met die terapeut kommunikeer.
Die kind word gemotiveer om die frustrasie wat in die terapeutiese sessie ontstaan, te trotseer.
Die kind leer om na selfverantwoordelikheid te streef.

Volgens Schoeman (1996:29-30) is die hoofdoelstelling in die terapeutiese verhouding die volgende:
Dit is noodsaaklik om te weet wat die oorsaak van die probleem was wat die ouers genoodsaak het om die kind vir terapie te bring.
Die kind moet in kontak met sy sensoriese, emosionele en kognitiewe behoeftes kom.
Die kind moet deur middel van spelterapie gehelp word om sy behoeftes te vervul.

© University of Pretoria

Die kind moet tot die besef gebring word dat die terapeutiese situasie pynlik van aard kan wees, maar dat dit noodsaaklik is vir sy herstel.
Die kind moet ook weet dat hy self keuses sal moet maak en verantwoordelikheid daarvoor sal moet aanvaar.
Die terapeut sal 'n studie van die kind se selfregulerende sisteem moet maak.
Die terapeut moet die kind bemagtig ten einde verantwoordelikheid vir sy keuses te aanvaar.

Volgens Oaklander (1994:281) behels die wyse van kontakmaking die ontmoeting van twee persone. Hier is die terapeut, ten spyte van sy ouderdom of geleerdheid, nie belangriker as die kind nie. Die terapeut moet eg en opreg voorkom en die kind met respek en eerbied ontmoet. Die kind word aanvaar soos wat hy homself bekendstel met al sy beperkinge en grense. Terselfdertyd is die terapeut bewus van sy eie beperkinge en behou dus so sy eie identiteit, ten spyte van die terapeutiese verhouding. Die terapeut mag wel sy eie beplanning en doelwitte na die sessie bring, want dit word nie verwagtinge nie.

Die terapeut mag nie die kind forseer nie, maar skep 'n veilige atmosfeer. Schoeman (1996:33) ondersteun hierdie konsep deur te sê die terapeut word die kind se “maatjie”.

Volgens Geldard & Geldard (2002:46) het die kind sy eie unieke persoonlikheid en behoeftes wat in gedagte gehou moet word met die terapeutiese verhouding. Dit is egter belangrik dat die kind die doel van die terapie moet verstaan, anders weet hy nie wat om te verwag nie.

Volgens Aronstam (1989:640) behoort dit 'n “Ek-Jy-verhouding” te wees. Dit beteken dat dit 'n interaksie tussen twee mense is, waarin die ander persoon as mens en nie as objek nie gesien word. Sodra die verhouding 'n “Ek-Dit-verhouding” word, word die persoon 'n objek en sou dit die gevolg wees van vooropgestelde idees van die terapeut.

3.4.2 SENSORIESE EN LIGGAAMLIKE KONTAKMAKING

Volgens Levine & Shefner in Schoeman & Van der Merwe (1996:41) verwys sensoriese stimulasie na die proses waaruit stimuli vanuit die omgewing geneem word om 'n persepsie te vorm. Op grond van elke persoon se uniekheid word daar verskillend gereageer. Daar kan op hierdie impulse gereageer word of dit kan onderdruk word. In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat die kind se sensoriese vaardighede goed ontwikkel word om hom sodoende te help om betekenis te gee aan en kontak te maak met sy omgewing.

Om weer in kontak met sy emosionele en liggaamlike funksies te kom, moet 'n kind gebruik maak van al sy sintuiglike funksies, en sodoende leer om gemaklik met sy eie liggaam te wees (Oaklander, 1988:123 en Schoeman, 1996:41-57).

Volgens Schoeman in Schoeman & Van der Merwe (1996:52) kan die terapeut verskeie hindernisse ervaar wanneer daar gepoog word om in kontak met die kind se emosies te kom. Kinders sukkel soms om verbale uiting aan hulle gevoelens te gee.

Die kind met 'n probleem, byvoorbeeld egskeiding, het gewoonlik ook probleme met sy kontakfunksies (Oaklander, 1988:57). Deur te fokus op die kind se sensoriese kontakmaking, kan hy meer bewus word van spesifieke emosies wat hy op 'n gegewe

© University of Pretoria

oomblik ervaar. Daar word van verskeie spelaktiwiteite gebruik gemaak om die kind te help. Tegnieke sluit mediums soos water, klei en teken in. (Vergelyk Oaklander; 1988:110 en Schoeman, 1996:42).

Volgens Oaklander (1988:284) is liggaamsbewustheid die basis vir 'n sterk sin vir die self. Daar kan dus gesê word dat die kind deur sy liggaamshouding uiting aan sy emosies gee.

Oaklander (1988:110 - 135) maak van die vyf sintuie, asook praat en beweging gebruik om die kontakfunksie en selfondersteunende funksie van die self aan te wakker, naamlik: tas, gesig, gehoor, smaak en reuk.

Oaklander (1988:284) maak gebruik van ontspannings-, asemhalings- en bewegingsoefeninge. Die rede hiervoor is dat liggaamshouding 'n belangrike aspek van selfaanvaarding is. Hier sal aktiwiteite soos om jouself te teken, of in die spieël te kyk, of om van pendeltegnieke gebruik te maak, benut word. Die navorser gebruik om hierdie rede die roosboomtegniek.

Die eerste en die belangrikste stap in die proses na selfondersteuning is om die huidige emosie te aanvaar: “Change occurs when one becomes what he is, not when he tries to become what he is not” (Oaklander,1988:284).

3.4.3 PROSES-BEPALING VAN DIE KIND

Elke kind het 'n unieke proses waardeur hy funksioneer. Met proses-bepaling word daar gepoog om vas te stel oor watter probleemoplossende vaardighede die kind reeds beskik (Schoeman, 2000:13). Die terapeut sal 'n studie van die kind se selfregulerende sisteem maak. Daar word vervolgens gekyk na karaktereienskappe van die kind, selfbeeld – hoe hulle hulleself sien en watter waarde aan die self geheg word, innerlike vermoë, die hantering van weerstand, behoefte aan beheer en die uitoefening van keuses, die wyse van verantwoordelikheid neem, asook om die emosionele self weer in balans te kry.
Volgens Geldard & Geldard (2002:44) is hierdie inligting van onskatbare waarde in die terapeutiese proses om die kind te verstaan en te kan help. Die navorser maak ook hier van speletjies gebruik. Deur die gebruik van speletjies kan die proses van die kind fyn waargeneem word.

3.4.4 PROJEKSIE

In gestaltterapie word daar op die hier-en-nou gefokus. Yontef en Simkin (1989:340) verwys na die nou as die hede. Aronstam (1989:639) bevestig dit deur te sê die kliënt fokus in gestaltterapie op die hede, omdat hy slegs in die hede kan ervaar. Gebeurtenisse uit die verlede word saamgedra as onvoltooidheid wat huidige behoeftebevrediging beïnvloed en selfs dwarsboom. Die terapeut stel belang in hoe hierdie onvoltooidheid die kind nou beïnvloed. Die kind word aangemoedig om oor sy ervarings in die hier-en-nou te praat. Daarom staan die terapeut stil by wat die kind nou voel. Die egskeiding se invloed op die huidige emosies, gedrag, verhoudings en skoolvordering word hanteer.

Volgens Oaklander (1994:193) is projeksie 'n verdedigingsmeganisme wat kinders

© University of Pretoria

gebruik om veilig te voel. Deur projeksie kan die kind in kontak kom met sy ware gevoelens. Dit is net veiliger en makliker.
Volgens Schoeman (2000:13) word die kind versoek om 'n projeksie te maak waarna dit in die hier-en-nou vertel word. Geldard & Geldard (2002:48) meen dat die medium wat beskikbaar gestel word aan die kind om sy projeksie te maak belangrik is. Dit moet by die ontwikkelingstadium van die kind kan aansluit, asook die kind die geleentheid bied om sy storie te kan vertel.

3.4.5 EMOSIONELE BEWUSTHEID EN BESIT VAN PROJEKSIE

Gestaltterapie beklemtoon direkte ervaring as die enigste suksesvolle manier om te leer. Hulp aan die kind om bewus te raak van sy eie proses word gesien as die primêre doel in gestaltterapie (Vergelyk Aromstam, 1989:640 en Oaklander, 1988:285).

Die kind kry die geleentheid om op 'n nie-bedreigende manier self sy gevoelens te ontdek. Dit word bewuswording of besit van emosies genoem. Die terapeut interpreteer dus glad nie. Die terapeut maak van vrae soos "Voel jy ook soms so...", met verwysing na die projeksie, gebruik (Oaklander, 1988:55). Die projeksie word dan met die kind se realiteit in verband gebring. Geen interpretasie word gemaak nie, maar die terapeut klaar dit voordurend met die kind uit.

Volgens Geldard & Geldard (2002:49) stel dit die kind in staat om sy storie te vertel en sodoende ook op 'n verkenningsreis rondom sy omstandighede te gaan, wat die kind help om die nodige kennis en insig rakende sy situasie te bekom. Dit is gewoonlik ook hier waar die kind weerstand begin toon. Die weerstand ontstaan sodra die kind bewus raak van sy emosionele pyn en op 'n spontane manier die pyn probeer blok (Geldard & Geldard, 2002:107).
Perls se lae van neurose (Thompson & Rudolph, 1996:143) sluit goed hierby aan. Die sintetiese laag word gesien as die buitenste laag van die persoonlikheid. Dit is gerig op vermyding van die werklike self. Die persoon wil dus iemand anders wees en nie homself nie. (Aronstam, 1989:636).

Hierdie laag word gekenmerk deur verskeie konflikte wat nooit opgelos word nie (Thompson & Rudolph, 1996:143). Die navorser is van mening dat kinderkliënte in die meeste gevalle vanuit hierdie laag funksioneer.

3.4.6 ALTERNATIEWE

Binne hierdie stap word die kind aangemoedig om aan vele verskillende moontlikhede te dink om sy situasie te neutraliseer. Elke moontlikheid word afsonderlik hanteer om die kind suksesvol tot die volgende stap, naamlik die maak van 'n keuse te lei. Volgens Schoeman (2000:10) is dit belangrik dat die kind voel hy het beheer oor sy lewe. Die kind word dus aangemoedig om probleemoplossend te dink en planne te maak om alternatiewe te vind vir nie-aanvaarbare gedrag en emosies.

Die fobiese laag van Perls word gekenmerk deur die weerstand wat die individu het om te wees wat hy kan wees. Soos wat die individu bewus raak van die spel wat hy

© University of Pretoria

speel, raak hy bewus van sy vrese wat hierdie spel in stand hou. Hierdie vrese gaan dikwels met angs gepaard (Thompson & Rudolph, 1996:143). In hierdie laag tree die kind op soos wat van hom verwag word. Die kind is dus nie eg en eerlik met homself nie. Speletjies word gespeel. Die kind raak bewus van gedrag wat hy gebruik om homself te beskerm teen pyn, maar weet nie hoe om dit te verander nie.

Volgens Geldard & Geldard (2002:50) kom kinders soms self agter dat dit meer effektief is om die emosionele pyn te verminder deur hulle storie te vertel. Dit lei tot spontane besluitneming van keuses.

3.4.7 KEUSES

Die kind moet altyd die geleentheid gegun word om self 'n keuse te kan maak. Slegs dan kan verantwoordelikheid vir 'n keuse aanvaar word. Vir elke individu het 'n keuse 'n bepaalde emosionele betekenis (Schoeman, 2000:11). Die kind moet dus leer om selfregulerend op te tree, bereid wees om keuses te maak en verantwoordelikheid vir sy keuses te aanvaar. Die kind moet dus tydens terapie bemagtiging ontvang om voort te gaan met sy lewe en met sy normale ontwikkelingstake, omdat hy die keuse gemaak het om in hierdie lewensfase suksesvol deur die take wat die egskeiding meegebring het, te werk.
Die impasse laag van Perls word volgens Thompson & Rudolp (1996:143) as volg gekenmerk: “This is the layer where people react when they shed the environmental support of their games and find they do not know a better way to cope with their fears and dislikes.” Dit is gewoonlik hierdie fases waartydens die kind weerstand beleef om aan te gaan met terapie, omdat selfondersteuning ontbreek.

Hier verwys Oaklander (1988:198) na die kind wat skree: “STOP! I must stop right here.” of “This is too much! I don't want to face it.” Volgens Oaklander(1988:198) vorder die terapeut wanneer die kind weerstand bied: “In every wall of resistance there is a new door that opens into new areas of growth.” (Oaklander, 1988:198).

Oaklander (1988:196) meen: “When the children begin to express themselves easily through the fantasy material, I attempt to guide them back gently into the reality of their lives – by having them own the parts of themselves ….so that they can begin to feel a new sense of self-identity.”

3.4.8 VERANTWOORDELIKHEID

Die kind leer om ten volle bewus te raak van sy selfonderbrekings, vermydings en onvoltooidheid, deur middel van die proses (Aronstam, 1989:641). Sodoende leer die kind om self verantwoordelikheid vir sy eie optrede te neem deur keuses uit te oefen.

Volgens Schoeman (2000:11) is die kind slegs gemotiveer om aan die situasie te werk as hy beheer oor sy keuses het. Volgens Geldard & Geldard (2002:50) lei spontane besluitneming, met ander woorde die maak van keuses, tot die verantwoordelikheid neem vir gedrag.

Die eksplosiewe laag is wanneer die kind agterkom dat die nuwe geëksperimenteerde gedrag suksesvol was. Hier vind die kind ongebruikte energie wat onderdruk is deur die fobiese laag. Nou eers kan die kind begin om onvoltooidhede te voltooi.

© University of Pretoria

Weerstand kan egter slegs oorkom word wanneer die terapeut dit regkry om saam met die weerstand te beweeg. Volgens Oaklander (1988:198) gebruik kinders weerstand om hulself te beskerm teen emosionele pyn en ontbloting. Namate die kind vertroue in die terapeut en die proses verkry, laat hy homself toe om geleidelik oop te maak. Tot en met dan het hy rede om so op te tree.

3.4.9 BESIT VAN GEVOELENS

Nadat die kind bewus geword het van en kontak gemaak het met sy emosies, kan hy dit besit. Sommige kinders is nie bewus van wat emosie is nie. Verder weet hulle nie altyd hoe om die gevoel wat hulle ervaar, te verbaliseer nie. Om hierdie kinders te help, maak Oaklander (1988:122) gebruik van speletjies.

Kinders moet ook geleer word om oor emosies te kan praat. Hulle moet weet dat daar verskillende tipes emosies is en dat almal emosies ervaar. Daar is aanvaarbare wyses om van emosies ontslae te raak, deur van keuses gebruik te maak. Maklike oefeninge, soos om deur 'n tydskrif te blaai en emosionele uitdrukkings te identifiseer, of om te gesels oor reeds getekende gesigsuitdrukkings, kan hier benut word (Vergelyk Oaklander, 1988:122 en Van der Merwe, 1996:192).

Volgens Schoeman (2000:11) moet die kind kan erken dat hy wel so voel en hoekom hy so voel.

Volgens die navorser sukkel die laerskoolkind met die besit van sy emosies, en probeer hy gevolglik om kontak met sy omgewing en mense naby aan hom te vermy.

Perls in Thompson & Rudolph (1996:143) verduidelik die proses aan die hand van defleksiewe gedrag. Defleksie is om direkte kontak met ander mense te vermy. Die laerskoolkind probeer homself emosioneel beskerm deur van oordrewe humor, abstrakte veralgemenings en vrae in plaas van stellings of selfs fisiese geweld gebruik te maak (vergelyk Yontef & Simkins, 1989:332; Oaklander, 1994:284 en Thompson & Rudolph, 1996:145).

3.4.10 POLARITEITE

Volgens die gestaltbenadering bestaan die persoonlikheid uit polariteite. 'n Groot deel van die mens se alledaagse lewe bestaan daaruit om konflik wat voortgebring word deur kompeterende polariteite, op te los (Thompson & Rudolph; 1996:142).

Die navorser is van mening dat die kind binne 'n trauma soos egskeiding veral worstel met polariteite rakende die lojaliteit teenoor hulle ouers. Gevolglik is hulle die hele tyd op soek na emosionele balans.

Oaklander (1988:157) sê sy werk altyd in polariteite met die kind. Integrasie van 'n persoon se polêre kant, positief en negatief, is noodsaaklik vir 'n gesonde lewensproses. Wanneer met 'n kind gesels word oor teenoorgesteldes in gevoelens soos liefde/haat, geluk/hartseer en sekerheid/onsekerheid raak hy gewoond aan die konsep van polariteite as deel van sy persoonlikheid (vergelyk Oaklander, 1988:158 en Schoeman & Van der Merwe, 1996:168).

© University of Pretoria

Schoeman (2000:12) bevestig dit wanneer sy sê kinders funksioneer in terme van teenoorgesteldes.

3.4.11 SELFVERTROETELING

Ten spyte van die hoeveelheid ondersteuning wat 'n kind van sy ouers en terapeut kry, blameer hy homself vir die trauma in sy lewe (Oaklander, 1994:295). Kinders is geneig om reeds van vroeg af in hulle lewens foutiewe boodskappe oor hulleself aan te neem. Na 'n egskeiding is kinders geneig om skuldgevoelens te koester, byvoorbeeld dat hulle stout was of iets verkeerds gedoen het en die ouers dus nie verder kans sien vir 'n gesinsituasie nie. Die kind vind dit dus moeilik om beide kante van polariteite in homself te aanvaar. Om te kompenseer vir die negatiewe, neem hy dus rolle aan waarvoor hy nog nie opgewasse is nie.

Geldard & Geldard (2002:50) voel die kind moet gehelp word om nuwe denke en gedrag aan te leer ten einde voldoende te kan funksioneer.

Schoeman (1996:181) is van mening dat die kind moet leer om homself te vertroetel. Daar is nie net negatiewe nie, maar ook positiewe aspekte in sy lewe. Hy moet in staat gestel word om homself te vergewe en homself 'n bietjie te bederf. Selfvertroeteling is dus iets aangenaams wat die kind homself gun sonder dat hy dit hoef te doen.

3.4.12 VEILIGE PLEK

Volgens Oaklander en Schoeman (2000) word die kind geleer om vir hom 'n veilige plekkie te kry waar hy in kontak met sy emosies kan kom. Die kind kan verskeie veilige plekke hê om elke situasie te hanteer. So kan die kind 'n veilig plekkie by die skool hê sowel as 'n veilige plekkie by die huis.

3.4.13 TERMINERING

Volgens Oaklander (1988:199) bereik kinders 'n plato in terapie, wat as 'n goeie tyd vir terminering beskou kan word. Die kind benodig 'n geleentheid om dit wat hy tydens terapie geleer en waargeneem het, te integreer. Soms kan 'n plato ook 'n teken van weerstand wees, wat gerespekteer moet word. Die volgende kan dui op terminering:

Die kind se gedrag verbeter, soos gerapporteer deur die skool of die ouers.
Dit alleen behoort egter nie genoeg rede vir terminering te wees nie.
Die kind raak betrokke by buitemuurse aktiwiteite.
Terapie begin om in die pad te staan van die kind se alledaagse aktiwiteite. Hy sien nie meer daarna uit om terapie toe te kom nie.
Die sessies blyk minder produktief te wees in terme van “werk”.

Kinders wys vir 'n terapeut wanneer hulle gereed is om op te hou. Terminering moenie noodwendig as 'n finaliteit beskou word nie. Dit impliseer slegs 'n einde op 'n gegewe tyd.

Sommige kinders het die versekering nodig om te weet dat hulle mag terugkom as hulle dit nodig het. Dit is egter van kardinale belang dat kinders voldoende voorberei

© University of Pretoria

word op terminering (Oaklander, 1988:199-202).

Volgens Oaklander (1994:289-297) en Oaklander (1988:193) kan die terapeutiese proses beperk word tot vyf stappe, naamlik: die bou van die terapeutiese verhouding en assessering, kontakmaking deur sensoriese en liggaamlike funksies, emosionele uitdrukking, selfvertroeteling en terminering.

3.5 TERAPEUTIESE TEGNIEKE IN GESTALTSPELTERAPIE

Gestaltterapie is eksperimenteel van aard, daarom is die simptome en analise nie van belang nie, maar eerder die totale proses en integrasie (Thompson & Rudolph, 1996:143).

Verskeie vorme, mediums en tegnieke van spel kan gebruik word, naamlik gedramatiseerde spel, skeppende spel met teken, sandbak en projeksietegnieke as medium en bibliospel met die kinderverhaal en die padkaart as medium.

3.5.1 VORME VAN SPEL

3.5.1.1 ONTSPANNINGSPEL

Volgens Koeppen in Schaefer & Cangelosi (1993:237-243) ervaar die kind spanning wanneer hy blootgestel word aan 'n vreemde situasie. Die navorser is van mening dat ontspanningspel die kind kan help om meer ontspanne te wees in die spelterapiesessie asook dat dit van waarde kan wees met betrekking tot die terapeutiese verhouding. Ontspanningsoefeninge wat spesiaal vir die kind ontwerp is kan hom help om meer bewus te raak van sy emosies, asook die sensasie binne die liggaam. Die kind kan geleer word hoe om van sy spanning ontslae te raak deur die regte manier van asemhaal asook deur spierontspanningsoefeninge (Koeppen, 1993:237).

Van der Merwe in Schoeman & Van der Merwe (1996:77) bevestig dat ontspanningspel se hoofdoel is om die kind gereed te kry vir die aanvang van die terapeutiese sessie.

Die navorser maak gebruik van speletjies met die aanvang van elke spelterapiesessie. Hierdeur ontspan die kind nie net nie, maar word daar ook aan die proses van die kind aandag gegee. Koeppen (1993:237) is van mening dat ontspanningspel die kind se selfbeeld asook swak sosiale vaardighede kan verbeter.

3.5.1.2 SKEPPENDE SPEL

Volgens Porter (1983:242-271) is skeppende spel kreatief van aard. Dit kan tot uiting kom in verskeie vorme van kuns en handwerk. Dit hou verband met kunsterapie, maar is wyer. Malchiodi (1998:100-101) is van mening dat tekeninge 'n belangrike vorm van kommunikasie met die jong kind is wie se verbale vermoëns nog nie so sterk ontwikkel het nie. Volgens Van der Merwe (1996:138) bied skeppende spel 'n geleentheid vir assessering en emosionele uitdrukking van die kind. Die volgende mediums kan hier gebruik word:

© University of Pretoria

Kindertekeninge
Projeksietegnieke
Kleispel
Sandbak

3.5.1.3 BIBLIOSPEL

Bibliospel word beskou as 'n vorm van spel waartydens boeke, die geskrewe woord en oudio-visuele media benut word (Van der Merwe in Schoeman & Van der Merwe, 1996:108). Vir hierdie navorsingsdoeleindes word die kinderverhaal en die padkaart bespreek. Die volgende mediums kan hier gebruik word:

Kinderverhale
Wedersydse storievertel-tegniek
Lewensboeke
Gedigte
Strokies
Briewe
Padkaarte

Vervolgens gaan die kinderverhaal en die padkaart as tegnieke verder bespreek word.

3.5.1.3.1 KINDERVERHAAL

Die doel van kinderverhale is enersyds die verryking van die kind se positiewe funksionering en andersyds die herstel van funksionerende gedrag (vergelyk Smith, 1982:229-236, Johnston, 1997:xx-xxii en Davis, 1996:v). Die geskrewe woord bied die kind die volgende:

Ruimte tot emosionele ontlading. Die tegniek gee vir die kind 'n simboliese wêreld waarbinne hy situasies, omstandighede, gedagtes en gevoelens kan manipuleer.
Modelle waarmee hy kan identifiseer en waardeur hy positiewe gedrag kan aanleer.
Sodoende verkry die kind toestemming om te mag voel soos hy reeds voel.
Geleentheid tot alternatiewe wyses waarlangs die situasies en probleme benader kan word. 'n Gevoel van beheer word verkry.
'n Geleentheid om op 'n emosionele afstand na homself en sy funksionering te kyk. 'n Gevoel van veiligheid word verkry.
Erkenning van die universele aard van gevoelens, gebeure en situasies.
Selfvertroeteling en onderhouding van die self (Schoeman 2000:114).

Volgens Van der Merwe in Schoeman & Van der Merwe (1996:111-113) moet die kinderverhaal aan die volgende kriteria voldoen:

Veralgemening
Identifikasie
Projeksie
Modellering
Katarsis
Selfinsig

© University of Pretoria

Die vereistes vir die kinderverhaal sluit die volgende in:

Dit moet by die lewensfase en lewensomstandighede van die kind aansluit.
Dit moet by die kind se gevoelens aansluit.
Daar moet 'n held in die verhaal wees.
Dit moet as 'n model kan dien.
Daar moet 'n doeltreffende hanteringstrategie in die verhaal wees.
Die karakters moet op al vier funksioneringsvlakke gesond funksioneer.
Die terapeut moet oor genoegsame kennis oor die lewensfase van die kind beskik en dit in die storie insluit.
Daar moet 'n gerusstellende slot wees.

3.5.1.3.2 PADKAART

Padkaarte kan volgens Van der Merwe (1996:122) met groot sukses by die laerskoolkind gebruik word tydens egskeidingverwerking, veral om vir die kind sy hier-en-nou duidelik te omskryf. 'n Volledige kleurvolle padkaart met tekeninge van huise en ander bakens van die kind se lewe tot en met die huidige situasie kan geteken word.

Die navorser maak van die geleentheid gebruik om eerstens vir die kind die konsep van 'n padkaart te verduidelik, naamlik dat dit op 'n spesifieke plek begin en 'n pad volg na 'n verdere plek. Al hierdie plekke op die kaart is belangrike plekke in die kind se lewe. Die geleentheid word dan aan die kind gegun om op enige plek in sy eie lewe te begin en die pad te teken tot waar hy hom tans bevind, met belangrike bakens tussen in.

Die navorser is van mening dat die padkaart 'n baie waardevolle tegniek is wat benut kan word met die kind wat deur 'n egskeidingsituasie beweeg, omdat dit die geheelkonsep van die egskeiding vir die kind moontlik maak. Dit is asof die realiteit vir die eerste keer vir baie kinders betekenis kry omdat die kind fisies kan sien wat met sy gesin gebeur het en waar elke lid van die gesin hom tans bevind.

Die navorser is verder van mening dat bibliospel sinvol met die laerskool kind benut kan word, omdat dit die kind die geleentheid bied om te besef dat daar ander kinders in soortgelyke situasies is.

3.5.2 TEGNIEKE

3.5.2.1 PROJEKSIETEGNIEKE

Projeksie verskil van kind tot kind, maar het 'n algemene eienskap, naamlik dat dit gerig is op onvoltooidhede. 'n Projeksie word dus gebruik om beheer oor jou emosies te kan uitoefen deur dit op iemand of iets anders te rig (Schoeman, 1996:61).

Vir die kind wat trauma beleef, is dit baie makliker om sy gevoelens op iemand anders te projekteer. Die navorser is van mening dat veral die volgende twee projeksietegnieke met die laerskoolkind in 'n egskeidingsituasie benut kan word: die monstertegniek en die roosboomtegniek.

© University of Pretoria

3.5.2.1.1 MONSTERTEGNIEK

Onvoltooidhede kom dikwels voor wanneer daar met die kind se gevoelens kontak gemaak moet word. Om hierdie rede sukkel die kind om sy emosies te verbaliseer. Schoeman in Schoeman en Van der Merwe (1996:67) verwys hierna as ”Monsters” in die kind se lewe.

Die monstertegniek is 'n praktiese stuk gereedskap wat daarop gerig is om die onvoltooidheid aan te spreek. Gevolglik is dit van groot belang dat die terapeut die kind help om sy monster te identifiseer en aan te spreek.

Volgens Van Niekerk (1998:69) en Schoeman (1996:67) kan die kind soos volg gehelp word om by die monster uit te kom:

Verduidelik aan die kind wat 'n monster is. Alle mense het iets wat hulle pla of wat vir hulle 'n probleem is. Schoeman (1996:68) gebruik soms prente om aan die kind te verduidelik wat met 'n monster bedoel word. Sodoende word die kind gevra om sy monster te identifiseer.

Die volgende vrae kan aan die kind gevra word:
Skep 'n monster wat verband hou met jou lewensituasie.
Beskryf die monster.
Gee die monster 'n naam.
Hoe lank bestaan die monster al?
Watter ander persone weet van die monster?
Hoe oud was jy toe die monster in jou lewe gekom het?
Wat is die monster besig om te doen?
Is daar iets van die monster wat jou bang maak?
Wat gebeur wanneer die monster aanval?
Wat gebeur as die monster net daar is?
Om die kind te help om van die monster ontslae te raak, word die volgende vrae gevra:
Moet die monster deel bly van jou lewe?
Hoe lyk die toekoms?
Om watter rede dink jy moet ons van die monster ontslae raak?

Nadat daar genoeg motivering by die kind bewerkstellig is om van die monster ontslae te raak, word die “oorlogsplan” deur die volgende vrae saamgestel (Van Niekerk,1998:79):
Hoe gaan jy van die monster ontslae raak?
Wat kan jy vir jouself sê om jouself te bemagtig?

Volgens die navorser is die monstertegniek van onskatbare waarde ten opsigte van egskeidingverwerking deur die laerskoolkind. Sodoende word die onvoltooidheid van die kind aangespreek.

3.5.2.1.2 ROOSBOOMTEGNIEK

Daar moet altyd in gedagte gehou word dat slegs die kind met wie gewerk word, kan sê hoe hy voel en dink oor 'n bepaalde situasie. Die terapeut moet sensitief genoeg wees om die kind na gewaarwording toe te lei. Dit is vir die kind belangrik om

© University of Pretoria

deurlopend te kan sê hoe hy voel. Oaklander (1988:32) maak graag gebruik van die roosboomtegniek. Die roosboomtegniek kan volgens die navorser op verskeie wyses toegepas word, soos om dit vir ‘n voor- en natoets te gebruik vir die navorsingsdoeleindes.

Die kind word eerstens gemaklik gemaak, waarna hy dan sy oë toemaak en sy aandag vestig op sy asemhaling. Die terapeut sal nou die volgende opdragte gee:
Vestig nou jou aandag op jou asemhaling.....
Raak bewus van jou asemhaling....
Voel die lug in beweeg deur jou neus of mond....
Voel hoe dit in jou keel af beweeg....
Voel hoe jou borskas en maag beweeg terwyl jy asemhaal....
Stel jou nou voor dat jou asemhaling soos die sagste golfies op die seesand uitspoel en dat elke nuwe golfie al die bang, hartseer en kwaad uit jou liggaam wegvat....
Nou wil ek hê jy moet jou voorstel dat jy 'n roosboom is. Word 'n roosboom en ontdek hoe dit voel om 'n roosboom te wees....
Wat ontdek jy van hierdie roosboom wat jy is....
Watter soort roosboom is jy?....
Waar groei jy?....
Hoe lyk jou wortels?....
In watter tipe grond is jy geplant?....
Kyk of jy kan voel hoe jou wortels diep in die grond ingroei....
Hoe lyk jou stamme en takke?....
Wat sien jy nog van hierdie roosboom?....
Hoe voel jy as 'n roosboom?....
Wat ervaar jy en wat gebeur as die seisoene verander en dit word winter of lente?
Dra jy rose?....
Watter kleur is hierdie rose?...
Wie pluk hierdie rose?....
Wat maak die persoon met die rose nadat hulle gepluk is?....
Ek gaan jou vra om jou oë oop te maak en vir my jou roosboom te teken.

'n Verdere wyse is om die roosboomtegniek te kombineer met Oaklander (1988:53) se veertien-stappe model.

Nadat die kind sy roosboom geteken het, kan daar van Oaklander (1988:53) se model gebruik gemaak word:
Motiveer die kind om sy ervaringe ten opsigte van sy skepping met jou te deel. Bepaal watter gevoelens betrokke was.
Laat die kind sy skepping met jou deel, en dit in sy eie woorde beskryf.
Motiveer die kind om op 'n dieper vlak op die verskillende dele van die skepping uit te brei. Sekere dele mag 'n verduideliking verg. Vorms, kleure, voorstellings en mense moet aandag geniet en ook verduidelik word.
Vra die kind om sy skepping te bespreek asof hy deel daarvan is.
Kies spesifieke aspekte in die projeksie vir die kind om mee te identifiseer: “Wat gebeur hier?”
Fokus die kind se aandag op die verskerping van gewaarwording deurdat 'n sekere deel uitgelig en oorbeklemtoon word. Vrae wat gevra kan word, is byvoorbeeld: “Wat gaan die slang nou doen?”
Versoek die kind om 'n gesprek tussen twee dele van die projeksie te voer. Hier word veral gelet op polariteite wat mag uitkom.
Moedig die kind aan om aandag te skenk aan die kleure wat gebruik is in die projeksie.

© University of Pretoria

Vra die kind wat die betekenis van sekere kleure vir hom is.
Skenk aandag aan die kind se stem, liggaamshouding, gesigsuitdrukking, asemhaling en stiltes.
Help die kind om sy projeksie te besit. Die kind moet daarmee kan identifiseer. Vrae soos "Voel jy ook soms so?" kan gevra word.
Bring die projeksie in verband met die kind se eie belewenis.
Soek ontbrekende dele in die projeksie en skenk aandag daaraan.
Bly by die kind se figuurvoorgrond.

Dit is die navorser se mening dat die veertien stappe van Oaklander (1988:53) veral ook tydens skeppende spel met die laerskoolkind benut kan word, ongeag die medium wat gebruik word.

3.5.3 MEDIUMS

3.5.3.1 TEKEN

Teken is 'n kragtige tegniek om die laerskoolkind se denke, emosies, fantasieë en probleme te verstaan en hom te help om emosioneel te groei. Deur teken kommunikeer die kind sy gevoelens (vergelyk Malchiodi,1998:xi en Allan & Clark, 1984:116-124).
Volgens Oaklander (1988:285) word die kind se tekening nie benut om aan die terapeut inligting te verskaf vir interpretasies nie. Dit word eerder benut om te dien as 'n tentatiewe hipotese, wat tydens hulpverlening deur die kind geverifieer word. Deur middel hiervan ervaar die kind dat iemand na hom luister en word sy sin vir die self versterk.

Die waarde van tekeninge word deur Oaklander (1988:177) bevestig wanneer sy sê tekeninge maak akkurate stellings van wat op hierdie oomblik in die kind se lewe gebeur.

Volgens Van der Merwe (in Schoeman en Van der Merwe, 1996:138) is daar drie verskillende benaderings wat tydens teken benut kan word, naamlik:
direkte opdrag aan kind, byvoorbeeld, teken jou gesin.
nie-direkte opdrag aan kind, byvoorbeeld, teken enige prent, en
gedeeltelike direkte opdrag aan die kind, byvoorbeeld, teken enige prent wat verband hou met jou lewe.

3.5.3.2 SAND

Volgens Homeyer & Sweeney (1998:11) is sandterapie veral geskik vir die kind wat emosioneel seergekry het.

West (1992:75) sluit hierby aan deur te meld dat sandspel die kind se onbewuste blootstel en as unieke wyse dien waarvolgens die kind in kontak met sy vrese en fantasieë kan kom. Volgens Homeyer & Sweeney (1998:62-63) kan daar van oop projeksie sowel as geslote projeksie in die sandbak gebruik gemaak word. Oop projeksie sal beteken dat die kind enige prentjie met die figure in die sand kan bou, waar 'n geslote projeksie beteken dat daar van die kind verwag word om 'n spesifieke prent te bou, soos byvoorbeeld die gesin.

© University of Pretoria

Sand gee dus betekenis aan nie-verbale emosionele gebeurtenisse in self saamgestelde sandbakprojeksie deur die kind die geleentheid te gee om in kontak met homself te kom.
Dit stimuleer sensories.
Die sandbak verskaf ook grense aan die kind.
Dit verskaf beheer deurdat die kind deur middel van die sandbakspel toegelaat word om totale beheer van die situasie te neem.
Dit moedig verbale bespreking aan, veral vir die kind wat sukkel om oor sy emosies te praat.

Die navorser is van mening dat sandspel die geleentheid aan die laerskoolkind gee om op 'n veilige manier in kontak te kom met onvoltooidhede, deurdat hy sy gevoelens deur middel daarvan kan projekteer. Hy kan die situasie plooi volgens sy keuses deur negatiewe projeksies te vernietig deur dit diep in die sand te begrawe. Sodoende word die onvoltooidheid wel voltooi.

3.5.3.3 KLEI

Volgens Geldard & Geldard (2002:156-163) is klei vir die kind so goed soos 'n verlengstuk van homself. Klei word veral gebruik waar die kind sukkel om sy emosie te verbaliseer, veral vir kinders wat sensories en emosioneel nie in kontak met hulleself is nie. Met die klei kan die kind gevra word om belangrike persone, situasies of emosies te vorm, eerder as om dit op te krop. Die projeksie vind plaas soos die kind sy emosies fisies uitdruk.

Die kind word eers geleentheid gegun om vriende met die klei te maak, sodat hy persoonlik met die klei kan bind. Hy word gevra om die klei in sy hande te neem en sy oë toe te maak. Sou die kind weier om sy oë toe te maak, gaan die navorser slegs voort met die instruksies, naamlik:
rol die klei,
maak die klei plat,
knyp die klei,
trek dit in stukke uitmekaar,
druk 'n gat in die klei met jou vinger,
neem 'n stuk klei en vorm 'n slang wat jy om jou vinger draai.

Nadat die kind geleentheid gegun is om bekend te raak met die klei, word hy versoen om voort te gaan met sy projeksie. Die projeksie word met die kind deurgewerk en aan die einde met die kind se realiteit gebind.

3.6 SAMEVATTING

In gestaltterapie word die mens as 'n geïntegreerde organisme beskou wat altyd as 'n eenheid funksioneer, en nie sonder sy omgewing kan bestaan nie. Daarom word daar op die hier-en-nou gefokus. Gebeurtenisse uit die verlede word saamgedra as onvoltooidhede wat huidige behoeftebevrediging dwarsboom. Behoeftes word sowel binne die individu as vanuit die omgewing bevredig. Homeostase is die proses wat 'n nuwe behoefte na die figuurvoorgrond bring om 'n nuwe onvoltooidheid te vorm. Kontakgrense is nodig om te verhoed dat die individu sy identiteit verloor. Dit moet

© University of Pretoria

deurdringbaar wees sodat uitruiling met die omgewing moontlik gemaak kan word. Wanneer die grens egter te rigied is, strem dit verandering. Daar bestaan verskillende kontakgrensversteurings, naamlik introjekte, projeksie, retrofleksie en samevloeiing.

Die terapeutiese proses van gestaltspelterapie bestaan uit vyf fases, naamlik die bou van die terapeutiese verhouding, sensoriese en liggaamlike kontakmaking, emosionele uitdrukking, selfvertroeteling en terminering.

'n Verskeidenheid spelterapietegnieke kan tydens gestaltspelterapie met die laerskoolkind benut word. Vir die doeleindes van hierdie navorsing is daar slegs op projektiewe tegnieke, bibliospel en skeppende spel besluit.

Die selfbeeldontwikkeling van die laerskoolkind word veral deur sewe elemente gevorm, naamlik: selfkennis, die self en ander, selfaanvaarding, selfstandigheid, selfontplooiing, selfvertroue en selfbewustheid. Die selfbeeld van die kind speel ‘n kernrol in die kognitiewe, emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind.

In die volgende hoofstuk sal die resultate van die empiriese studie bespreek word.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 4

4. NAVORSINGSBEVINDINGS
4.1 INLEIDING

In die voorafgaande twee hoofstukke is egskeiding, die invloed daarvan op die laerskoolkind en gestaltspelterapie as hulpverleningsproses weergegee. In hierdie hoofstuk sal die empiriese gegewens en die navoringsbevindings bespreek word.

Gestaltterapie is as benadering gevolg om spelterapie te doen met vyf laerskoolkinders in die navorser se privaat praktyk ten einde te bepaal hoe die egskeiding die laerskoolkind beïnvloed het en hoe die kind die egskeiding verwerk het. Die vyf kinders is deur middel van doelbewuste steekproeftrekking geselekteer. Die kinders se name is verander om hulle identiteit te beskerm.

Daar is in al die gevalle, met die uitsondering van een geval, van agt terapiesessies gebruik gemaak. Die spelterapietegnieke is nie universeel met elke kind gevolg nie, aangesien elke kind se unieke proses in ag geneem is. Die fases van die terapeutiese proses in gestaltspelterapie, soos bespreek in 3.4, is egter deurlopend met elke kind gevolg.

DOELSTELLING VAN DIE STUDIE

Die doelstelling van hierdie studie was om die laerskoolkind met behulp van spelterapie te help om die egskeiding te verwerk.

DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die doelwitte van hierdie studie was soos volg:
Om 'n kennisbasis op te bou oor:
die invloed van egskeiding op die laerskoolkind.
die laerskoolkind se verwerking van egskeiding.
spelterapeutiese tegnieke en mediums om met laerskoolkinders in 'n egskeidingsproses te benut.

Om 'n empiriese studie te doen om die laerskoolkind te help om die egskeiding met behulp van spelterapeutiese tegnieke te verwerk.
Om aanbevelings te maak ten opsigte van die bevindings van die laerskoolkind se verwerking van egskeiding met behulp van spelterapeutiese tegnieke.

NAVORSINGSVRAAG

© University of Pretoria

Die navorsingsvraag vir hierdie studie was: Kan die laerskoolkind deur middel van spelterapeutiese tegnieke gehelp word om die egskeiding te verwerk?

NAVORSINGSMETODOLOGIE

Ten einde kwalitatiewe data in te samel, het die navorser van 'n kwalitatiewe navorsingstrategie, naamlik gevallestudie, gebruik gemaak, wat in hierdie hoofstuk bespreek gaan word.

SELEKTERING VAN RESPONDENTE

Die navorser het van nie-ewekansige doelgerigte steekproefneming gebruik gemaak. Die kriteria waaraan die respondente moes voldoen was:
Laerskoolkinders,
tussen 6 – 9 jaar
wat blootgestel is aan 'n egskeidingsituasie.
Kliënte van die navorser se privaat praktyk
woonagtig in Windhoek, Namibië.

Die navorser het die eerste vyf kliënte wat aangemeld het nadat die literatuurstudie voltooi is en wat aan die kriteria voldoen het, as respondente geselekteer.

WERKSWYSE WAT GEVOLG IS

DATA-INSAMELING

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is daar van vyf gevallestudies uit die navorser se privaat praktyk gebruik gemaak. Die data is ingesamel deur gebruik te maak van 'n bandmasjien en verslagskrywing direk na elke sessie. Spelterapie is gefokus op onder andere die volgende ses take wat voltooi moet word ten opsigte van die verwerking van egskeiding:

TAAK 1: Aanvaar die realiteit van die huweliksdisintegrasie.
TAAK 2: Leer om objektief te staan teenoor konflik tussen ouers en hervat eie belang.
TAAK 3: Hanteer die verliese wat deur egskeiding veroorsaak is.
TAAK 4: Hanteer gevoelens van woede, skuldgevoelens en selfverwyt.
TAAK 5: Aanvaar die permanensie van egskeiding.
TAAK 6: Ontwikkel realistiese hoop oor toekomstige verhoudings.

Geen interpretasie is deur die navorser gemaak nie. Spelterapeutiese tegnieke is aan die realiteit van die kind se omstandighede verbind en die kind se eie interpretasie is verkry. Die data wat deur die tegnieke verkry is en data soos met deelnemende waarneming tydens spelterapiesessies waargeneem is ten opsigte van die ses take, word in die gevallestudies in hierdie hoofstuk beskryf.

© University of Pretoria

INTERVENSIE

Eerste onderwerp: Aanvaar die realiteit van die huweliksdisintegrasie.
Doel van die sessie: Bou van die terapeutiese verhouding.
Vorm van spel: Ontspanningspel en skeppende spel.
Spelmedium: Projeksietegniek.

Tweede onderwerp: Leer om objektief te staan teenoor konflik tussen ouers en hervat eie belang.
Doel van die sessie: Sensoriese kontakmaking en emosionele uitdrukking.
Vorm van spel: Ontspanningspel, bibliospel en skeppende spel.
Spelmediums: Sandbak en teken.

Derde en vierde onderwerp: Hanteer die verliese wat deur egskeiding veroorsaak is en hanteer gevoelens van woede, skuldgevoelens en selfverwyt.
Doel van die sessie: Sensoriese kontakmaking en emosionele uitdrukking en besit van emosies.
Vorme van spel: Ontspanningsspel, bibliospel en skeppende spel.
Spelmediums: Sandbak, teken, klei.

Vyfde en sesde onderwerp: Aanvaar die permanensie van egskeiding en ontwikkel realistiese hoop oor toekomstige verhoudings.
Doel van die sessie: Evaluering en terminering.
Vorme van spel: Ontspanningspel, bibliospel, skeppende spel en projeksietegniek.
Spelmediums: Sandbak, teken en klei.

4.7.3 GEVALLESTUDIES:

4.7.3.1 GEVALLESTUDIE 1

4.7.3.1.1 AGTERGRONDGEGEWENS

Naam van die kind: Matthew
Ouderdom: 7 jaar

© University of Pretoria

Geslag: Manlik
Hoe lank is ouers geskei: Ses maande
Aanmeldingsprobleem: Matthew is die oudste van twee seuntjies. Die ouers se verhouding word as 'n onstabiele verhouding gesien, selfs na die afhandeling van die egskeiding. Die vader maak vir lang tye geen kontak met Matthew nie.

Matthew presenteer met ernstige stotter sowel as enkoprese. Volgens die juffrou en die moeder is hy baie aggressief en vernielsugtig teenoor vroue-figure, asook die maatjies.

4.7.3.1.2 SESSIE 1 TOT 2: Aanvaar die realiteit van die huweliksdisintegrasie.

Matthew kom baie gespanne voor tydens sy eerste spelterapiesessie. Hy bring die brandweermannetjie saam wat sy vader vir hom gegee het.

Die sessie begin waarin daar vir hom verduidelik word hoekom hy nodig het om te kom speel, asook die reëls wat in die speelkamer geld, naamlik:
dat hy nie weer vir ‘n afspraak hoef te kom as hy nie wil nie,
dat alles wat hy vir die navorser vertel, haar geheim bly,
dat die navorser vir niemand iets mag vertel behalwe as hy vir haar toestemming gee nie,
dat niemand mekaar mag seermaak nie,
dat niks van die speelgoed uit die speelkamer verwyder mag word nie,
dat daar altyd eers ‘n speletjie gespeel sal word voordat daar met die werk begin word,
dat die werk hoofsaaklik sal bestaan uit die teken van ‘n prentjie of die bou van ‘n prentjie in die sandbak.

Matthew word toegelaat om te kies met watter speletjie die sessie moet begin. Alle sessies word eers met ontspanningspel begin (vergelyk 3.5.1.1) om die kind op sy gemak te kry, asook om by die kind se proses aan te sluit en 'n terapeutiese verhouding te vestig.

Direk na die ontspanningspel is die roosboom-tegniek aan Matthew (vergelyk 3.5.2.1.2) verduidelik. Matthew is aan roosbome net buite die speelkamer bekend gestel. Daar is geleentheid gegee om fisies aan die rose te ruik en te vat.

Terug in die speelkamer is Matthew versoek om op sy ruggie plat op die mat te lê en sy oë toe te maak. Die navorser het langs Matthew op die mat gaan lê, waarna Matthew op ‘n begeleide roosboom-fantasievlug geneem is.

Nadat die fantasievlug van die roosboom voltooi is, het Matthew eers die kleedkamer besoek. Met sy terugkeer na die speelkamer is Matthew versoek om sy roosboom te teken en dit met die navorser te bespreek aan hand van vrae wat aan hom gestel is, soos reeds bespreek in 3.5.2.1.2.

Die volgende inligting is bekom oor moontlike onvoltooidhede in Matthew se lewe:

© University of Pretoria

Matthew se roosboom staan in sy pa se tuin.
Dit het groot rooi rose gehad, wat sy pa vir sy ma gepluk het.
Sy pa versorg die boom deur dit water te gee.

Vanuit die assessering kom dit uit dat Matthew sy pa baie mis en dat sy voorgrond slegs op die verlies van die pa gefokus is. Matthew kom ook baie gespanne voor en moet weer die kleedkamer gebruik.

Ter afsluiting van die sessie word die veilige plekkie (vergelyk 3.4.12) aan Matthew verduidelik. Dit is duidelik dat Matthew nog geen veilige plekkie vir homself geïdentifiseer het nie. Die voorstel van die kleedkamer by die skool word aan hom genoem, asook die moontlikheid van sy kamer by die huis.

Die selfvertroetelingskonsep (vergelyk 3.4.11) is aan Matthew verduidelik. Matthew kon selfs aan sy teddiebeer dink, veral in die aand wanneer hy baie na sy vader verlang. Matthew kon ook aan sy hond dink waarmee hy gedurende die dag speel.

In sessie 2 is Matthew direk na die ontspanningspel versoek om ‘n prentjie van ‘n Huis-Boom-Mens te teken. Die doel van die betrokke opdrag is eerstens om te help met die assesseringsproses, maar ook om ‘n aanknopingspunt in gesprek met die kind te vind.

Matthew het sy huis in ‘n langwerpige vorm geteken, met ‘n baie klein deurtjie in die linkerhoek. Die dak van die huis het die indruk gegee van ‘n hoed wat op ‘n gesig geplaas is. Geen vensters is aangedui nie. Direk nadat Matthew die dak geteken het, het hy ‘n gesig vir die huis ingeteken. Die gesig het die indruk geskep van ‘n aggressiewe mannetjie. Kort na die voltooiing van die huis, moes Matthew weer die kleedkamer gebruik. Hier word die sintetiese laag van Perls herken, deurdat Matthew die werklike self probeer vermy. Matthew sukkel ook om verskeie konflikte te hanteer gedurende hierdie laag.

In die mannetjie in die prentjie, het Matthew homself geëien. Die mannetjie is met lang uitgestrekte arms en groot vuiste vir hande geteken. Twee groot ore is aan weerskante van die kop geteken, met baie swaar wolke wat bo-oor die mannetjie hang.

Die boom is laaste geteken met ‘n afgekapte tak en ‘n klein kroon waaruit die blare groei. Daar is geen oogkontak van Matthew se kant af gemaak nie, selfs nie tydens die vrae wat aan hom gestel is rakende die prentjie nie.

Tydens gesprekvoering rondom die prentjie het Matthew vir die eerste keer te kenne gegee dat sy vader nie meer by hulle woon nie, omdat sy moeder, volgens hom, te veel met sy vader stry en baklei.

4.7.3.1.3 SESSIE 3 TOT 4: Leer om objektief te staan teenoor konflik tussen ouers en hervat eie belang.

Daar is in die volgende twee sessies veral gefokus op die sensoriese kontakmaking,

© University of Pretoria

asook emosionele uitdrukking van Matthew.

Tydens die derde sessie het Matthew weer met een van sy eie speelfiguurtjies by die speelkamer opgedaag.

Direk na die ontspanningspel is Matthew versoek om sy gesin te teken. Hy het aanvanklik geweier, maar wel ingestem toe daar aan hom verduidelik is dat die sessie dan tot ‘n einde gekom het. Hier word die fobiese laag van Perls herken, deurdat Matthew weerstand met die werklike self ervaar.

Die skets is begin met die moederfiguur wat sonder hande en voete geteken is. Direk na die moederfiguur het Matthew weer die kleedkamer gebruik. Met sy terugkeer in die speelkamer het hy geweier om met die sessie voort te gaan en is dit beëindig.

In die vierde sessie kom Matthew oudergewoonte met een van sy eie speelfiguurtjies na die sessie. Na die ontspanningspel is hy aan die sandbak bekend gestel. Daar is van ‘n oop projeksie (vergelyk 3.5.3.2) gebruik gemaak, om Matthew sodoende nie onder meer emosionele druk te plaas nie, maar om sy voorgrond te bepaal.

Die projeksie is begin deurdat Matthew verskeie bome in die sandbak geplaas het. Na die bome is ‘n vrouefiguur, wat later die moeder was, ook ingesit, asook die vaderfiguur en twee seuntjies. Ook ‘n heks is in die sand geplaas. Hierdie heks het ‘n vliegtuig gehad, waarmee sy almal in die sand stukkend en dood geskiet het. Hier kan die fobiese laag van Perls herken word, deurdat Matthew sukkel met weerstand om by die werklike self uit te kom.

Aanvanklik was dit vir hom vreemd om ‘n storie oor sy projeksie te moet maak. Soos wat sy storie ontwikkel het, het die aggressie ook vrylik navore gekom. Matthew het spontaan vertel hoe lelik sy moeder met sy vader baklei.

Die sessie is afgesluit met ‘n metafoor, wat gehandel het oor ‘n dorpie wat deur ‘n vreeslike windstorm getref word, en ‘n seuntjie wat te bang was om uit sy wegkruipplek te kom nadat die storm verby was. Die gevolg was dat hierdie klein seuntjie baie gemis het in die lewe, maar wel later deur sy maatjies oorreed is om uit te kom en weer te begin gesels en speel.
Die doel van die metafoor was om vir Matthew die boodskap te gee dat daar verskeie slegte dinge met baie mense gebeur, maar dat dit belangrik is om met iemand daaroor te kan praat, en dat ‘n mens moet leer om voort te gaan.

4.7.3.1.4 SESSIE 5 EN 6: Hanteer die verliese wat deur egskeiding veroorsaak is en hanteer gevoelens van woede, skuldgevoelens en selfverwyt.

Vir sessie 5 het Matthew weer met ‘n speelding by die speelkamer opgedaag. Die sessie is weer met ‘n ontspanningspel begin wat deur Matthew gekies is. Die keer het Matthew met die spel verloor, maar het gesê dit was ‘n lekker speletjie en dat hy dit volgende keer graag weer sal wil speel.

© University of Pretoria

Daar is op die sandbak as medium besluit, sowel as ‘n oop projeksie. Die storie het weer oor die slegte heks gehandel wat almal wou seermaak. Gedurende hierdie sessie gebruik Matthew sy eie mannetjie as deel van sy projeksie. Hierdie mannetjie is baie spesiaal, want hy laat nie toe dat die slegte heks hom seermaak nie. Gedurende die spel moet Matthew eers weer die kleedkamer besoek. Met die terugkeer vertel hy spontaan dat hy sy vader baie mis en na hom verlang, en dat sy moeder gesê het sy vader mag nie by hulle kom kuier nie. Hier word die impasse laag van Perls herken, deurdat Matthew sukkel om met die nodigste hanteringsvaardighede te handel.

Die navorser maak van bibliospel (vergelyk 3.5.1.3) gebruik om sodoende aan te sluit by die seer en verdere emosies van die kind. Die boek Dinosaurs Divorce word gebruik om aan Matthew die verskillende emosies wat kinders gedurende ‘n egskeiding ervaar, te verduidelik . Matthew identifiseer spontaan met van die emosies soos hartseer, kwaad en bang. Die veilige plekkie (vergelyk 3.4.12) en selfvertroetelingsaspek (vergelyk 3.4.11) word weer met Matthew bevestig.

Sessie 6 is begin met die speletjie waarmee Matthew die vorrige sessie verloor het. Ongelukkig verloor hy weer, maar is nie ontmoedig nie. In hierdie sessie is daar van bibliospel gebruik gemaak. Die metafoor het gehandel oor 'n seuntjie wie se vader die koning is op wie 'n slegte toorkuns geplaas is. Hierdie toorkuns het veroorsaak dat die vader al leliker begin optree het. Hy het baie lelik met die moeder gepraat deur op haar te begin skree en goed te begin rondgooi.

Die seuntjie, wat baie lief was vir sy vader, het begin agterkom dat sy hart pyn, omdat dit stukkend was. Hy het niks daarvan gehou nie, en besluit om 'n skakelaar binne-in sy lyf te vind wat hom sou kan help om op te hou dink en voel. Hierdie plan het nie lank gewerk nie, want nou kon die seer nêrens heen gaan nie.
Een nag in sy droom het 'n wensdokter hom besoek en vir hom vertel hoe om van die pyn ontslae te raak. Die volgende dag het hy baie beter begin voel en vir sy maats en familie begin vertel van al die seer in sy hart, om so daarvan ontslae te raak.

Die doel van die metafoor was om aan Matthew die boodskap oor te dra dat dit beter is om oor jou seer te praat as om dit diep in jou lyf te bêre.

4.7.3.1.5 SESSIE 7 EN 8: Aanvaar die permanensie van egskeiding en ontwikkel realistiese hoop oor toekomstige verhoudings.

In sessie 7 is daar ‘n mannetjie geteken wat verskeie ballonne in sy hande vashou. In elke ballon word ‘n emosie geskryf oor hoe Matthew oor die egskeiding van sy ouers voel. Die volgende emosies is deur Matthew geïdentifiseer:

HUIL Hy huil nog amper elke aand as hy moet gaan slaap en sy vader is nie daar nie.

KWAAD Hy is kwaad vir sy moeder omdat sy so lelik was met sy vader en ook vir sy vader omdat hy hom net laat bly het en hom nie saamgevat het nie.

© University of Pretoria

BANG Hy is bang sy vader is nie meer lief vir hom nie, en dat hy nie weer gaan terugkom nie.
BLY Hy is bly want sy moeder huil nie meer so baie nie.

SKAAM Hy wil nie hê die maatjies by die skool moet weet dat sy vader nie meer by hulle bly nie, want dan sal hulle moontlik nie meer met hom wil speel nie.

Daar is vir ‘n tydjie stilgestaan by wat Matthew kan doen as hy hierdie emosies in sy lyfie voel. Ons het ‘n ontspanningsoefening gedoen deur plat op die mat te lê en Matthew te leer om reg asem te haal. Hy moes hom verbeel sy magie is soos ‘n groot ballon wat opblaas as hy inasem en afblaas as hy uitasem. Met elke uitasem blaas hy ook sy bang of sy kwaad uit sy lyfie uit.

Matthew is ook gevra om te dink aan iets wat hy graag wil slaan wanneer hy kwaad is. Die vier reëls van kwaad word is ook aan hom verduidelik, naamlik:

Jy mag nie jouself seermaak as jy kwaad is nie.

Jy mag nie iemand anders fisies of emosioneel seermaak nie.

Jy mag nie iets breek nie.

Jy moet kan sê hoekom jy kwaad is.

Daar is gesamentlik besluit dat hy sy kussing op sy bed sal slaan wanneer hy die kwaad in sy lyfie voel, of, as dit by die skool gebeur, moet hy hy na die kleedkamer gaan en die kwaad uit sy lyfie blaas.

Wanneer hy bang voel en sy magie pyn, mag hy gou na die kleedkamer gaan, soos wat hy reeds in die speelkamer gedoen het. Die veilige plekkie en selfvertroetelingsaksie is herbevestig.

Die laaste sessie is benut om te bepaal of Matthew wel sy ouers se egskeiding kon aanvaar en verwerk.

Vanuit die roosboom se assessering lyk dit tog asof Matthew se selfwaarde aansienlik toegeneem het, en sodoende die selfbeeld verbeter het. Matthew se roosboom staan in sy oupa se tuin. Hy is omring deur ander roosbome en plante. Hy dra groot rooi rose wat niemand pluk nie, maar dit ruik baie lekker. Sy moeder sorg vir die roosboom, en hy het min dorings – net genoeg om die mense weg te hou wat hom seermaak.

Volgens die moeder asook die juffrou is daar ‘n groot verbetering by Matthew te bespeur. Sy enkoprese het opgehou asook die gestotter. Die aggressiewe gedrag volgens die juffrou het aansienlik afgeneem, maar is nog soms teenwoordig. Hier word die eksplosiewe laag van Perls gesien, deurdat Matthew oor genoegsame suksesvolle gedrag beskik om sy situasie te hanteer.

© University of Pretoria

Daar word vervolgens ‘n vergelyking tussen Matthew se twee roosbome getref, naamlik:

EERSTE ROOSBOOM	TWEEDE ROOSBOOM
Staan in vader se tuin.	Staan in oupa se tuin omring deur ander roosbome.
Daar is groot rooi rose wat sy vader pluk.	Daar is rooi rose, maar niemand pluk hulle nie.
Sy vader versorg die rose.	Sy moeder versorg sy rose.

Daar is baie dorings aan die boom. Daar is min dorings aan die boom.

EVALUASIE

Waar Matthew eers in sy vader se tuin gestaan het, staan hy nou in sy oupa se tuin wat ‘n neutrale plek is. Hier kan dus gesien word dat Matthew vir hom ‘n plaasvervanger as rolmodel gekry het. Dit wil dus voorkom asof Matthew nou sy oupa as steunstelsel en identifikasiefiguur aanvaar in die afwesigheid van sy vader. Waar sy vader eers sy rose gepluk het, pluk niemand nou sy rose nie, en hy verkies dit so. Matthew word ook nou omring deur ander roosbome wat maak dat hy nie meer uitgesonder voel in sy situasie nie. Waar die vader eers die hoofversorger was het die moeder daardie rol oorgeneem. Die boom het ook nie meer baie dorings nodig om hom te beskerm nie. Dit is duidelik dat Matthew self aanpassings in sy lewe gemaak het om beter te kan funksioneer namate hy die realiteit van die egskeiding ervaar.

Vanuit die assessering met behulp van die roosboomtegniek, lyk dit tog asof Matthew se selfwaarde aansienlik toegeneem het, en sodoende sy selfbeeld verbeter het. Matthew se roosboom staan in sy oupa se tuin. Hy is omring deur ander roosbome en plante. Matthew raak dus weer bewus van ander persone en verhoudings en is nie meer net van sy eie verlies en die gepaardgaande emosies bewus nie. Hy ervaar dus weer hoop oor die toekomstige verhoudings soos wat hy weer kontak maak met en bewus word van die ondersteunende sisteme om hom.

Matthew is besig om te leer om objektief te staan teenoor die konflik tussen sy ouers en het sy eie belange hervat. Sy aanvaarding van die realiteit word ook versterk deur die voorbeeld van sy moeder omdat hy opmerk dat sy nie meer so baie huil nie. Die boom dra groot rooi rose wat niemand pluk nie, maar dit ruik baie lekker. Sy moeder sorg vir die rooosboom. Hy het geleer om die verlies wat deur die egskeiding veroorsaak is, te hanteer. Hy het min dorings - net genoeg om die mense weg te hou wat hom seermaak. Matthew het alternatiewe gedrag en hanteringstrategieë aangeleer wat hom help om die woede, skuldgevoelens en selfverwyt te hanteer. Volgens die moeder asook die juffrou is daar 'n groot verbetering in Matthew se gedrag te bespeur. Sy enkoprese het opgehou asook die gestotter. Die aggressiewe gedrag volgens die juffrou het aansienlik afgeneem, maar is nog soms teenwoordig.

© University of Pretoria

Evaluerend kan gesien word dat Matthew deur middel van gestaltspelterapie in staat gestel is om sy sin vir die self beter te verstaan, asook om in kontak te kom met sy emosies. Agt sessies het in hierdie geval genoeg geblyk te wees, met opvolgsessies oor ‘n tydperk om veral te evalueer in watter mate hy die permanensie van die egskeiding aanvaar het asook objektiewe standpunt in konfliksituasies wat nog tussen die ouers mag voorkom.

4.7.3.2. GEVALLESTUDIE 2:

AGTERGRONDGEGEWENS:

Naam van die kind: Eric
Ouderdom: 7 jaar
Geslag: Manlik
Hoe lank is ouers geskei: 3 jaar
Aanmeldingsprobleem: Eric is sy ouers se enigste kind. Daar was vir 'n geruime tyd nie gereeld kontak tussen Eric en sy biologiese vader nie. Die moeder het die laaste twee jaar verskeie saamleefverhoudings gehad waaraan Eric blootgestel was. Die voorlaaste saamleefmaat het 'n hegte verhouding met Eric gehad. Tans is daar geen kontak tussen die persoon en Eric nie. Eric ervaar hierdie as 'n verdere verlies, aangesien hy emosioneel baie geheg was aan hierdie persoon. Eric se biologiese vader is intussen getroud en het 'n babadogterjie saam met sy nuwe vrou.

4.7.3.2.2 SESSIE 1 TOT 2: Aanvaar die realiteit van die huweliksdisintegrasie.

Eric kom baie spontaan voor tydens sy eerste spelterapiesessie. Hy lag en gesels lekker. Die sessie begin waarin die reëls van die speelkamer aan hom verduidelik word, asook die rede waarom hy nodig het om te kom speel (vergelyk 4.7.3.1.2).

Eric word toegelaat om te kies met watter speletjie die sessie begin moet word. Direk na die ontspanningspel (vergelyk 3.5.1.1) word die roosboomtegniek (vergelyk 3.5.2.1.2) aan Eric verduidelik en geïmplimenteer. Dieselfde stappe word met Eric gevolg soos reeds bespreek in punt 4.7.3.1.2.
Eric se roosboom staan in ‘n park. Die man wat in die park werk versorg sy roosboom. Sy roosboom dra blou rose wat niemand pluk nie. Hy wil ook nie hê iemand moet sy rose pluk nie. Hy het geen dorings nie. Die goggas eet wel sy blare. Sy wortels is nie baie diep in die sagte grond geplant nie, gevolglik staan hy nie baie stewig nie. Dit is baie koud en die wind waai.

Vanuit die assessering blyk dit dat Eric nie veilig en geborge in sy huidige situasie voel

© University of Pretoria

nie. Vanuit die gesprek met Eric is die navorser van mening dat die kind gewoonlik kies om in die persoon by wie hy veilig voel en met wie hy soms ook ‘n hegte verhouding het, se tuin geplant te staan. Dit blyk ook dat Eric nie een van sy ouers wil bevoordeel nie, aangesien hy nie een van hulle uitsonder om sy rose te pluk nie.

Dit is verder die mening van die navorser dat dit emosioneel met Eric baie sleg gaan, aangesien die goggas sy blare eet, maar ook met die verwysing na die koue wind wat die roosboom aanvoel. Hierdie is wel met Eric gekontroleer, en vertolk die gevoel van verlies wat hy ervaar as gevolg van die ma se vriend met wie Eric 'n hegte verhouding gehad het, wat ook nou weg is.

Tydens die tweede sessie is Eric versoek om ‘n prentjie van ‘n Huis-Boom-Mens te teken, om sodoende by Eric en sy voorgrond uit te kom.

Die huisie is in die boonste linkerhoek van die bladsy geteken, met die mannetjie tussen die huis en die boom. Die mannetjie het lang uitgestrekte arms met baie groot hande aan weerskante van sy lyf.

Eric het vir die mannetjie in sy prentjie sy beste maatjie by die skool se naam gegee. Hierdie mannetjie bly alleen, sy mamma en pappa het nie meer na hom gekyk nie, en hy moes homself grootmaak in die storie. Hier word die sintetiese laag van Perls herken, deurdat Eric die werklike self probeer vermy en ook met verskeie konflikte worstel.

In die storie het Eric se boom gewens vir ‘n manma en ‘n pappa, terwyl die huis gewens het dat daar meer mense in hom kon bly. Die mannetjie het ‘n huis met meer mense en vriende nodig gehad en het hartseer gevoel as hulle nie daar was nie. Met die deurtrek van die storie na realiteit het Eric te kenne gegee dat hy baie keer so voel en dan maar in sy kamer gaan huil.
Eric vertel dat hy soms na sy vader verlang, maar dat sy moeder dan nie wil hê hy mag sy vader bel nie.
Die veilige plekkie sowel as die selfvertroetelingskonsep word aan Eric verduidelik. Eric kies sy kamer by sy moeder se huis as sy veilige plekkie, maar kan nog nie aan ‘n selfvertroetelingsaspek dink nie.

4.7.3.2.3 SESSIE 3 EN 4: Leer om objektief te staan teenoor konflik tussen ouers en hervat eie belang.

In sessie 3 word Eric versoek om ‘n prentjie in die sandbak te bou. Daar word van ‘n oop projeksie gebruik gemaak (vergelyk 3.5.3.2).

Eric bou ‘n seetoneel waarin daar duikers is wat diamante duik, maar daar is ook baie gevaarlike haaie. Die haaie byt die duikers dood. Eric is een van die duikers wat help om teen die haaie te veg, maar die haaie byt albei sy hande af. Eric vertel dat sy moeder en vader baie baklei. Sy moeder sê sy vader mag hom nie weer kom haal nie. Hier word die fobiese laag van Perls herken, deurdat Eric weerstand ervaar om te kan wees wie hy werklik wil wees.

© University of Pretoria

Daar word van bibliospel (vergelyk 3.5.1.3) gebruik gemaak. The Unwedding boek word gelees om aan Eric te verduidelik dat daar baie moeders en vaders is wat van mekaar verskil en baklei.

In sessie 4 word Eric versoek om weer ‘n sandbakprentjie te bou. Eric bou ‘n toneel waarin daar twee haaie in ‘n dam is. ‘n Klomp mense staan om die dam om na die haaie te kyk terwyl hulle baklei. Een man wil die haaie doodskiet, want hy hou nie daarvan dat daar baklei word nie. Daar is ook ‘n veiligheidswag wat ‘n veiligheidsheining opsit sodat die mense nie kan seerkry nie. Die twee haaie baklei omdat hulle kwaad is vir mekaar. Op die einde wen altwee haaie. Hier word die impasse laag van Perls gesien, deurdat Eric nie die nodige hanteringsvaardighede het om sy vrese te verwerk nie.

Daar word van bibliospel gebruik gemaak om aan Eric die verskillende emosies wat kinders tydens ‘n egskeiding ervaar, te verduidelik. Na die storie word Eric die geleentheid gegun om te kan sê hoe hy oor sy ouers se bakleiery voel. Eric kies die hartseer prentjie om sy emosie te illustreer.
Die veilige plekkie (vergelyk 3.4.12), sowel as die selfvertroetelingsaksie (vergelyk 3.4.11), word weer met Eric bespreek. Volgens Eric het hy reeds agtergekom dat hy met sy televisiespeletjies speel wanneer hy alleen voel.

4.7.3.2.4 SESSIE 5 EN 6: Hanteer die verliese wat deur egskeiding veroorsaak is en hanteer gevoelens van woede, skuldgevoelens en selfverwyt.

In sessie 5 word daar gefokus op Eric se emosies. Daar word ‘n mannetjie geteken wat verskillende ballonne vashou. Binne in die ballonne word die emosies wat die kind rondom sy ouers se egskeiding ervaar, neergeskryf. Eric het die volgende emosies geëien:

NIE LEKKER NIE Eric voel die meeste van die tyd nie lekker nie, omdat sy moeder en vader nie saam is nie. Sy maag pyn ook baie keer.

BANG Volgens Eric voel hy baie keer bang omdat hy nie weet wat alles gaan gebeur nie en ook omdat hy nie meer ‘n “lekker familie” het nie.

HARTSEER Hy voel hartseer as sy moeder en vader baklei.

KWAAD Hy is kwaad vir sy moeder en sy vader omdat hulle stry.

In sessie 6 word daar weer van die sandbak gebruik gemaak, maar dié keer wel van ‘n geslote prentjie. Eric word versoek om ‘n prentjie te bou waarin hy kwaad voel.

Daar is van verskeie mensfigure in die projeksie gebruik gemaak, onder andere ‘n klein seuntjie, wat Eric voorstel, ‘n vaderfiguur, ‘n moederfiguur ‘n nar en ‘n heks.

Die seuntjie in die projeksie wou gaan fliek want sy moeder het gesê hy mag.

© University of Pretoria

Die vader in die prentjie sê toe nee, want dit is Sondag en hulle moet kerk toe gaan. Die seuntjie loop toe maar net rond en voel nie lekker nie, want almal het weer begin stry. Nadat die storie na realiteit toe deurgetrek is en die veilige plekkie en selfvertroetelingsaspek weer bespreek is, is die sessie afgesluit met bibliospel. Die storie handel oor die verskillende ouerskapstyle van ouers en die kind wat in die middel vasgevang voel. Die storie kom uit die boek Through the eyes of children.

4.7.3.2.5 SESSIE 7 EN 8: Aanvaar die permanensie van egskeiding en ontwikkel realistiese hoop oor toekomstige verhoudings.

In sessie 7 word daar van die padkaart gebruik gemaak (vergelyk 3.5.1. 3.2) om te bepaal of Eric die egskeidingsproses aanvaar en kan verwerk.

Eric se padkaart begin waar hy is die hospitaal gebore is, gevolg deur ‘n pad na hulle eerste huis waar die gesin saamgewoon het, en dan ‘n pad wat van hierdie huis af na sy vader se eerste huis gaan nadat sy vader hulle verlaat het. ‘n Verdere pad volg wat na sy vader se nuwe huis gaan waar hy nou saam met die tannie woon. In die padkaart verbind Eric ook sy vader se huis met sy moeder se huis. Volgens Eric verlang hy baie na sy moeder as hy by sy vader gaan kuier. Hier word die eksplosiewe laag van Perls herken, deurdat Eric met nuwe gedrag begin eksperimenteer.

Die sessie word afgesluit deur verskillende kleure klei te gebruik om die ouer se liefde aan die kind se illustreer. Die rooi klei word gevat en in ‘n balletjie gerol, wat die moederfiguur voorstel. ‘n Soortgelyke balletjie word met die blou klei gerol wat die vaderfiguur voorstel. Die verduideliking word gegee dat sy vader en moeder baie van mekaar gehou het toe hulle mekaar ontmoet het. En nadat hulle getroud is het hulle besluit om hom te hê. Van beide balletjie word ‘n stukkie afgebreek en met mekaar gemeng, wat dan die kind voorstel. Die kind word gevra om die kleure weer van mekaar te probeer skei. Dit is egter nie moontlik is nie. Daar word verduidelik dat die vader of moeder nie hulle bloed of liefde kan wegneem van die kind nie, maar dat hulle wel kan ophou lief wees vir mekaar, omdat hulle nie dieselfde bloed van mekaar het nie. In Eric se geval, waar daar reeds ‘n hertroue van een van die ouers was, word die volgende verduidelik. ‘n Derde kleur klei word gebruik, byvoorbeeld pers. Hierdie pers kleur klei stel nou die vader se nuwe vrou voor. Van beide blou en pers word nou ‘n stuk klei afgebreek en gemeng, wat die nuwe baba voorstel. Weer word daar aan Eric verduidelik dat die vader nie van Eric se klei weggevat het nie, maar van sy eie, om by die tannie se klei te voeg en sodoende sy nuwe sussie voor te stel. Dit word verder aan Eric verduidelik dat sy vader hom nie minder liefhet nou dat daar ‘n nuwe sussie is nie.

In sessie 8 word die roosboom weer benut om Eric se selfbeeld en siening van homself te meet.

Eric se roosboom staan in die veld, maar word deur beide sy moeder en vader versorg. Hy dra rooi rose wat deur beide ouers gepluk word. Sy wortels is diep in die grond en sy stam is dik met baie blare en geen dorings. Sy blare is groot en groen met niks goggas op nie. Dit is baie warm buite, maar sy moeder en vader bring vir hom water wat die boom lekker laat voel. Vanuit die roosboom-projeksie lyk dit tog of Eric 'n duideliker prentjie

© University of Pretoria

van sy nuwe omstandighede gekry het.

Daar word vervolgens ‘n vergelyking tussen Eric se twee roosbome getref, om sodoende te bepaal of die gestaltspelterapie-tegnieke die kind kon help om sy ouers se egskeiding te aanvaar en te verwerk.

EERSTE ROOSBOOM	TWEEDE ROOSBOOM
Eric se roosboom staan in ‘n parkie en die man wat daar werk, versorg hom.	Eric se roosboom staan in die veld en word deur beide sy ouers versorg.
Die roosboom dra blou rose wat niemand pluk nie.	Die roosboom dra rooi rose, wat sy moeder en vader pluk.
Daar is geen dorings aan nie.	Die roosboom het nog steeds nie dorings aan nie
Daar is goggas wat die blare eet.	Daar is geen goggas meer op die blare nie.
Die wortels is nie baie diep in die	Die boom het wortels wat grond nie. diep in die grond groei.
Dit is koud buite vir die boom.	Dit is warm en lekker vir die boom.

4.7.3.2.6 EVALUASIE

Eric kies nog steeds ‘n neutrale plek vir sy roosboom om te staan, maar dit word deur beide sy ouers versorg en nie deur ‘n vreemdeling nie. Hoewel Eric die huweliksdisintegrasie besef, lyk dit tog asof hy meer objektief staan teenoor sy ouers se konflik. Daar is nie meer goggas op die blare wat aan die boom eet nie. Eric kry dit ook reg om sy eie belange te hervat deurdat die boom se wortels hom meer stewig laat staan. Vanuit die roosboom-projeksie lyk dit asof Eric nou veiliger voel en meer stabiliteit beleef in sy omstandighede. Hy aanvaar die permanensie van die egskeiding en het nuwe hoop vir toekomstige verhoudings begin formuleer, deur sy pa se huis met dié van sy eie te verbind op padkaart. Daar kan dus gesê word dat Eric die verliese van die egskeiding begin deurwerk en aanvaar het, en dat hy alternatiewe gedrag en hanteringstrategieë aangeleer het om die woede, skuldgevoelens en selfverwyt te hanteer.

Volgens beide ouers is Eric baie meer ontspanne en spontaan wanneer hy tyd saam met sy vader deurbring. Volgens die juffrou by die skool het Eric van ‘n teruggetrokke en uiters sensitiewe kind in ‘n baie spontane seuntjie verander.

© University of Pretoria

GEVALLESTUDIE 3:

AGTERGRONDGEGEWENS

Naam: Andre
Ouderdom: 6 jaar
Geslag: Manlik
Hoe lank is ouers geskei: Twee jaar
Aanmeldingsprobleem: Andre is sy ouers se enigste kind. Die moeder het die huis verlaat en Andre by sy vader laat bly. Andre het enurese sowel as enkoprese ontwikkel. Die vader het dit goed gedink om met Andre te verhuis na ‘n ander dorp, waar Andre nie die moeder so gereeld te sien sou kry nie. Later in die terapie het die moeder besluit om ook na die dorp te verhuis waar Andre woonagtig is, om Andre meer te siene te kry en sodoende die verhouding met hom te probeer herstel.

4.7.3.3.2 SESSIE 1 TOT 2: Aanvaar die realiteit vandie huweliksdisintegrasie.

Andre kom baie skaam en onseker voor met sy eerste sessie. Hy wil aanvanklik nie sonder sy vader wees nie. Daar word gesukkel om met ‘n ontspanningspel te begin, en hy weier om sy oë toe te maak vir die visualisering van ‘n roosboom of om enige prentjie te teken.
Daar word besluit om hom dadelik aan die sandbak bekend te stel as ‘n moontlike medium wat sy aandag sal hou. Andre bou ‘n toneel waarin ‘n vader en 'n seuntjie alleen by ‘n tafel sit en twee vrouens wat sit en televisie kyk met hul rûe na die vader en seuntjie gedraai. Een man staan en visvang en twee dogtertjies speel.

Hy vertel dat dit hy en sy vader is en dat sy moeder een van die vrouefigure is wat by die vader se broer en sy gesin sit. Hier word die sintetiese laag van Perls gesien, deurdat Andre die werklike self probeer vermy.

Andre word bekend gestel aan verskillende emosies wat kinders in 'n egskeidingsituasie soms ervaar, deur van bibliospel (3.5.1.3) met die boek Dinosaurs Divorce, gebruik te maak. Die gedeelte wat handel oor emosie word aan hom voorgelees. Volgens Andre voel hy net so hartseer soos die een prentjie omdat hy ook na sy moeder verlang. Die navorser stel voor dat die vader ‘n foto van sy moeder vir hom gee waarmee hy kan rondloop en selfs mee kan gesels in tye wanneer hy te veel verlang. Die moeder sou hom die naweek wat verby is, kom haal het, maar het nie opgedaag nie. Dit gebeur glo gereeld, volgens die vader.

Sessie 2 begin waar Andre spontaan na die sessie toe kom, sonder enige van die vorige skeidingsangssimptome. Die sessie word met ‘n speletjie begin wat deur Andre gekies word (vergelyk 3.5.1.1). Direk na die speletjie word Andre aan die roosbome buite die

© University of Pretoria

speelkamer bekend gestel en volg die roosboomprojeksie (vergelyk 3.5.2.1.2).

Andre se roosboom staan is sy vader se tuin, en net sy vader sorg vir hom. Daar is 'n klomp goggas en baie dorings aan die roosboom. Dit is duidelik dat die vader hier die hoof versorger- en sekuriteitsrol vertolk.

Die navorser besluit om ‘n prentjie in die sandbak vir Andre te bou. Die storie word verkry uit die boek Through the eyes of children. Die storie help kinders om te verstaan waarom ouers soms skei. Die redes mag verskillend wees, byvoorbeeld:
dat ouers nie meer met mekaar praat of gesels nie, omdat hulle vir mekaar kwaad is.
dat hulle net nie meer van dieselfde dinge hou nie, en nie meer saam wil wees nie.

Nadat die navorser haar storie in die sand voltooi het, wou Andre ook graag ‘n storie in die sand bou. Andre het verskeie mensfigure uitgesoek. Verskeie mans- en vrouefigure asook ‘n seuntjiefiguur is gebruik. Al die figure skop en slaan mekaar, selfs die seuntjiefiguur het mans- sowel as vrouefigure begin slaan en skop. Na ‘n paar minute van aggressiewe spel en geen verbale kommunikasie nie het Andre die sessie afgesluit sonder enige verduideliking van wat in die sandbak gebeur het, en verdaag. Hier word die fobiese laag van Perls herken, deurdat Andre weerstand ervaar om te kan wees wie hy werklik is.

Volgens die vader het Andre, nadat hy vir hom ‘n foto van die moeder gegee het soos versoek deur die navorser, baie rustig geslaap en sonder enige glipsies vir drie aande agter mekaar.

4.7.3.3.3 SESSIE 3 EN 4: Leer om objektief te staan teenoor konflik tussen ouers en hervat eie belang.

Met Andre se derde sessie het die moeder besluit om ook na die dorp waar Andre woon te verhuis. Dit lyk asof die moeder ‘n groot poging begin aanwend om Andre meer te sien, maar asof Andre baie onseker voel oor kontak met haar. Die vader was veral gekant teenoor besoektye waarvoor die moeder gevra het, omdat hy gevoel het sy nie in die verlede kon hou by haar beloftes aan Andre nie, en hy nie sy kind verder wou traumatiseer nie. In die sessie is Andre voorberei om meer gereeld kontak met sy ma te hê. Die moeder is versoek om ‘n besoekrooster vir Andre op te stel, wat dan ook in terapie met ‘n storie verduidelik is. Op hierdie besoekrooster is ook ander belangrike geleenthede in Andre se lewe aangeteken, soos byvoorbeeld sy spelterapie-afsprake en sy karate-klasse.

Na die storie wou Andre ‘n prentjie in die sandbak bou. Hy bou ‘n dieretoneel waarin die vader tier in ‘n hok is, sodat hy nie ander diere kan vang en seermaak nie. Daar word drie koedoes in die sandbak bygevoeg, waarvan een ‘n moeder, een ‘n vader en die ander ‘n jong bul is. Die moeder staan egter apart van die vader en jong bul. Daar word ook ‘n moeder beer, ‘n vader beer en ‘n baba beer in die projeksie gevoeg. Ook hier staan die moeder beer in die teenoorgestelde hoek van die sandbak as die vader en baba beer.

Laastens word ook ‘n krokodil-familie bygevoeg. Die moeder en die vader krokodil

© University of Pretoria

baklei, omdat die moeder die kleintjies teen die vader krokodil wil beskerm, omdat hy te kwaai is met hulle.

Die navorser moes baie versigtig wees om nie te vinnig met Andre van fantasie na realiteit te beweeg en hom te help om sy projeksie te besit nie. Hy het geweier om enige vrae wat na sy lewe verwys te beantwoord, en was gevolglik nie gereed om aan alternatiewe te begin werk nie. Die weerstand wat Andre dus hier toon is soos bespreek in 3.3.4.4., naamlik die fobiese laag van Perls se neurose. Gevolglik is die sessie afgesluit.
In sessie 4 wou Andre weer ‘n sandbak-toneel bou. In hierdie toneel maak hy slegs van diere gebruik. Al die diere word in groepies met dieselfde families geplaas. Elke familie bestaan uit ‘n moeder en ‘n vader met kleintjies. Na Andre se projeksie in die sand is die sessie verby. Geen storie oor die projeksie is van Andre verkry nie. Hier word die impasse laag van Perls herken, deurdat Andre nie die nodige hanteringsvaardighede het om sy situasie te hanteer nie.

Volgens die vader het Andre die naweek by sy ma deurgebring, en beleef hy Andre weer baie emosioneel. Hy het ook weer Sondagaand ‘n glipsie in die bed gehad. Dit is duidelik dat Andre nog nie veilig genoeg voel om sy emosies spontaan te hanteer nie.

4.7.3.3.4 SESSIE 5, 6 EN 7: Hanteer die verliese wat deur egskeiding veroorsaak is en hanteer gevoelens van woede, skuldgevoelens en selfverwyt.

In sessie 5 besluit Andre om weer diere-families in die sandbak te bou. Daar word baie aggressief teenoor die moederfigure in die sand opgetree. Andre kies om die tier in die sandbak te wees wat al die moederfigure opvreet. Weereens word geen storie oor die projeksie vertel nie. Andre word die geleentheid gegun om eers veilig te voel binne die speelkamer. Gevolglik word die kind se proses hier ook in ag geneem.

Volgens die vader het Andre se moeder gesê sy kom haal hom Vrydag na werk, maar sy het eers die Saterdagoggend opgedaag. Andre het geweier om saam met haar te gaan vir sy naweekbesoek.

In sessie 6 maak Andre weer van die sandbak gebruik. Hy sê hy wil ‘n hartseer prentjie bou. Die prentjie handel oor ‘n klomp vissies wat nie moeders en vaders het nie. Al die moeders en vaders is dood. Die vissies voel baie hartseer en swem maar net rond om beter te kan voel. Die navorser maak van hierdie geleentheid gebruik om die veilige plekkie (vergelyk 3.4.12) , sowel as die selfvertroetelingsaspek (vergelyk 3.4.11) met Andre te bespreek. Andre noem dat sy bed in sy kamer sy veilige plekkie is en dat hy maar televisie kyk as hy nie lekker voel nie, of buite speel.

Daar word besluit om ‘n ekstra sessie aan Andre af te staan vir die besit van sy emosies. In sessie 7 word daar van klei gebruik gemaak. Andre word versoek om eerste ‘n prentjie te maak van hoe hy op daardie oomblik voel. Andre weier om met die klei te werk. Daar word aan hom verduidelik dat ons iets kan maak wat sal sê hoe ons voel, of wat ons graag sal wil hê moet gebeur. Andre sukkel baie en sê hy wil hê sy moeder en vader moet weer saam wees.

© University of Pretoria

Andre word aangemoedig om dit met klei te maak. Hy maak twee mannetjies maar slaan hulle albei met sy vuis plat. Daar word vir Andre toestemming gegee om vir beide sy ouers kwaad te mag voel. Hierna maak Andre ‘n voëlnessie met ‘n moeder en ‘n vader voël in, wat op ‘n klomp eiers sit.

4.7.3.3.5 SESSIE 8 EN 9: Aanvaar die permanensie van egskeiding en ontwikkel realistiese hoop oor toekomstige verhoudings.

Daar is besluit om die padkaart te benut om te evalueer of Andre die egskeidingsituasie verstaan en hoe hy dit ervaar.

Andre begin sy padkaart by die hospitaal waar hy gebore is. Daar word paaie na al die huise geteken waar hulle as gesin saam gebly het, sowel as die huis waarnatoe die ma die eerste keer getrek het. Andre se padkaart eindig waar hy in sy vader se huis is, asook waar dit verbind word met sy moeder se nuwe huis waar hy elke tweede naweek gaan kuier. Ten laaste word ook sy skool ingeteken. Hier word die eksplosiewe laag van Perls gesien, deurdat Andre sy nuwe geëksperimenteerde gedrag begin toepas.

Die navorser is van mening dat Andre sy huidige situasie begryp en verstaan, en ook begin aanvaar.
Sessie 9 word gebruik om te bepaal of Andre sy ouers se egskeiding aanvaar en verwerk.

Andre se roosboom staan in sy vader se tuin, maar word deur beide sy ouers versorg. Die boom se wortels is diep in die grond en dit het baie groen blare en rose aan. Niemand pluk van die rose nie, want Andre sal nie daarvan hou nie. Daar is niks dorings aan nie, want niks maak meer sy roosboom seer nie. Al die goggas is ook weg. Die roosboom word omring met liefdeshartjies.

Daar word vervolgens ‘n vergelyking tussen Andre se twee roosbome getref, om te bepaal of die gestaltspelterapie-tegnieke wel die kind gehelp het om sy ouers se egskeiding te verwerk.

EERSTE ROOSBOOM	TWEEDE ROOSBOOM
Die roosboom staan in sy vader se tuin en word deur die vader versorg.	Die roosboom staan nog in die vader se tuin, maar beide ouers versorg dit.
Daar is ‘n klomp goggas op die boom wat die blare eet.	Daar is niks meer goggas op die roosboom nie.
Die boom het baie dorings.	Die boom het niks meer dorings nie.

4.7.3.3.6 EVALUASIE

© University of Pretoria

Andre se sekuriteit lê duidelik nog by die vaderfiguur, wat aan Andre die geleentheid gee om ook by die moeder betrokke te voel. Hierdie geleentheid wat Andre het om ook by die moeder betrokke te wees, maak dit vir hom moontlik om objektief teenoor sy ouers se konflik te staan en om sodoende eie belange te hervat. Gevolglik kan Andre die verliese wat deur die egskeiding veroorsaak is, asook die gevoelens van woede, skuldgevoelens en selfverwyt hanteer. Daar is geen goggas of dorings meer nodig aan sy boom nie. Volgens sy vader sien Andre ook daarna uit om na sy moeder te gaan en is glad nie huilerig met sy terugkeer nie. Andre is ook besig om dit reg te kry om nuwe hoop vir toekomstige verhoudings te ontwikkel, deurdat beide ouers vir die roosboom begin sorg. Dit is dus duidelik dat met die behulp van gestaltspelterapietegnieke Andre sy ouers se egskeiding kon aanvaar as 'n permanensie.

4.7.3.4 GEVALLESTUDIE 4:

AGTERGRONDGEGEWENS

Naam:	Chris
Ouderdom:	9 jaar
Geslag:	Manlik
Hoe lank is ouers geskei:	Drie jaar

Aanmeldingsprbleem: Chris is die jongste van twee kinders. Sy ouers is alreeds vir drie jaar geskei.

Chris se vader het intussen weer getrou met ‘n vrou wat twee seuns uit haar vorige huwelik het.
Saam het sy en Chris se vader ook ‘n babaseuntjie.
Chris se vader woon op ‘n plaas ongeveer 300 km van waar Chris en sy gesin tans woon, gevolglik sien Chris sy vader slegs lang naweke en alternatiewe vakansies.

4.7.3.4.2 SESSIE 1 EN 2: Aanvaar die realiteit van die huweliksdisintegrasie.

Chris kom aangenaam voor en het ‘n goeie sin vir humor. Hy geniet die ontspanningspel baie. Na die ontspanningspel is Chris aan die roosboom- tegniek bekend gestel (vergelyk 3.5.2.1.2).

Chris se roosboom staan op sy pa se plaas. Rondom hom is net gras, geen ander plante nie, behalwe ‘n groot boom wat skadu vir die roosboom gee. Hoewel sy vader vir hom water gee, versorg die werkers op die plaas die boom. Die roosboom se wortels is diep in die grond, en hy het ‘n dik, stewige stam met baie dorings aan. Daar is goggas wat die donkergroen blare van die boom eet.

Volgens Chris voel hy verstoot deur sy vader wat nou met ‘n ander vrou getroud is, en wie se kinders elke naweek plaas toe gaan. Chris beweer ook dat hy nie alleen tyd saam met sy vader kan spandeer nie en dit is vir hom baie sleg. Volgens Chris is sy moeder vir hom soos ‘n groot skaduboom wat na hom kyk.

© University of Pretoria

Die begrip veilige plekkie, sowel as selfvertroeteling (vergelyk 2.4.11 en 2.4.12) word aan Chris verduidelik. Volgens Chris is sy bed in sy kamer sy veilige plekkie en speel hy graag met sy karretjies buite om beter te voel.

Tydens die tweede sessie is Chris versoek om ‘n prentjie met ‘n huis, ‘n boom en ‘n mens in te teken (vergelyk 3.5.3.1).

Chris se prent word oorheers deur die huis in die middel van die bladsy. Die huis het ‘n klein deurtjie en baie vensters. Die boom staan aan die regterkant van die bladsy met baie afgekapte takke en ‘n voëlnessie in een van die mikke. Die mannetjie in die prent het groot oë met geen mond nie. Die arms is kort stompies.

Chris gee sy oudste stiefbroer se naam vir die mannetjie. Volgens Chris woon hy en sy sussie ook saam met sy vader en sy nuwe familie in die huis. Chris erken dat hy baie na sy vader verlang en dan sommer op sy bed lê en huil. Hy is ook jaloers op sy stiefboeties wat op die plaas is. Chris wens om net alleen saam met sy vader op die vierwielmotorfiets te kan gaan ry. Hier word die sintetiese laag van Perls herken, deurdat Chris die werklike self vermy en tog ook worstel met onopgeloste konflikte.

4.7.3.4.3 SESSIE 3 EN 4: Leer om objektief te staan teenoor konflik tussen ouers en hervat eie belang.

Tydens die derde sessie is daar besluit om Chris aan die sandbak voor te stel (vergelyk 3.5.3.2). Daar is vir ‘n oop projeksie geleentheid gegee.
Chris het besluit om slegs diere te gebruik. In die projeksie was daar baie aasvoëls wat rondgevlieg het om kos te soek, en baie van hulle het ook ander diere se kos afgevat. Daar was ook ‘n bobbejaan, ‘n wolf, ‘n rooikat en slange in die prent. Die bobbejane wou saam met die aasvoëls die kos van die ander diere steel. Die rooikat probeer om die wolf se kos te vat, maar die wolf gee nie sy kos op nie. Die slang klim in die boom en lê en kyk vir die diere.

Chris kies om een van die aasvoëls te wees en maak sy moeder een van die bobbejane en sy sussie die wolf. Sy oudste stiefbroer is die rooikat, want hy voel dat sy stiefbroer baie hard probeer om sy vader se aandag te kry, maar dat sy sussie dit nie sal toelaat nie. Chris kies die slang vir sy vader, omdat hy voel sy vader doen niks om hulle terug te kry nie. Volgens Chris sal sy moeder ook graag sy vader wil terughê. Hier is dit duidelik hoe Chris Perls se fobiese laag beleef met verskeie weerstande op die voorgrond.

Daar word van bibliospel (vergelyk 3.5.1.3) gebruik gemaak om die egskeidingsituasie aan Chris te verduidelik. Daar word van The Un-wedding en daarna die Dinosaurs Divorce gebruik gemaak om vir Chris toestemming te gee vir die emosies wat hy ervaar. Dit is duidelik dat Chris baie onverwerkte emosies rondom die egskeidingsituasie beleef.

Tydens sessie 4 word daar gefokus op die gesin. Chris word versoek om sy gesin uit pottebakkersklei te maak. Chris maak vir hom, sy moeder en sy suster wat een groepie vorm, en sy vader met sy nuwe gesin wat ‘n tweede groepie vorm. Hier word die

© University of Pretoria

impasse laag van Perls beleef, deurdat Chris voel dat hy nie oor genoeg hanteringsvaardighede beskik om sy situasie te hanteer nie.

Hier word van die geleentheid gebruik gemaak om deur middel van die gekleurde klei (vergelyk 4.7.3.2.5) aan Chris te verduidelik dat sy vader altyd sy vader sal bly en nie vir hom minder lief kan wees, noudat hy getroud is en daar ander kinders is nie. Chris gesels oor sy jaloerse gevoelens teenoor sy half- en stiefboeties. Hy toon egter wel begrip en sê hy voel nou meer verlig na die verduideliking.

4.7.3.4.4 SESSIE 5 EN 6: Hanteer die verliese wat deur egskeiding veroorsaak is en hanteer gevoelens van woede, skuldgevoelens en selfverwyt.

In sessie 5 word Chris versoek om ‘n mannetjie te teken wat verskillende ballonne in sy hande vashou (vergelyk 4.7.3.1.5). Chris het die volgende emosies gekies om in die ballonne te beskryf:

NIE LEKKER NIE	Verlang na en mis sy vader baie.
RUSTIG	Niemand skree meer op mekaar nie en daar word nou ook nie meer baklei nie.
SKAAM	Van die maats wat weet van sy ouers se egskeiding spot hom dat sy vader nie meer vir hulle lief is nie. Chris raak dan kwaad en slaan hulle, wat hom weer in die moeilikheid bring.
BEKOMMMERD	Is baie bekommerd oor sy ma wanneer hy by sy vader op die plaas kuier.
BANG	Bang dat iets gaan gebeur, want nou is sy vader nie meer daar om hulle te beskerm nie.
KWAAD	Chris is kwaad vir beide sy ouers omdat hulle nie kon ophou baklei nie, en nou geskei is. Hy voel die kwaadste vir sy vader omdat hy die meeste met sy moeder baklei het.

Na die voltooiing van die ballon-projeksie word daar saam met Chris aan verskillende aanvaarbare metodes gedink om van sy onderdrukte woede ontslae te raak. Die volgende word as moontlikhede genoem:
Om sy kussing te slaan.
Om fiets te ry totdat hy moeg genoeg is om sodoende van sy woede ontslae te raak.
Om in die kussing te skree so hard as wat hy kan.
Die indruk word egter wel verkry dat Chris tog in kontak is met sy emosies, maar nie gesonde metodes ken om daarvan ontslae te raak nie.

In sessie 6 word daar verder op emosies gefokus. Chris word versoek om ‘n monster te teken (vergelyk 3.5.2.1.1). Chris noem sy monster “Meneer baie kwaad”.

© University of Pretoria

Volgens hom bestaan sy monster al twee jaar lank en slegs hy en sy moeder weet van die monster. Die monster sê vir Chris om kwaad te word wanneer hy aan sy half-boetie asook sy stiefboeties dink. Hy raak soms so kwaad dat hy sy sussie terg, sodat sy met hom moet begin baklei. Sodoende voel hy weer beter. Volgens Chris voel hy kwaad vir sy half- en stiefboeties omdat hy jaloers voel. Hulle is by sy vader en hy kan nie daar wees nie. Al hierdie jaloerse gedagtes laat vir Chris nie lekker voel nie, gevolglik wil hy van sy monster ontslae raak, maar hy weet nie hoe nie.

Daar word weer saam met Chris deur al die verskillende stappe van woedehantering gewerk, soos reeds bespreek in 4.7.3.1.5. Daar word weer van bibliospel (vergelyk 3.5.1.3) gebruik gemaak deur die boekie, Pret met gedagtes, met Chris deur te werk. In hierdie boekie word die kind tot die begrip gebring dat hy alleen sy emosies bepaal, afhangende van sy gedagtes, gevolglik word Chris in staat gestel om op alternatiewe (vergelyk 3.4.6) en keuses (vergelyk 3.4.7) te fokus.

4.7.3.4.5 SESSIE 7 EN 8: Aanvaar die permanensie van egskeiding en ontwikkel realistiese hoop oor toekomstige verhoudings.

In sessie 7 moet Chris ‘n padkaart van sy lewe teken. Chris begin sy padkaart (vergelyk 3.5.1.3.2) by die hospitaal waar hy gebore is, waarna die pad na die huis op die plaas lei, waar hulle as gesin gewoon het. Met die uitmekaargaan van sy ouers het hy, sy sussie en sy moeder na ‘n huis op die dorp getrek. Hier het hy ook begin kleuterskool toe gaan. Twee jaar gelede het sy ma ‘n verplasing na ‘n ander dorp gekry en die huis verskyn ook op die padkaart. ‘n Verdere verplasing het hulle na hul huidige huis op die dorp, waar hulle tans woonagtig is, gebring. Chris dui ‘n duidelike pad aan wat van die huidige huis verbind word met die pad wat na die plaas loop. Hier word die eksplosiewe laag van Perls gesien, deurdat Chris sy nuwe geëksperimenteerde gedrag implementeer.

Tydens sessie 8 word die roosboom-tegniek gebruik om te bepaal of Chris sy ouers se egskeiding kon aanvaar en verwerk. Chris se roosboom staan in die nasorg-tannie se tuin, waar sy moeder vir hom water gee. Die wortels is nie baie diep nie, omdat die boom nuut geplant is. Almal wat verbyloop kyk na die roosboom, omdat hy baie mooi rooi rose dra, maar niemand mag van die rose pluk nie, want dit sal te seer wees vir die boom.

Die boom het ‘n dik bruin stam met baie groot dorings en die blare is donkergroen en gesond. Die boom se wortels laat hom stewig staan en daar is ‘n heining wat die boom beskerm teen mense wat hom wil seermaak. Dit is somer buite en die boom voel lekker.

Vervolgens word daar ‘n vergelyking tussen Chris se twee roosbome getref.

EERSTE ROOSBOOM	TWEEDE ROOSBOOM
Die boom staan op sy vader se plaas en word deur die vader water gegee.	Die boom staan in sy nasorg-tannie se tuin en word deur sy moeder versorg.
Die wortels is diep in die	Die boom se wortels is nie

© University of Pretoria

grond.	diep in die grond nie, want hy is nuut geplant.
Die boom het baie dorings.	Die boom het ook baie dorings.
Daar is goggas wat aan die blare eet.	Daar is geen goggas op hierdie boom nie.

4.7.3.4.6 EVALUASIE

Dit is duidelik dat Chris homself eers moes ontwortel om te kon aangaan met sy lewe, en dui dus op so 'n manier aan dat hy wel sy ouers se huweliksdisintegrasie aanvaar het. Hy kies egter ‘n neutrale plek, maar word deur sy moeder versorg. Daar word aanvaar dat Chris die realiteit van sy ouers se egskeiding aanvaar het en kon leer om objektief teenoor hul konflik te staan.

Hoewel daar nog baie dorings aan die nuwe boom is, is daar nie meer goggas wat aan die boom eet nie. Daar kan dus gesê word dat Chris besig is om te leer om die verliese wat deur die egskeiding veroorsaak is, te hanteer. Chris het alternatiewe gedrag en hanteringstrategieë begin ontwikkel om hom te help om die woede, skuldgevoelens en selfverwyt te hanteer. Chris het ook daarin geslaag om realistiese hoop oor toekomstige verhoudings te begin handhaaf. Hoewel die roosboom 'n heining het om hom te beskerm, gaan dit goed met die boom. Ons sien dit ook in die padkaart waar die plaas met Chris se huis verbind word. Tog kan gesê word dat Chris sy ouers se egskeiding aanvaar het. Die terapie moet moontlik oor 'n tydperk opgevolg word om veral te evalueer in watter mate Chris kon volhou om te werk aan realistiese verhoudings .

GEVALLESTUDIE 5:

AGTERGRONDGEGEWENS

Naam:	Nicole
Ouderdom:	7 jaar
Geslag:	Vroulik
Hoe lank is ouers geskei:	Een jaar
Aanmeldingsprobleem:	Nicole is haar ouers se enigste kind. Die vader bly saam met ‘n saamleefmaat, terwyl Nicole en haar moeder alleen woon. Haar moeder het wel ‘n vriend van wie Nicole baie hou. Nicole sien haar vader baie gereeld en besoek hom elke alternatiewe naweek. Beide ouers handhaaf ‘n goeie beskaafde verhouding met mekaar. Tog sukkel sy om te aanvaar dat haar ouers nie meer saam kan wees nie.

4.7.3.5.2 SESSIE 1 EN 2: Aanvaar die realiteit van die huweliksdisintegrasie.

Nicole kom ontspanne en spontaan voor met haar eerste sessie. Die sessie word met ‘n ontspanningspel begin, vergelyk (3.5.1.1). Na die ontspanningspel, word die reëls van die speelkamer aan haar verduidelik en word sy bekend gestel aan die roosboom-tegniek (vergelyk 3.5.2.1.2).

© University of Pretoria

Nicole se roosboom staan in haar ouma se tuin. Daar is gras rondom die roosboom geplant, wat hom afsonder van die res van die tuin. Haar ouma sorg vir die roosboom deur dit water te gee. Die roosboom het min, maar tog donkergroen blare. Daar is min en baie klein dorings aan die roosboom. Die roosboom dra rooi rose wat nie gepluk word nie, omdat Nicole nie wil hê iemand moet dit pluk nie. Haar wortels is nie baie diep in die grond nie, want die boom is nie lank gelede geplant nie.

Vanuit die assessering lyk dit tog asof Nicole veiliger by haar ouma voel as wat sy by een van haar ouers voel. Hierdie gevoel kan bydra tot die selfwaarde wat Nicole van haarself en haar situasie het, naamlik dat nie een van haar ouers meer vir haar lief is nie.

Tydens sessie 2 word Nicole versoek om ‘n prentjie van ‘n huis, ‘n boom en ‘n mens te teken. Nicole se prentjie bestaan uit ‘n klein huisie, ‘n boom en ‘n klein dogtertjie wat baie kort arms het, met ‘n groot hartjie wat langs haar geteken is.

Volgens Nicole is die dogtertjie vyf jaar oud, (die ouderdom wat sy was toe haar ouers uitmekaar is). In die huisie woon die dogtertjie, haar moeder en haar vader. Die dogtertjie het kos, maar ook liefde van haar ouers nodig. Sy wens sy was ‘n prinses sodat sy kon besluit wat mense mag doen. Sy is baie hartseer as iemand doodgaan, want dan is daardie persoon nie meer daar nie.

Vanuit die projeksie blyk dit wel dat Nicole emosioneel deur die egskeiding van haar ouers geraak word. Sy voel ook hartseer omdat een van die ouers nie altyd by haar kan wees nie.

Daar word op die veilige plekkie (vergelyk 3.4.12) asook die selfvertroetelingsaspek (vergelyk 3.4.11) gefokus om sodoende sekuriteit in Nicole se lewe te probeer bewerkstellig.

4.7.3.5.3 SESSIE 3 EN 4: Leer om objektief te staan teenoor konflik tussen ouers en hervat eie belang.

In sessie 3 word Nicole versoek om haar gesin te teken (vergelyk 3.5.3.1). Nicole teken ‘n boom, dan vir haar, dan haar moeder en haar vader. Langs haar vader teken sy ‘n groot ronde grasperk, met ‘n hartjie wat in die lug bo almal se koppe hang. Die idee word geskep dat sy die gesin van alle kante probeer beskerm. Al die mannetjies is sonder hande en voete geteken. Hier word die sintetiese laag van Perls herken, waar die kind die werklike self vermy en worstel met onopgeloste konflikte.

Volgens Nicole hardloop en speel sy, haar moeder huil want sy is baie hartseer omdat hulle nie meer saam met haar vader bly nie. Haar vader raak kwaad, omdat hy sukkel met houtgoed wat by probeer bou. Soms jaag haar vader haar en kielie haar, sy hou baie daarvan.

Die sessie word afgesluit met bibliospel (vergelyk 3.5.1.3) om die redes van egskeiding aan die kind te verduidelik. Hier word van die boek The Un-wedding, gebruik gemaak.

© University of Pretoria

Die vierde sessie word gebruik om Nicole aan die sandbak bekend te stel. Daar word van ‘n oop projeksie gebruik gemaak (vergelyk 3.5.3.2). Nicole bou ‘n projeksie van perde. Die perde stoei met mekaar en raak kwaad vir mekaar, omdat van hulle met ander perde praat, wat die ander perde baie jaloers maak. Nicole kies om die perd te wees wat al die ander perde soen, omdat sy nie kwaad is nie, en nie wil hê daar moet baklei word nie. Hier word die fobiese laag van Perls herken, deurdat Nicole weerstand ervaar om te kan wees wie sy werklik wil wees.

Nicole vertel dat haar vader altyd met haar moeder geraas het as sy iets verkeerds gedoen het. Sy is kwaad vir haar vader, want hy het met haar moeder geraas en toe skei hulle.

Daar word weer eens van bibliospel gebruik gemaak (vergelyk 3.5.1.3) om aan Nicole die redes vir egskeiding te verduidelik, asook om haar toestemming te gee vir haar emosies. Hier word van die Dinosaurs Divorce, gebruik gemaak.

4.7.3.5.4 SESSIE 5 EN 6: Hanteer die verliese wat deur egskeiding veroorsaak is en hanteer gevoelens van woede, skuldgevoelens en selfverwyt.

In sessie 5 word Nicole die geleentheid gegee om weer ‘n oop sandprojeksie te bou. Die projeksie handel oor ‘n slegte vrou wat ‘n ander vrou se baba wil steel, want die slegte vrou het nie haar eie baba nie.

Die vader van die baba slaan die slegte vrou oor die kop, want sy wil nie ophou nie. Skielik baklei al die mans en vrouens met mekaar. Al die kinders hardloop en gaan kruip weg. Die kinders is bang die moeders baklei met hulle, omdat hulle eintlik vir die vaders kwaad is. Nicole besluit om een van die kinders te wees wat onder die plante wegkruip. Sy sê sy dink dit is haar skuld dat haar ouers geskei is, want hulle het baie met mekaar en met haar baklei. Hier word die impasse laag van Perls ervaar, deurdat Nicole nie gepaste hanteringstrategieë het om haar situasie te hanteer nie.

Daar word weer eens van bibliospel (vergelyk 3.5.1.3) gebruik gemaak, sodat Nicole tot die begrip kan kom dat dit soms beter vir ouers is om te skei, as om heeltyd te baklei.

In sessie 6 word Nicole versoek om ‘n meisie te teken wat verskeie ballonne in haar hande vashou (vergelyk 3.5.3.1). In elk van die ballonne word die emosies soos Nicole oor die egskeiding voel, neergeskryf. Haar emosies is soos volg:

HARTSEER	Haar moeder en vader is nie meer lief vir mekaar nie, en dit laat haar baie hartseer voel.
NUUSKIERIG	Nuuskierig vir alles wat sy kan kry, soos presente, ‘n nuwe kamerstel en speelgoed.
BEKOMMERD	Bekommerd omdat haar moeder ook baie bekommerd is.
VERLANG	Nicole dink baie aan haar vader en verlang na hom.

© University of Pretoria

KWAAD	Kwaad vir albei ouers omdat hulle geskei is.
BENOUD	Dit voel vir Nicole asof sy toegesluit word, want haar vader is nie meer by haar nie.

Die navorser help Nicole om te fokus op haar veilige plekkie (vergelyk 3.4.12) asook die selfvertroetelingsaspek (vergelyk 234.11).

4.7.3.5.5 SESSIE 7 EN 8: Aanvaar die permanensie van egskeiding en ontwikkel realistiese hoop oor toekomstige verhoudings.

In sessie 7 word Nicole versoek om haar padkaart (vergelyk 3.5.1.3.2) te teken. Nicole begin by die hospitaal waarin sy gebore is, dan loop die pad na die huis waar hulle as gesin gewoon het. Vanuit die huis loop daar drie paaie: die eerste na haar vader se huidige huis, die tweede na haar en haar moeder se huis, en die derde na haar skool. Die vader en die moeder se huise het ‘n aparte pad wat hulle verbind.

Dit lyk asof Nicole ‘n baie goeie begrip het van haar huidige situasie en dus of sy die egskeidingsproses beter begryp. Hier word die eksplosiewe laag van Perls herken, deurdat Nicole nuwe geëksperimenteerde gedrag toepas.

In sessie 8 word Nicole versoek om weer ‘n roosboom te visualiseer en daarna te teken. Nicole se roosboom staan weer in haar ouma se tuin, en dié versorg haar. Die boom het rooi rose wat haar ouma pluk en rangskik, omdat dit baie mooi rose is.

Die boom staan in sagte grond en die wortels het diep gegroei. Dit is somer, en dit reën, sodat die boom kan lekker voel.

Die boom het baie dorings, en sy blare is groen. “Lady birds” kom sit daarop omdat hulle van die boom hou. Dit is baie lekker vir die boom. Haar ouma plant ook haar gunstelinggroente naby die boom, sodat die boom nie so alleen moet voel nie.

Daar word vervolgens ‘n vergelyking tussen Nicole se twee roosbome getref, om sodoende te bepaal of gestaltspelterapie-tegnieke haar kon help om haar ouers se egskeiding te aanvaar en te verwerk.

EERSTE ROOSBOOM	TWEEDE ROOSBOOM
Die roosboom staan in haar afgesonder	Die roosboom staan nog ouma se tuin, steeds in die ouma se tuin, van ander plante. maar is nie meer afgesonder nie.
Die ouma versorg die boom.	Die ouma versorg nog steeds die boom.
Die boom het min blare en	Die boom het genoeg blare vir

© University of Pretoria

klein dorings.	die “lady birds” om op te wees.
Daar is rooi rose wat niemand pluk nie.	Daar is rooi rose wat ouma afpluk en rangskik.
Die wortels is nie baie diep nie.	Die wortels staan in sagte grond en is diep gewortel.

4.7.3.5.6 EVALUASIE

Nicole het dit reggekry om objektief teenoor haar ouers se konflik te staan en die verliese wat deur die egskeiding veroorsaak is, te hanteer. Waar Nicole se roosboom eens baie afgesonderd gestaan het, staan dit nou tussen ouma se gunstelinggroente om nie alleen te voel nie. Daar sit selfs “lady birds” op die blare wat lekker is vir die roosboom. Nicole kry dit ook reg om hoop op realistiese verhoudings te vestig. Die rose word gepluk en gerangskik vir ander om te sien. Dit is duidelik dat Nicole die permanensie van haar ouers se egskeiding aanvaar het, haar boom se wortels staan diep in sagte grond.

4.8 SAMEVATTING

Gevallestudies met vyf laerskoolkinders tussen die ouderdomme ses en nege jaar, wie se ouers reeds geskei is, is vir die navorsingstudie gebruik. Daar is agt sessies met elke kind, behalwe een geval wat 'n ekstra sessie benodig het, benut.

Die agt sessies is deurgaans aan die hand van die ses take soos deur Van der Merwe (1996:184) en Wallerstein (1983:230-243) saamgevat, geëvalueer.

Die doelstelling, naamlik om die laerskoolkind met behulp van spelterapie te help om die egskeiding te verwerk, is deurgaans nagestreef.

Die navorsingsbevindinge kan nou benut word ten einde bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings oor die benutting van gestaltspelterapie by die laerskoolkind ten opsigte van egskeiding te maak.

HOOFSTUK 5

5. SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

INLEIDING

In hierdie ondersoek is 'n beskrywende studie gedoen om te kan bepaal in watter mate die laerskoolkind die egskeiding verwerk het. In hierdie hoofstuk word die doelstelling en doelwitte van die navorsingstudie geëvalueer. Gevolgtrekkings en aanbevelings, na aanleiding van die studie, word daarna bespreek.

© University of Pretoria

5.2 EVALUERING VAN DIE DOELSTELLING EN DOELWITTE

5.2.1 DOELSTELLING

Die volgende doelstelling is met die navorsing nagestreef:
Die laerskoolkind se verwerking van die egskeiding met behulp van spelterapie.

Die doelstelling is bereik deurdat vyf laerskoolkinders na afhandeling van die ouers se egskeiding by agt gestaltspelterapie sessies betrek is. Deur middel van waarneming kon bepaal word in watter mate die laerskoolkind die egskeiding verwerk het. Die gevallestudies is in hoofstuk 4 bespreek.

5.2.2 DOELWITTE

Die doelwitte het bygedra tot die bereiking van die doelstelling, naamlik:

Doelwit 1
Om 'n kennisbasis op te bou oor die invloed van egskeiding op die laerskoolkind, asook die verwerking van die egskeiding by die laerskoolkind, met behulp van spelterapeutiese tegnieke en mediums.
Deur die bestudering van relevante literatuur is 'n grondige literatuurstudie van die effek wat egskeiding op die laerskoolkind het, die kind se vermoë om die egskeiding te verwerk en moontlike spelterapeutiese tegnieke en mediums wat benut kan word, gedoen. Hierdie kennis is benut tydens die spelterapie-sessies met die respondente. Die navorser kon dus die doelwit bereik.

Doelwit 2
Om 'n empiriese studie te doen om die laerskoolkind te help om die egskeiding met behulp van agt spelterapeutiese tegnieke te verwerk.

Met behulp van agt gestaltspelterapeutiese sessies met vyf laerskoolkinders, deur middel van gekontroleerde stimuli, kon die effek wat egskeiding wel op die laerskoolkind het, en die kind se verwerking van die egskeiding na aanleiding van Van der Merwe (1996:184) en Wallerstein (1983:230-243) se ses take van verwerking hanteer word. Die gevallestudies is bespreek waarin die agtergrond van elke kind, 'n kort opsomming van die inhoud van elke sessie en 'n evaluering oor die respondent se verwerking van die egskeiding beskryf is. Die doelwit is dus bereik.

Doelwit 3
Om aanbevelings van die waarneming van die assessering van die laerskoolkind se verwerking van egskeiding met behulp van spelterapeutiese tegnieke te maak, asook aanbevelings oor die benutting van gestaltspelterapie met die laerskoolkind se verwerking van egskeiding.

© University of Pretoria

Na aanleiding van die waarneming kon die navorser gevolgtrekkings en aanbevelings met betrekking tot die benutting van gestaltspelterapie met die verwerking van egskeiding deur die laerskoolkind maak. Samevattende gevolgtrekkings en aanbevelings word dus nou gedoen en sodoende is hierdie doelwit ook bereik.

5.3 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Die samevattende gevolgtrekkings word na aanleiding van Perls se lae van neurose, die assessering met behulp van die roosboomtegniek, asook die waarde van spelterapeutiese tegniek, en die verskillende take soos uiteengesit deur Van der Merwe (1996:184) wat aansluit by Wallerstein (1983:230-243) gemaak, oor die laerskoolkind se verwerking van die egskeiding.

5.3.1 PERLS SE LAE VAN NEUROSE

SINTETIESE LAAG
Hierdie laag word gekenmerk deur die vermyding van die werklike self as gevolg van verskeie konfliksituasies wat nie opgelos word nie. Dit is die navorser se mening dat daar by al vyf die respondente met aanname van die studie bewys is dat respondente met hierdie laag geïdentifiseer het. Al die respondente het met konflik rakende hulle ouers se egskeidingsituasie geworstel en kon dit nie deurtrek na die self toe nie.

FOBIESE LAAG
Hierdie laag word gekenmerk deur die weerstand wat die individu het om te wees wat hy kan wees. Dit is die navorser se mening dat in al vyf die respondente se gevalle daar wel van die fobiese laag gebruik gemaak was. Met behulp van die gestaltspelterapeutiese tegnieke en mediums wat in die studie gebruik is, kon die respondente gehelp word om die verwerking van die egskeiding suksesvol te bemeester.

IMPASSE LAAG
Hierdie laag word gekenmerk deurdat ondersteuning afgekeur word maar daar ook nie beter maniere gevind word om die vrese self te hanteer nie. Daar word duidelik in die empiriese ondersoek gesien hoe die respondente sukkel met die nodige hanteringsvaardighede. Gevolglik is die veilige plek en selfvertroetelingsaksie, onder andere, in plek gestel, wat die verwerking vir die respondente vergemaklik het.
EKSPLOSIEWE LAAG
Hierdie laag is wanneer daar agtergekom word dat die nuwe geëksperimenteerde gedrag suksesvol was. Daar kon met sukses gesien word hoe al vyf respondente hulle aangepas het by hulle omstandighede na afloop van die studie. Daar kan dus met vertroue aanvaar word dat die verskillende spelterapeutiese tegnieke en mediums, soos gebruik deur die navorser, suksesvol bygedra het tot die laerskoolkind se verwerking van die egskeidingsituasie.

5.3.2 ROOSBOOMTEGNIEK EN SPELTERAPEUTIESE TEGNIEK

© University of Pretoria

Die roosboomtegniek is 'n projeksietegniek wat deur die navorser gebruik is om as 'n voor- en natoets tot die studie te dien. Die emosionele groei wat by elke respondent plaasgevind het, kon duidelik gesien word, omdat die voor- en natoets met mekaar vergelyk is. Die roosboomtegniek, as 'n spelterapietegniek, is dus met sukses vir hierdie studie benut om die verwerking van egskeiding deur die laerskoolkind te bepaal.

Soos in die literatuurstudie beskryf en tydens die empiriese studie bevind is, kan dus aanvaar word dat kommunikasie met die laerskoolkind nie moontlik sou wees sonder spelterapeutiese tegnieke nie. Soos gesien is al die inligting deur middel van verskillende gestaltspelterapeutiese tegnieke verkry en hanteer.

Daar is deurlopend van twee vorme van spel gebruik gemaak, naamlik ontspanningspel en skeppende spel. In die skeppende spel is daar van vier verskillende mediums gebruik gemaak, naamlik teken, bibliospel, sandbak en klei. Daar is altesaam van sewe verskillende tegnieke, naamlik die roosboomtegniek, die huis-boom-mens tegniek, die ballonne van emosies, familie-tekening, padkaart-tegniek, monstertegniek en asemhalingstegniek gebruik gemaak, om aan die spesifieke doelwitte te voldoen.

Daar is ook gesien dat sommige kinders hulleself beter uitdruk deur van een medium gebruik te maak soos die sandbak. Gevolglik kan die spelterapeutiese sessies nie rigied nagevolg word nie, maar moet dit spontaan kan aanpas by elke kind se unieke proses en behoefte.

DIE SES TAKE SOOS UITEENGESIT DEUR VAN DER MERWE

TAAK 1: AANVAAR DIE REALITEIT VAN DIE HUWELIKSDISINTEGRASIE

Soos deur die respondente verbaal, maar ook in die hantering van hulle lewensomstandighede na die terapie, bevestig, is die navorser van mening dat al vyf respondente daarin kon slaag om die realiteit van die huweliksdisintegrasie te besef. Dit het wel vir sommige respondente meer as een spelterapeutiese sessie geneem om die realiteit te besit. Dit is vir die navorser duidelik dat elke respondent se unieke proses in ag geneem moet word.

TAAK 2: LEER OM OBJEKTIEF TE STAAN TEENOOR KONFLIK TUSSEN OUERS EN HERVAT EIE BELANG

Dit is die navorser se mening dat die respondente wel met behulp van gestaltspelterapie kon leer om meer objektief teenoor die konflik tussen die ouers te staan, behalwe in die een geval waar daar nie 'n hoë mate van konflik tussen die ouers teenwoordig was nie. Die respondent was nooit teenwoordig in die ouers se konfliksituasie nie. Dit maak dit dus soms onverstaanbaar vir die kind om die situasie te begryp en sukkel so 'n kind meer om die rede tot die egskeiding te begryp.

TAAK 3: HANTEER DIE VERLIESE WAT DEUR EGSKEIDING VEROORSAAK IS

© University of Pretoria

Die navorser is van mening dat die respondente deurlopend met die agt spelterapeutiese sessies gehelp is om die verliese wat deur die egskeiding veroorsaak is, in hul huidige lewensfase te hanteer. Daar was wel die uitsondering waar daar met een respondent 'n ekstra sessie nodig was. Daar kan dus met reg gesê word dat elke mens 'n unieke proses het, wat gevolg moet word.

Daar word veral verwys na die twee konsepte van 'n veilige plekkie en selfvertroeteling wat aan die respondente bekend gestel is. Spesifieke tegnieke soos die teken van ballonne met die verskillende emosies daarin, asook die verskillende soorte bibliospel wat gebruik is, is hier van toepassing. Die laerskoolkind het dus 'n wye veld van emosionele belewenisse wat hom toelaat om aan verskeie emosies uiting te gee.

TAAK 4: HANTEER GEVOELENS VAN WOEDE, SKULDGEVOELENS EN SELFVERWYT

By al vyf die respondente was woede sterk teenwoordig. Daar is verskeie tegnieke gebruik om die respondente te help om die woede te besit, onder andere die monstertegniek. Die respondente is ook gehelp om die woede op aanvaarbare metodes tot uiting te bring, met die reëls wat verbonde is aan woedehantering wat vir hulle geleer is. Dit wil tog voorkom asof veral seuns baie aggressief teenoor die toesighoudende ouer kan optree, maak nie saak of die toesighoudende ouer van die teenoorgestelde geslag is of nie.

Slegs een respondent het skuldgevoelens erken ten opsigte van die egskeiding. Daar is ondervind dat al vyf die respondente selfverwyt ervaar omdat hulle nie daarin kon slaag om hulle ouers te herenig nie.

TAAK 5: AANVAAR DIE PERMANENSIE VAN EGSKEIDING

By al vyf die respondente is genoegsame aanduidings gevind wat daarop dui dat hulle die egskeiding, na die terapiesessie, as 'n permanensie in hulle lewens aanvaar het. Tog is 'n algehele gevoel van hartseer en verwerping by die kinders teenwoordig.

Hier kan die roosboomtegniek, maar ook die padkaarttegniek wat gebruik is, as genoegsame bewys dien vir die aanvaarding van permanensie. Al vyf die respondente se voor- en natoetse dui op emosionele aanpassing wat plaasgevind het tydens terapie.

TAAK 6: ONTWIKKEL REALISTIESE HOOP OOR TOEKOMSTIGE VERHOUDINGS

Daar kan volgens die navorser aanvaar word dat by al vyf die respondente realistiese hoop oor toekomstige verhoudings ontwikkel het. By die vier respondente met wie die padkaarttegniek voltooi is, is die nie-teenwoordige ouer se huis met die huis waarin die kind woonagtig is, verbind. Kinders het dan ook aangedui dat die twee huise nou deel

© University of Pretoria

van hulle lewe vorm.

Die een respondent met wie daar nie van die padkaarttegniek gebruik gemaak is nie, omdat die vader vir lang tye verdwyn en nie met die respondent kontak gemaak het nie, is met behulp van bibliospel begelei om uiting te gee aan sy emosies en wense, en sodoende realistiese hoop vir die toekoms te skep. Die kinders het die egskeiding binne hierdie lewensfase verwerk. Dit mag wees dat verdere terapie tydens 'n volgende lewensfase nodig mag wees. Die ses stappe moet nie as 'n proses gesien word nie, aangesien die kinders nodig het om heen en weer daardeur te beweeg.

AANBEVELINGS

Na aanleiding van die gevolgtrekkings waartoe navorser na die studie gekom het, word die volgende aanbevelings gemaak:

BEWUSTHEID VAN OUERS

Die psigiese toestand van die toesighoudende ouer het 'n bepaalde effek op die kind se emosionele funksionering.
Vasgestelde besoektye is nodig en moet sover moontlik gehou word om konflik tot die minimum te beperk.
Ouers moet die skade van beloftes wat nie nagekom word nie, leer besef.
Egskeidingverwerking is 'n langtermynproses wat oor meer as een ontwikkelingstadium plaasvind. Verdere terapie tydens 'n volgende lewensfase mag dus nodig wees.

OPLEIDING VAN SPELTERAPEUTE

Die opleiding van meer spelterapeute is nodig ten einde hulle in staat te stel om met verskillende tegnieke van gestaltspelterapie kinders uit verskillende ontwikkelingstadiums behulpsaam te wees met die verwerking van egskeiding.

Vanweë die groot getal egskeidings is Suid-Afrika, behoort opleiding van terapeute in die hantering van egskeiding en tegnieke om kinders behulpsaam te wees met die verwerking van egskeiding groter klem te ontvang.

BENUTTING VAN SPELTERAPIETEGNIEKE

Daar behoort meer aandag gegee te word aan die opleiding van lede van die multi-dissiplinêre span om die praktiese spelterapietegnieke doeltreffend met kinders te benut. Tegnieke behoort ook meer gebruik te word om die nodige vordering te meet, om sodoende te bepaal of kommunikasie en terapie met die kind suksesvol was al dan nie.

© University of Pretoria

5.4.4 NAVORSING

Ten opsigte van toekomstige navorsing word aanbeveel dat die volgende hipotese en navorsingsvraag getoets word.

Indien die kind wat deur 'n egskeiding geraak word oor twee of meer ontwikkelingstadiums begelei word met gestaltspelterapie, sal die emosionele skade tot die minimum beperk wees.
Watter tegnieke sal benut kan word om die kleuter en die adolessent te begelei met die verwerking van egskeiding?

EVALUERING VAN DIE NAVORSINGSVRAAG

Die navorsingsvraag was: kan 'n laerskoolkind die egskeiding verwerk deur middel van spelterapeutiese tegnieke?

Daar kan aanvaar word dat die navorsingsvraag beantwoord is, deurdat daar met die bereiking van die doelstelling en doelwitte bewys is dat die laerskoolkind wel die egskeiding binne sy ontwikkelingsfase met behulp van spelterapeutiese tegnieke kon verwerk.

SLOTOPMERKING

Die doel van die studie was om 'n beskrywende studie na die effek wat egskeiding op die laerskoolkind het te doen. Die studie poog om na aanleiding van die bevindinge bepaalde aanbevelings te maak ten opsigte van hipoteses wat tydens verdere navorsing getoets kan word.

BIBLIOGRAFIE

ALLAN, J & CLARK, M. 1984. Directed aet counseling. Elementary School Guidance and Counseling, 19(2):166-124.

ALLEN, T. 1995. Will kids buy abstance? Education Digest, 60(50), January: 4-7.

ALLERS, R.D. 1981. Helping Children Understand Divorce. The Education Digest, March.

ARONSTAM, M. 1989. Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag. Southern Boekuitgewers.

AXLINE, V. 1993. Play Therapy. New York. Ballantine Books.

BABBIE, E. 2001. The practice of social research. 9th ed. Belmont: Wadsworth.

BAILEY, K.D. 1987. Methods of social research. New York: The Free Press.

© University of Pretoria

BENOKRAITIS, N.V. 2002. Marriage and families. Changes, choices and constraints. 4th ed. New Jersey: Prentice Hall.

BERG-CROSS, L. 2000. Basic concepts in family therapy: An introductory text. New York: The Haworth Press.

BERK, L.A. 1997. Child Development. Library of Congress Cataloging-in-Publication Data.

BLACK, A.E. & PEDRO-CARROLL, J. 1993. Role of Parent-Child Relationship in Mediating the Effects of Marital Disruption. Journal of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry, Vol, 32. 1019-1026.

BLAIKIE, N. 2000. Designing social research. Cambrige: Polity Press.

BOGOLUB, E.B. 1995. Helping families through divorce. An electic approach. New York: Springer Publishing Company, Inc..

BROWN, C. 1994. The impact of divorce on families. The Australian Experience. Family and Conciliation courts review. Vol. 32. No 2. 149-167.

BROWN, L.K. & BROWN, M. 1986. Dinosaurs divorce. Printed in the United States of America.

BROWN, J.H., PORTES, P.R. & CHRISTENSEN, D.A. 1989. Understanding Divorce Stress on Children: Implications for Research and Practice. American Journal of Family Therapy, Vol. 17, No.4. 315-325.

BUTLER, I., SCANLAN, L., ROBINSON, M., DOUGLAS, G & MARCH, M. 2003. Divorcing Children. London. Jessical Kingsley Publisher Ltd.

CANTELL, R.G. 1986. Adjustment of divorce, three components to assist children. Elementary School Guidance & Counseling. 163-171.

CASEY, H. 1991. Children and Divorce. Journal of The Home Economics Association of Australia, XXIII. 100-102.

CLAPP, G. 1992. Divorce and new beginnings. New York: John Wiley and Sons.

COHEN, M. 2001. Research methods in education. 5th ed. United States: Addison-Wesley Education Publisher.

COLE, B. 1997. The Un-Wedding. Library of Congress Cataloging-in-Publication Data.

CONNELL, H.M. 1988. Effect of family break-up and parent divorce on children. Australian Peadiatr. J. 24. 222-227.

© University of Pretoria

CLARK, J.A. 1999. Focus on Kids: The Effects of Divorce on Children.
Http://w.w.w.classbrain.com/artread/pulish/article.
Toegang op 2004/10/30

CONEY, G. 1990. Theory and Practice of Group Counseling. 3rd ed. California: Brooks/Cole.

CRESWELL, J.W. 2002. Research design, qualitative, quantitative and mixed methods approaches. Second edition. Thousand Oaks: Sage Publications.

CYR, B. 1998. Divorce and its Effects on Children.
Http://w.w.w.umm.maine.edu
Toegang op 2002/09/16

CUMMINGS, M., DAVIES, P.T. & CAMPBELL, S.B. 2001. New Research Perspectives Understanding the impact of marital conflict on children.
Http://w.w.w.childresearch.net.
Toegang op 2002/09/16

DAVIS, L. 1996. Becoming the parent you want to be. New York: Bantam Doubleday Dell.

DELPORT, J. 2001. 'n Maatskaplikewerk-bemagtigingsprogram vir ouers en kinders geraak deur egskeiding. Potchefstroom: Potchefstroomse University vir C.H.O. (Verhandeling).

DE VOS, A.S. 2002. Research at Grass Roots. Pretoria: Van Schaik Publishers.

DU TOIT, S.J. & KRUGER, N. 1991. Die kind: 'n Opvoedkundige perspektief. Durban: Butterworths.
ELOFF, F. 2003. Alles-in-een: My werkboek. Pretoria: Best Books.

FELNER, R.D., FARBER, S.S. & PRIMAVERA, J. 1980. Prevention in Mental Health, research, policy and practice. Library of Congress Cataloging-in-Publication Data.

FOUCHÉ, C.B. 2002. Research strategies. Introduction to the research proscess. In Research at grass roots. Edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Delport, C.S.L. Second edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.

FOUCHE,C.B. & DELPORT, S.C.L. 2002. Introduction to the research process. In Research at Grass Roots. Edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Second edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.

GELDARD, K. & GELDARD, D. 2002. Counseling Children. A Practical Introduction. London. Sage Publications Ltd.

GRINNELL, R.M. 1997. Social Work Research and Evaluation. Illinois: F.E. Peacock.

© University of Pretoria

GROENEWALD, E.M. 1997. Gestaltspelterapie met die adolessent in 'n egskeidingsituasie: 'n Maatskaplike werk perspektief. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

HEPWORTH, D.H. & LARSEN, J.A. 1982. Direct Social Work Practice. Theory and Skills. Chicago: Dorsey Press.

HESS, R.D. & CAMARA, K.A. 1979. Post-Divorce Family Relationships as Mediating Factors in the Consequences of Divorce for Children. Journal of Social Issues, Vol. 35 Nr. 4. 79-96.

HOMEYER, L.E. & SWEENEY, D.S. 1998. Sandtray: A Practical Manual. 731 Hilltop Drive Canyon Lake. Lindan Press.

HUGHES, R. 1996. The Effects of Divorce on Children. Http://w.w.w.heo.ohio-state.edu/famlife/divorce/effect.htm.

HUSS, E.M. & O'CONNOR, T.J. 1995. The Broken Balloon: A Metaphor for Divorce. Journal of Divorce & Remarriage, Vol. 23 (1/2).

JOHNSTON, J.R., BREUNIG, K., GARRITY, C. & BARIS, M. 1997. Through the eyes of children. Library of Congress Cataloging-in-Publication Data.

JOHNSTON, J.R. & ROSEBY, V. 1997. In the name of the child. The Free Press.

KELLY, J.B. 2001. After a loss, kinds needs tot mourn – and reassured. U.S. News & World Report, 130: 51-52.

KELLY, J.B. & WALLERSTEIN, J.S. 1976. The Effects of Parental Divorce: Experiences of the child in early latency. Amer Journal Orthopsychiatry, Vol 46(1). 21-31.

KOEPPEN, A.S. 1993. Play Therapy Techniques. Library of Congress Cataloging-in-Publication Data.

LABOWSKI, M. 1995. Waarom wil pa en ma skei? Kaapstad: Lux Verbi.

LEE, M. 1997. Post-Divorce Interparental Conflict, Children's Contact with Both Parents, Children's Emotional Processes, and Children's Behavioral Adjustment. Journal of Divorce & Remarriage, Vol. 27 (3/4). 61-85.

Louw, D.A. (Redakteur), VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. 2002. Menslike Ontwikkeling. 3 de uitgawe. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

LOUW, D.A. & EDWARDS, D.J.A. 1993. Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suid-Afrika. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

© University of Pretoria

MALCHIODI, C.A. 1998. Understanding Children's Drawings. New York: The Guilford Press.

MARTIN, A. 1998. Divorce and its impact on children. Nevada Outpost. http://www.jour.unl.edu/outpost.
Toegang op 2004/07/06

MC GHEE. 2001-2004. Parenting with your ex.
http://www.divorceandchildren.com
Toegang op 2005/01/22

NEUMAN, M.G. 1998. Helping your kids cope with divorce, the sandcastles way. Library of Congress Cataloging-in-Publication Data.

NEUMAN, W.L. 1997. Social Research Methods. Qualitative and Quantitative Approaches. Third edition. Boston: Allyn & Bacon.

NEUMAN, W.L. 2000. Social Research Methods. Qualitative and Quantitative Approaches. 4th ed. Boston: Allyn & Bacon.

OAKLANDER, V. 1988. Windows to Our Children. A Gestalt Therapy Approach to Children and Adolescents. New York: The Gestalt Journal Press.

OAKLANDER, V. 1994. Play Therapy in Action: A casebook for Practitioners. Northdale: Jason Aronson Inc.

OPPAWSKY, J. 1991. The Effects of Parental Divorce on Children in West Germany: Emphasis: From the View of the Children. Journal of Divorce and Marriage, Vol.16. 291-303.

PERLS,F., HEFFERLLINE, R & GOODMAN, V. 2003. Gestalt Therapy. Excitement and Growth in the Human Personality. London. Souvenir Press Ltd.

PLEASANT-METCALF, A.M. & ROSAL, M.L. 1997. The use of art therapy to improve academic performance. Art Therapy: Journal of the American Art Therapy Association, 14(1). 23-29.

PORTER, C. 1983. Spelterapie met die sorgbehoewende kind. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling).

PRUET, K.D. 1999. “Only God Decides”: Young Children's Perceptions of Divorce and the Legal System. Journal of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry.

SADOCK, B.J. & SADOCK, V.A. 2003. Synopsis of Psychiatry. Philadelphia: USA. Lippincott Williams & Wilkins.

SAMMONS, W.A. 2001. Helping chidren survive divorce. Contemporary Pediatrics,

© University of Pretoria

March.

SCHAEFER, C.E. & CANGELOSI, D.M. 1993. Play Therapy Techniques. Library of Congress Cataloging-in-Publication Data.

SCHOEMAN, J.P. 1996. The use of play thechiques when counseling young children in a divorce situation. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. Entering the child's world: A Play Therapy Approach. Pretoria: Kagiso Publishers.

SCHOEMAN, J.P. 2000. Advanced course in play therapy notes and reading material. Wellington: Centre for play therapy and training. Hugenote Kollege.

SCHOEMAN, J.P. 2003. Persoonlike onderhoud. Windhoek.

SINGER. 1993. Playing for their lives. Helping troubled children through play therapy. New York. The Free Press.

SMITH, C.M. 1982. Leer die kind ken: Riglyne vir die maatskaplike werker. Pretoria: Academica.

SPIGELMAN, G. & SPIGELMAN. A. 1991. Hostility, Aggression and Anxiety Levels of Divorce and Nondivorce Children as Manifested in Their Responses to Projective Tests. Journal of Personality assessment, 56(3). 438-452.

STATISTIEK – SUID AFRIKA. 1990. Huwelike en egskeidings. Pretoria: Staatsdrukker.

STEWARD, A.J., COPELAND, A.P., CHESTER, N.L., MALLEY, J.E. & BARENBAUM, N.B. 1997. Separating together. How divorce transforms families. New York: The Guilford Press.

STRYDOM, H. 2002. The pilot study. In Research at Grass Roots. For the Sciences and Service Progressions. Edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Second edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.

STRYDOM, H. & VENTER, L. 2002. Sampling and sampling methods. In Research at Grass Roots. For the Sciences and Service Progressions. Edited by De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Second edition. Pretoria: Van Schaik.

TAYLOR. R.J. 2001. Listening to the children: Children of divorce speak out about their parents. Journal of Divorce & Remarriage, 35(1/2):147-153.

THOMPSON, C.L. & RUDOLPH, L.B. 1996. Counseling Children. Library of Congress Cataloging-in-Publication Data.

TRALLE, M. 1995. Effects of Divorce on Children.
Http://w.w.w.extension.umn.edu

© University of Pretoria

Toegang op 2003/08/13

TURNER, J.S. & HELMS, D.B. 1987. Lifespan Davelopment. Library of Congress Cataloging-in-Publication Data.

VAKTAALKOMITEE VAN MAATSKAPLIKE WERK, 1995. Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk. Kaapstad: CTP.

VAN DER MERWE, M. 1996. The use of play thechiques when counseling young children in a divorce situation. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. Entering the child's world: A Play Therapy Approach. Pretoria: Kagiso Publishers.

VAN DER MERWE, M. 2003. Telefoniese onderhoud. Privaat praktisyn. Kaapstad.

VAN NIEKERK, M. 1998. Monster Busting. Pretoria. Unisa Press, University of South Africa.

VAN STADEN, S. 1987. My huwelik het misluk. Kaapstad: Owen Burgess.

VAN STADEN, S.M. 1992. Om heel te word. Huweliks- en egskeidingsberaad vanuit 'n gesinsperspektief. Pretoria: De Jager/Haum.

VILJOEN, A. 2001. Gestaltspelterapie met die laerskoolkind in 'n egskeidingsituasie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Mini-verhandeling).

WALLERSTEIN, J.S. 1983. Children of divorce: The psychological tasks of the child. American Journal of Orthopsychiatry, 53(2): 230-243.

WENTZEL, A & DU TOIT, D. 1995. Egskeiding, 'n werkboek vir ouers en hulle kinders tydens 'n egskeiding. Psychologia Communique.
WEST, J. 1996. Child-centred play therapy. 2nd ed. London: Arnold.

WILLIAMS, M., TUTTY, L.M. & GRINELL, R.M. 1995. Research in Social Work. 2nd ed. USA: Peacock Publishing Co.

WOOD, J. 1981. The Effects of Divorce on Children.
Http://w.w.w.bol.ucla.edu
Toegang op 2003/08/13

YONTEF, G.M. 1993. Gestalt Therapy: An Introduction. The Gestalt Journal Press.

YONTEF, G.M. & SIMKIN, J.S. 1989. Current Psychotherapies. Fourth Edition. Itasca, Illinois: F.E. Peacock Publishers, INC.

© University of Pretoria